# EVALUERING VAN DIE EFFEKTIWITEIT VAN DIE VAARDIGHEIDSPROGRAM SOOS AANGEBIED DEUR MAATSKAPLIKE WERKERS IN 'N GEVANGENIS.


**DEUR**

**HELENA GLOUDINA DU TOIT**


**VOORGELê TER VOLDOENING AAN DIE VEREISTES**

**VIR DIE GRAAD**

**MAGISTER ARTIUM IN MAATSKAPLIKE WERK**

**IN DIE VAK**

**MAATSKAPLIKE WERK**

**AAN DIE UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA**

**STUDIELEIER: DR KJ COLLINS**

**MEDE-STUDIELEIER: PROF. WF VAN DELFT**

**OKTOBER 2002**


0001867202

# ERKENNINGS

- Dr KJ Collins vir haar geduld, leiding en aanmoediging.
- Prof. W.F. van Delft vir sy professionele insette en leiding.
- Die Departement van Korrektiewe Dienste vir die geleentheid om navorsing te kon doen.
- Die proefeprsone wat aan hierdie studie deelgeneem het.
- My kollegas wat behulpsaam was met programaanbieding.
- Ellmari Boshoff, Seugnet Steyn en Aretha Minnaar vir die netjiese tikwerk en oneindige geduld met die rekenaar.
- My kinders vir hul begrip.
- Die Departement Statistiek van Unisa vir die verwerking van die resultate.
- Soli deo gloria!



365.660968 DUTO

UNISA LIBRARY
18 OCT 2006
CLASS
ACCESS

0001867202

## ABSTRACT

The goal of this research is to evaluate whether a personal and social skills program can effectively be implemented by social workers in a prison.

A control- and experimental group were used in a quasi-experimental design. The respondents were twenty-four white, male, sentenced prisoners in Pretoria Central Prison.

The Heimler scale for social functioning and the Hudson-scale for family relations are the standard questionnaires, which were utilised to measure results during the pre-testing and post-testing phase. All twenty-four respondents completed the scales during the pre- and post-testing phase.

The Wilcoxon t-test and Mann-Whitney U-test were used for statistical purposes. A computer was used to process data.

Both measurement scales confirmed positive results. The independent variable, that is, the personal and social skills program had an effect in the desired direction on respondents in the experimental group. The Hudson-scale for interpersonal relationships, however, showed more dramatic results.

The results for the control group, showed noticeable decline in both social functioning of the respondents as well as experience of family relationships.

**Key concepts:**

Social skills, social skills training, program evaluation, experimental research design, social learning theory.

Die resultate van die proefpersone in die kontrole groep, het merkbare agteruitgang getoon op beide skale.

**Sleutelterme:**

Sosiale vaardighede, sosiale vaardigheidsopleiding, program-evaluering, eksperimentele navorsingsontwerp, sosiale leerteorie.

# INHOUDSOPGAWE

## HOOFSTUK I : ORIëNTERENDE INLEIDING


| | | |
|---|---|---|
| 1 | Probleemstelling | 1 |
| 1.1 | Die missie van die Departement van Korrektiewe Dienste | 1 |
| 1.2 | Maatskaplike werk dienslewering | 2 |
| 1.3 | Maatskaplike werk dienste in die Departement van Korrektiewe Dienste | 3 |
| 1.4 | Werkswyse van maatskaplike werkers in 'n gevangenis | 4 |
| | | 5 |
| 2. | Motivering vir hierdie studie | |
| 2.1 | Noodsaaklikheid van programevaluering vir die maatskaplike werk professie | 5 |
| 2.2 | Die onafhanklike veranderlike: Die Persoonlike-en Sosiale vaardigheidsprogram (PSVP) | 5 |
| 2.3 | Rehabilitasie en wetsoortreders | 6 |
| 3. | Doelstelling | 10 |
| 4. | Hipoteses | 10 |
| 5. | Die navorsingsontwerp | 10 |
| 6. | Begripsomskrywings | 11 |
| 6.1 | Die begrip : Interpersoonlike (sosiale) vaardighede | 11 |
| 6.2 | Die begrip : Interpersoonlike(sosiale) vaardigheids-opleiding | 15 |
| 6.3 | Die begrip : Program | 18 |
| 6.4 | Die begrip : Programevaluering | 19 |
| 6.5 | Die begrip: Maatskaplike funksionering | 19 |
| 7. | Gebreke en beperkinge | 20 |
| 8. | Aanbieding van die inhoud | 21 |


## HOOFSTUK II: NAVORSINGSWYSE


| | | |
|---|---|---|
| 1. | Inleiding | 22 |
| 2. | Doelstellinge van navorsing | 23 |
| 3. | Metode van waarneming | 24 |
| 3.1 | Eksperimentele ontwerpe | 24 |
| 3.2 | Die kwasi-eksperimentele ontwerp | 25 |
| 4. | Die universum | 27 |
| 5. | Steekproeftrekking | 28 |
| 5.1 | Omskrywing | 28 |
| 5.2 | Tipes steekproeftrekking | 28 |

| | | |
|---|---|---|
| | | 30 |
| 6. | Ewekansige toewysing | 31 |
| 7. | Meetinstrumente | 32 |
| 7.1 | Geïndividualiseerde beoordelingskale | 32 |
| 7.2 | Gestandardiseerde vraelyste | 35 |
| 8. | Die Heimler-skaal vir maatskaplike funksionering(HSMF) | 42 |
| 8.1 | Agtergrond | 42 |
| 8.2 | Gebruike van die skaal | 42 |
| 8.3 | Voltooing van die skaal | 43 |
| 8.4 | Nasien en interpretering van die skaal | 44 |
| 8.5 | Geldigheid en betroubaarheid | 46 |
| 9. | Die Hudson-skaal vir gesinsverhoudinge | 47 |
| 9.1 | Agtergrond | 47 |
| 9.2 | Nasien en merk van die skaal | 47 |
| 9.3 | Interpretering van die skaal | 49 |
| 10. | Analise van data | 50 |
| 10.1 | Beskrywende en inferensiële statistiek | 50 |
| 10.2 | Statistiese beduidendheid | 51 |
| 10.3 | Parametriese- en nie-parametriese toetse | 53 |
| 10.4 | Tweekantige toetse | 54 |
| 10.5 | Die nul-hipotese | 55 |
| 10.6 | Die Mann Whitney U-Toets vir twee nie-verwante groepe | 55 |
| 10.7 | Die Wilcoxon toets vir afgepaarde gegewens | 58 |
| 10.8. | Metings van sentrale neigings | 60 |
| 11. | Opsommend | 62 |

**HOOFSTUK III: LITERATUUROORSIG: PROGRAMEVALUERING**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Inleiding | 63 |
| 2. | Omskrywing | 63 |
| 3 | Agtergrond en geskiedenis van programevaluering | 64 |
| 4. | Doelstellings van programevaluering | 67 |
| 5. | Opsommend | 70 |

**HOOFSTUK IV: LITERATUUROORSIG: DIE GEVANGENIS**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Inleiding | 72 |
| 2. | Die Gevangenisopset | 72 |
| 2.1 | Doel van die Departement van Korrektiewe Dienste | 72 |
| 3. | Die gevangenisgemeenskap | 73 |
| 4. | Die ontstaan en ontwikkeling van 'n gevangenis-subkultuur | 74 |
| 4.1 | Deprivasie | 74 |
| 4.2 | Invloed van die gevangenissub-kultuur op gevangenes | 79 |
| 4.3 | Onrus, opstande en geweld | 82 |

4.4 Bendes 85

5. Die programbenadering binne die Departement van Korrektiewe Dienste 86
5.1 Ontstaan en ontwikkeling 86
5.2 Die proses 88
5.3 Tipe programme 88

6. Opsommend 89

**HOOFSTUK V: LITERATUUROORSIG: KRIMINELE GEDRAG**

1. Inleiding 92

2. Benaderinge tot kriminele gedrag 92

3. Kriminolgiese teorië 94
3.1 Enkele teorieë 94
3.2 Sosiologiese teorieë 98
3.2.1 Sosialisering en sosiale leerteorieë 99
3.3 Sielkundige teorie 102
3.3.1 Behavioristiese en leerteorieë van misdaad 102
3.3.2 Albert Bandura: Sosiale leer 109

4. Opsommend 113

**HOOFSTUK VI: RESULTATE VAN DIE EMPIRIESE STUDIE**

1 Inleiding 116

2. Identifiserende besonderhede van proefpersone 116
2.1 Ouderdomme van proefpersone 117
2.2 Huwelikstatus van proefpersone 118
2.3 Aard van misdaad 119
2.4 Lengte van vonnis 119
2.5 Kwalifikasies 121
2.6 Aantal kinders van proefpersone 122
2.7 Misdaadgeskiedenis van proefpersone 123

3. Statistiese beduidendheid 124
3.1 HSMF: PGP van die eksperimentele- en kontrole groepe tydens voormeting 124
3.2 Die Mann-Whitney toets op die HSMF 125
3.3 Die Hudson-skaal: Voormetings van beide steekproewe 126
3.4 Die Mann-Whitney toets op die Hudson-skaal vir gesinsverhoudinge 128

4. Resultate van toetse vir statistiese beduidendheid: 129

5. Vergelykende resultate 129
5.1 HSMF: Eksperimentele groep: Voor- en nametings. 130
5.2 Die Wilcoxon-toets op die HSMF: Eksperimentele groep 131
5.3 HSMF: Kontrole groep: Voor- en nameting 132
5.4 Die Wilcoxon toets vir afgepaarde gegewens op die HSMF: Kontrole groep 134

| | | |
|---|---|---|
| 5.5 | Die Hudson-skaal vir gesinsverhoudinge: Eksperimentele groep: Voor- en na-meting | 135 |
| 5.6 | Die Wilcoxon toets vir afgepaarde gegewens op die Hudson-skaal: Eksperimentele groep | 137 |
| 5.7 | Die Wilcoxon-toets vir afgepaarde gegewensop die Hudson skaal: Kontrole groep | 138 |
| 6. | HSMF: Verspreiding van response: Eksperimentele groep tydens voor- en na-meting | 139 |
| 7. | HSMF: Verspreiding van response: Kontrole groep tydens voor- en na-meting | 142 |
| 8. | Resultate van hierdie studie volgens die waardes vir sentrale neigings | 144 |
| 8.1 | Die mediaan: HSMF: Eksperimentele- en kontrole-groepe | 144 |
| 8.2 | Gemiddeldes: HSMF van die eksperimentele- en kontrole-groepe | 146 |
| 8.3 | Die Mediaan: Hudson-skaal: Eksperimentele- en kontrole-groepe | 147 |
| 8.4 | Gemiddeldes: Hudson-skaal: Eksperimentele- en kontrole-groepe | 149 |
| 9. | Opsommend | 151 |

**HOOFSTUK VII: GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGE**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Inleiding | 152 |
| 2. | Gevolgtrekkinge | 152 |
| 3. | Aanbevelinge | 158 |

**BRONNELYS** 165

**LYS VAN BYLAES**

| | |
|---|---|
| Bylae A | Die Persoonlike-en Sosiale vaardigheidsprogram(PSVP) |
| Bylae B | Vraelys |
| Bylae C | Heimler-skaal vir maatskaplike funksionering |
| Bylae D | Hudson-skaal vir gesinsverhoudinge |

**LYS VAN FIGURE**

| | | |
|---|---|---|
| Figuur 1 | Ouderdomme van proefpersone in die eksperimentele- en kontrole groepe. | 117 |
| Figuur 2 | Huwelikstatus van proefpersone in die eksperimentele-en kontrole groepe. | 118 |
| Figuur 3 | Aard van misdade van proefpersone in die eksperimentele- en kontrole groepe | 119 |
| Figuur 4 | Vonnistydperk van proefpersone in die eksperimentele- en kontrole groepe | 120 |

| | | |
|---|---|---|
| Figuur 5 | Kwalifikasies van proefpersone in die eksperimentele- en kontrole groepe | 121 |
| Figuur 6 | Aantal kinders van proefpersone iin die eksperimentele- en kontrole groepe | 122 |
| Figuur 7 | Misdaadgeskiedenis van proefpersone in die eksperimentele- en kontrole groepe | 123 |
| Figuur 8 | HSMF: Mediaan van beide steekproewe | 145 |
| Figuur 9 | HSMF: Gemiddeldes van beide steekproewe | 147 |
| Figuur 10 | Hudson-skaal: Mediaan van beide steekproewe | 148 |
| Figuur 11 | Hudson-skaal: Gemiddeldes van beide steekproewe | 150 |


## LYS VAN TABELLE


| | | |
|---|---|---|
| Tabel 7.1 | Voormeting: HSMF: PGP van die eksperimentele- en kontrole groepe tydens voormeting | 124 |
| Tabel 7.2 | HSMF: Gemiddeldes van die eksperimentele- en kontrole groepe tydens voormeting | 126 |
| Tabel 7.3 | Hudson-skaal: Tellings van die eksperimentele- en kontrole-groepe tydens voormeting | 127 |
| Tabel 7.4 | Hudson-skaal: Gemiddeldes van beide steekproewe | 128 |
| Tabel 7.5 | HSMF: Voormeting en nameting: Eksperimentele groep | 130 |
| Tabel 7.6 | HSMF: Gemiddelde omvang:Eksperimentele groep | 132 |
| Tabel 7.7 | HSMF: Voormeting en nameting: Kontrole groep | 133 |
| Tabel 7.8 | Gemiddelde omvang: HSMF: Kontrole groep | 134 |
| Tabel 7.9 | Hudson-skaal: Eksperimentele groep: Voor- en nametings | 135 |
| Tabel 7.10 | Hudson-skaal: Gemiddelde omvang: Eksperimentele groep | 137 |
| Tabel 7.11 | Hudson skaal: Voor- en nameting: Kontrole groep | 138 |
| Tabel 7.12 | Hudson-skaal: Gemiddelde omvang: Kontrole groep | 139 |
| Tabel 7.13 | HSMF: Verspreiding van response: Eksperimentele groep: Voor-en nametings | 140 |
| Tabel 7.14 | HSMF: Verspreiding van response: Kontrole Groep: Voor- en nametings | 142 |
| Tabel 7.15 | HSMF: Mediaan van beide steekproewe | 146 |
| Tabel 7.16 | HSMF: Gemiddeldes van beide steekproewe | 147 |
| Tabel 7.17 | Hudson-skaal: Mediaan van beide steekproewe | 148 |
| Tabel 7.17 | Hudson-skaal: Gemiddeldes van beide steekproewe | 149 |


0001867202

# HOOFSTUK I

## ORIëNTERENDE INLEIDING:

### 1. PROBLEEMSTELLING:

### 1.1 DIE MISSIE VAN DIE DEPARTEMENT VAN KORREKTIEWE DIENSTE:

Die Wet op Gevangenisse (Wet 8 van 1959), artikel 2(a) en (b) wys die volgende werksaamhede aan die Departement van Korrektiewe Dienste toe:

"A) Veilige bewaring van die gevangene ..........................

B) Om sover doenlik, sodanige behandeling op veroordeelde gevangenes toe te pas as wat tot hul verbetering en rehabilitasie mag lei................"

Om bogenoemde doelwitte te bereik, word 'n programbenadering sedert 1988 deur die Departement van Korrektiewe Dienste gevolg. (Nexus, 1991:33). Die implementering van effektiewe maatskaplike werk programme in gevangenisse, kan dus die doelwit van rehabilitasie ondersteun.

Neser (1989:44) bevestig dat gevangenisstraf nie net die beskerming van die gemeenskap, afskrikking van ander en vir die gestrafde, vergelding insluit ook nie. Maar ook die verbetering van die misdadiger insluit.

In die lig van die toenemende misdaad in die Suid-Afrika kan die implementering van rehabilitasieprogramme met wetsoortre-ders 'n moontlike rol speel in misdaadvoorkoming. Die hoë misdaadsyfer in Suid-Afrika is welbekend, en ten spyte van verskeie toesprake en

strategieë van die politici, neem misdaad met rasse skrede toe in Suid-Afrika.

Hierdie studie het ten doel om die effektiwiteit van 'n Persoonlike-en- Sosiale vaardigheidsprogram (PSVP), soos deur maatskaplike werkers aangebied, te evalueer. Deur hierdie navorsing kan dus bepaal word, of die PSVP 'n bydrae lewer tot die taak van rehabilitasie wat aan die Departement van Korrektiewe Dienste opgedra is.

## 1.2 MAATSKAPLIKE WERK DIENSLEWERING:

Maatskaplike werk is 'n professionele aktiwiteit wat daarop gerig is om individue, groepe of gemeenskappe te help om hul kapasiteit vir maatskaplike funksionering te verhoog, te herstel en om omgewingsomstandighede te skep wat bydra tot bogenoemde doelstellinge. (Hepworth 7 Larsen, 1993:3)

Genoemde outeurs omskryf die doel van maatskaplike werk as:

- Om mense te help om hul bevoegdhede uit te brei asook om probleemoplossende vaardighede en "coping" vaardighede te verhoog;
- Om mense te help om hulpbronne te benut;
- Om organisasies responsief te maak vir mense;
- Om interaksie tussen individue en andere in hul omgewing te fasiliteer;
- Om interaksies tussen organisasies en instellinge te beïnvloed;
- Om maatskaplike en politieke omgewingsbeleid te beïnvloed.

## 1.3 MAATSKAPLIKE WERK DIENSTE IN DIE DEPARTEMENT VAN KORREKTIEWE DIENSTE:

Die visie van die maatskaplike werk dienste in die Departement van Korrektewe dienste is persone wat toegerus is met vaardighede wat maatskaplike funksionering verhoog. Die missie is om oortreders toe te rus met die nodige maatskaplike funksioneringsvaardighede wat hulle in staat sal stel om te herintegreer met hul maatskaplike omgewing en by te dra tot gemeenskaps beskerming, -stabiliteit en -ontwikkeling.

Volgens die Wet op gevangenisse is rehabilitasie van gevangenes deel van die missie en doelwit van die Departement van Korrektiewe Dienste. Die maatskaplike werk afdeling is volgens die programbenadering verantwoordelik vir die implementering van 'n dwelm-, alkohol- en ontslagvoorbereidingsprogram. Aanvanklik was die PSVP die verantwoordelikheid van die sielkundige afdeling. Waarskynlik as gevolg van die afwesigheid van sielkundige dienste, is die program deur maatskaplike werkers aangebied. Dit is nie duidelik hoe bepaal is waarom maatskaplike werkers te PSG die program moet aanbied nie.

Geen formele beleidsriglyne met betrekking tot die effektiwiteit en impak van maatskaplike werk programme, of enige van die ander een-en-twintig programme op die kliëntsissteem, naamlik gevonniste gevangenes, bestaan in die Departement van Korrektiewe Dienste nie. (Lt. Kol. Van Aswegen - Direkteur Maatskaplike werk dienste)

Weens personeeltekorte kan die ideaal naamlik 'n interdissiplinêre spanbenadering nie gevolg word in die aanbieding van programme nie. Die PSVP word deur twee maatskaplike werkers te

Pretoria Sentraal Gevangenis aangebied. (Lt. Kol. Rita Marx - Hoof Maatskaplike werk dienste - Pretoria Bevelsarea.)

Die PSVP is dus ontwikkel om deur kliniese sielkundiges aangebied te word, en is dit noodsaaklik om te evalueer of maatskaplike werkers so 'n program effektief kan aanbied.

## 1.4 WERKSWYSE VAN MAATSKAPLIKE WERKERS IN 'N GEVANGENIS:

Die B-Order, Wet op gevangenisse en Prosedure handleiding vir Maatskaplike werkers stel breë riglyne vir die werkswyse van maatskaplike werkers binne die Departement van Korretiewe dienste. Daar word sover moontlik gepoog om eenvormigheid te bereik ten opsigte van werkwyses. Dit kan egter gebeur dat die toewysingstelsels van gevangenes verskil van gevangenis tot gevangenis. (Lt-kol. Vic Van Aswegen, Direkteur : Maatskaplike Werk Dienste)

Die B-Order bepaal dat gekeurde gevangenes aan maatskaplike werkers toegewys word. By Pretoria Bevelsarea word alle gevangenes egter aan maatskaplike werkers toegewys en blootgestel aan 'n eerste-vlak assesering. Hiervolgens word die behandelingsvatbaarheid van 'n gevangene bepaal. Indien die gevangene geïdentifiseer word as 'n gunstige prognose, word daar verdere bemoeienis gemaak. 'n Meer volledige assesering volg waarna 'n behandelingsprogram opgestel word. Die gevangene se naam word op 'n waglys geplaas vir inskakeling by sekere program, byvoorbeeld die PSVP.

Ongeveer tien gevangenes word gekeur vir inskakeling by die program. Geen kriteria bestaan vir inskakeling by die program nie. Op informele vlak evalueer die aanbieders hoofsaaklik volgens die profieldatum en motivering van die gevangene. Die

profieldatum is die datum waarop die gevangene oorweeg word vir parolering, met ander woorde hoe nader 'n gevangene se profieldatum is, hoe groter is die kanse vir insluiting by die program. (Lt. Kol. Rita Marx - Hoof: Maatskaplike werk Dienste: Pretoria Bevelsarea)

Twee PSVP's word per jaar aangebied deur twee maatskaplike werkers. Wanneer die program aangebied gaan word, word alle gevangenes wie se naam op die waglys verskyn, blootgestel aan 'n selekteringsproses deur die aanbieders van die program. (Lt. Kol. Rita Marx: Hoof Maatskaplike Werker: Pretoria-bevelsarea).

Interne evalueringsmaatstawwe is dus nie deel van die implementering van die PSVP te Pretoria-Sentraal gevangenis nie.

## 2. MOTIVERING VIR HIERDIE STUDIE:

### 2.1 NOODSAAKLIKHEID VAN PROGRAMEVALUERING VIR DIE MAATSKAPLIKE WERK PROFESSIE:

Die agtergrond, geskiedenis en die doelstellinge van program-evaluering word volledig beskryf in hoofstuk 3.

### 2.2 DIE ONAFHANKLIKE VERANDERLIKE: DIE PERSOONLIKE- EN SOSIALE VAARDIGHEIDSPROGRAM (PSVP)

Die PSVP is deur die personeel van die sielkundige afdeling van die Departement van Korrektiewe Dienste saamgestel. Insette is van alle sielkundiges werksaam in die Departement van Korrektiewe Dienste verkry, en 'n program is saamgestel (Brigadier Bergh - Direkteur : Sielkundige Dienste). Die inhoud hiervan word weergegee Bylae A.

Hoewel die PSVP nie vanuit 'n spesifieke teoretiese raamwerk saamgestel is nie, is dit duidelik dat daar sterk geleun word op insigontwikkeling as tegniek, sowel as inoefening deur rollespel en selfevaluerende oefeninge. Die behaviouristiese en sosiale leerteorie word dus benut.

Die maatskaplike werkers stel die fokuspunt voor en daarna neem die groeplede deel. Die maatskaplike werkers tree dus op as fasiliteerders om die inhoud van die sessie te benut. Die idee is dat elke groeplid deur middel van insigontwikkeling die inhoud van 'n spesifieke sessie sal internaliseer. Tuiswerkopdragte word gegee aan die einde van sommige sessies wat die groeplede moet gaan voorberei vir die volgende dag.

Die PSVP voldoen nie aan wetenskaplike vereistes deurdat alle kulture nie nagevors is nie, en dus nie gegrond is op 'n wetenskaplike kennisbasis nie. Die sielkundige afdeling van die Departement Korrrektiewe Dienste, het hierdie program saamgestel vanuit 'n sielkundige perspektief. Die bekwaamheid van maatskaplike werkers om 'n program, saamgestel vanuit 'n ander geesteswetenskaplike veld, is dus ook in hierdie studie onder die soeklig.

Die PSVP blyk ook ander vaardighede in te sluit soos finansiële beplanning en kan dus ook geklassifiseer word as 'n lewensvaardigheidsprogram.

## 2.3 REHABILITASIE EN WETSOORTREDERS:

Hollin (2001:7) verwys na die konflik tussen die kriminele justisie stelsel en die idee van behandeling vir wetsoortreders. Volgens die outeur is die eerste tekens van ongemak hieroor waargeneem reeds in die 1960's.

Martinson se bekende woorde in 1974 was "Does nothing work?" (Chavaria, 1997:57) Martinson het die kriminele regstelsel geskok deur sy bevindinge, naamlik dat "......with few and isolated exceptions the rehabilitation efforts that have been reported so far had no appreciable effect on recidivism" (Chavaria, 1997:57) Dieselfde navorser het egter bevind dat sommige behandelingsprogramme wél 'n effek het op residivisme. Verskeie ander navorsers het tot die gvolgtrekking gekom dat die behandeling van ooteders 'n klein, maar betekenisvolle effek kan hê om misdaad te beperk. (Hollin, 2001: 10)

Verskeie navorsers het egter gepoog om te bewys dat behandeling wel effektief is. Ongeveer 200 studies is uitgevoer gedurende 1973 tot 1987. Cullen en Gendreau(in Chavaria,1979:57) het in 1992 bevind dat daar substansiële literatuur en navorsing is om te bewys dat behandelingsprogramme vir oortreders wél effektief is en het ook sekere suksesvolle beginsels onderliggend aan behandelingsprogramme geïdentifiseer. Byna elke program het een gemeenskaplike eienskap gedeel, naamlik dat daar een of ander tegniek is wat die oortreder se denkwyse beïnvloed.

Effektiewe programme het nie net gefokus op die oortreder se omgewing, gedragsresponse en vaardigheidsontwikkeling nie, maar het ook ten doel gehad om die oortreder se redenerings-vermoëns, probleemoplossings- en empatiese vaardighede te ont-wikkel. (Chavaria, 1997:57)

Bogenoemde bevindinge is ondersteun deur data van twee statisties gesofistikeerde navorsings meta-analises van Garret in 1985 en van Izzo & Ross in 1987. Cullen en Gendreau het in 1992 meer detail bekend gemaak en gevind dat effektiewe programme gekenmerk word deur spesifieke teorieë soos die sosiale leerteorie,

kognitiewe modelle, vaardigheidsopleiding, differensiële assosiasie en gedrags-sistemiese gesinsterapie, gekoppel aan spesifieke intervensie strategieë. (Chavaria, 1997:58)

Dit impliseer dat vir 'n intervensie paradigma om effektief te wees "..........it is necessary for the correctional counsellor/probation officer to promote, as frequently as possible, the acquisition of pro-social attitudes and behaviour on the part of the offender, to problem solve those behaviours that will aid and reward the offender for non-criminal pursuits, and to utilize community resources that provide services suitable and relevant to the offender's needs". (Chavaria, 1997:58)

Die dienste wat verskaf moet word, moet op 'n eerlike, empatiese en respekvolle wyse aangebied word. Die oortreder moet egter deeglik bewus wees daarvan dat hy/sy aan die programvereistes moet voldoen en dit moet duidelik gedefinieër word in die terapeutiese kontrak. (Chavaria, 1997:58)

Gendreau, Cullen en Bonta het in 1994 sewe program strategieë geïdentifiseer wat gelei het tot 'n afname in residivisme by oortreders onder supervisie.

Een van die belangrikste programkomponente was kognitiewe sosiale leer strategieë wat van tegnieke soos modellering, kognitiewe herstrukturering en eksplisiete versterking van en alternatiewe tot anti-sosiale style van denke, gevoelens en aksie ingesluit het. (Chavaria, 1997:58)

Kognitiewe vaardigheidsopleiding in die korrektiewe opset is nie gemik op basiese persoonlikheidsverandering nie, maar is 'n benadering wat daarop gemik is om oortreders toe te rus met pro-sosiale denke en gedragsvaardighede wat hulle sal help om verdere

kriminele betrokkenheid te vermy. Hierdie intervensies word die beste toegepas deur professionele persone in die kriminele regstelsel sonder 'n kliniese agtergrond, maar wat deeglik opgelei is in kognisie en gepaste tegnieke.

Dit is van kritiese belang dat beleidsmakers en probasie personeel moet besef dat 'n hoofaspek van die kognitiewe vaardigheidsprotokol, nie aanvaar dat anti-sosiale gedrag die oorsaak is van onderliggende psigopatologie nie. 'n Basiese aanname is dat die meeste oortreders neig om ongesosialiseerd te wees en nie oor die nodige pro-sosiale vaardighede beskik om pro-sosiaal aan te pas nie. Die kognitiewe vaardigheids-paradigma beklemtoon opvoeding, nie terapie.

Chavaria (1997:59) stateer dat kognitiewe vaardigheidspro-gramme, gekoppel met gestruktureerde en gefokuseerde supervisie, residivisme kan laat afneem. Kognitiewe vaardig-heidsopleiding word met sukses gebruik in Colorado, Texas, Iowa, Oregon en Georgia.

Hollin (2001: 20) wys ook daarop dat daar onteenseglike bewyse bestaan dat kriminele sanksies, straf en die psigo-dinamiese modelle van gedrag, nie effektief is ten opsigte van oortreder behandeling nie. Volgens die outeur bestaan daar nie een enkele gekontroleerde studie in die totale kriminele justisie sisteem en die korrektiewe sisteem wat aantoon dat enige vorm of verskillende vorme van straf of die omvang van straf enige effek het op residvisme nie. Hollin(2001:21), wat verskeie navorsingstudies bestudeer het, beskou die kognitiewe-gedrags benadering as die mees effektiefste.

Internasionaal, word die sukses van rehabilitasie ten opsigte van wetsoortreders, reeds sedert die sewentigs bevraagteken. Ten opsigte van die impak en effektiwiteit van die PSVP te Pretoria-Sentraal gevangenis, bestaan geensins riglyne ten opsigte van die evaluering van effektiwteit van die program nie.

## 3. DOELSTELLINGS:

Die doelstelling van hierdie studie is om die effektiwiteit van die PSVP, soos deur maatskaplike werkers aangebied, te evalueer.

## 4. HIPOTESES :

4.1 Indien die Positiewe Gemiddelde Puntetelling (PGP) van die eksperimentele groep volgens die Heimler-skaal vir maatskaplike funksionering (HSMF) verhoog, en die tellings van die kontrole groep konstant bly of verlaag, dan is die PSVP effektief; en

4.2 Indien die gesinsverhoudinge telling van die eksperimentele groep op die Hudson-skaal verhoog en die tellings van die kontrole groep konstant bly of verlaag, is die PSVP effektief.

## 5. DIE NAVORSINGSONTWERP:

Die tipe navorsingsontwerp, -prosedure, data-insamelings-metodes en steekproefneming word volledig in hoofstuk 2 bespreek.

In hierdie studie is die kwasi-eksperimentele ontwerp benut. Proefpersone is ewekansig aan die eksperimentele- en kontrole-groep, toegewys.

Die PSVP is gedurende Maart 1993 te Pretoria-Sentraal Gevangenis aangebied deur twee maatskaplike werkers wat die navorser uitsluit. Die program het drie weke geduur en sessies van 9:00 tot 13:00 het daagliks plaasgevind.

Die eerste waarneming van die afhanklike veranderlikes het op dieselfde dag plaasgevind as wat die program 'n aanvang geneem het. Die HSMF sowel as die Hudson-skaal vir gesinsverhoudinge is deur alle proefpersone voltooi op dieselfde dag.

Die tweede waarneming van die afhanklike veranderlikes het plaasgevind ses weke na afloop van die PSVP. Alle proefpersone het weer beide skale voltooi.

## 6. BEGRIPOMSKRYWINGS :

### 6.1 DIE BEGRIP: INTERPEROONLIKE(SOSIALE) VAARDIGHEDE: :

Die sosiale leerteorie word volledig in hoofstuk twee bespreek, wat aansluit by die omskrywing en definiëring van die begrippe sosiale vaardighede en sosiale vaardigheids-opleiding. 'n Beknopte oorsig oor die ontwikkeling van hierdie begrip, volg.

Henderson & Hollin het reeds in 1983(Henderson & Hollin, 1983:316) die mening gehuldig dat een van die grootste probleme om sosiale vaardigheidsopleiding te evalueer, toegeskryf kan word aan die afwesigheid van 'n unitêre konsep van die begrip "sosiale vaardighede". Leiber en Mawhorr (1995:129) bevestig in 1995 dat daar steeds geen unitêre konsep van sosiale vaardighede is nie en dat opleiding verskil van program tot program. Moote et al verwys dan in 1999 na dieselfde probleem. (Moote et al, 1999:429) Die outeurs verwys na Michelson en Mannarino wat die probleem van

definiëring as volg omskryf : "..........defining the concept of social skills has become an assessment issue in its own right". Die outeur se mening word bevestig deur Gresham (in Moote et al, 1999:429) "........social skills is a concept that begs for clarification in the behavioral literature......"

Pogings om die begrip te definieër, bestaan dus vanaf die ontstaan van hierdie konsep tot nou toe. Dit bemoeilik die proses van opleiding sowel as die evaluering van die effektiwiteit van sodanige opleiding. Dit is dus nodig om vir die doeleindes van hierdie navorsing vas te stel wat met die begrip interpersoonlike vaardighede bedoel word.

Wise et al(in Leiber & Mawhorr, 1995:128) verwys na sosiale vaardighede as die vermoëns wat nodig is vir effektiewe interpersoonlike funksionering. Bornstein, Bellack & Hersen het in 1977 (in Moote et al, 1999:430) sosiale vaardighede ook gedefinieër as die vermoëns wat noodsaaklik is vir effektiewe interpersoonlike funksionering.

Moote et al (1999:430) beskou sosiale vaardighede as die vermoëns om met ander in interaksie te tree binne 'n spesifieke sosiale konteks op spesifieke wyses wat sosiaal aanvaarbaar is en terselfdertyd persoonlike, gesamentlike wedersydse voordeel inhou of tot voordeel van belangrike ander is.

Rinn & Markle (in Moote et al, 1999:430) het die term beskryf as : "........a repertoire of verbal and non-verbal behaviours by which children affect the responses of other individuals in the interpersonal context."

Hazel et al (in Cuncliffe, 1992:891) definieër sosiale vaardighede as die vermoë om met andere in interaksie te tree dat

positiewe effekte van die interaksie wederlerig tot voordeel van alle partye betrokke is. Cuncliffe (1992:892) aanvaar die definisie van Tower, Bryant & Argyle naamlik, dat sosiale vaardighede 'n reeks van gesinchroniseerde vaardighede is wat op so 'n wyse uitgevoer en toegepas moet word, dat dit positiewe gevolge het.

Libet en Lewissohn (in Graves et al, 1995:141) beskryf sosiale vaardighede as die vermoeë om positiewe versterking te maksimaliseer en straf van andere te minimaliseer.

Michelson et al, wat verskeie komponente van verskillende definisies geïntegreer het, se omskrywing is die mees omvattendste en word aanvaar vir die doeleindes van hierdie studie:

(i) Sosiale vaardighede word primêr deur leer aangeleer. Dit sluit in waarnemingsleer, modelleringsleer, terugvoer en inoefening.

(ii) Sosiale vaardighede bestaan uit spesifiek en diskrete verbale en nie-verbale gedrag.

(iii) Sosiale vaardighede sluit effektiewe en gepaste inisiasies en response in.

(iv) Sosiale vaardighede is interaktief van aard en behels effektiewe en gepaste response.

(v) Sosiale vaardighede maksimaliseer sosiale versterking.

(vi) Sosiale vaardigheidsprestasie word beïnvloed deur die karaktereienskappe van die deelnemers sowel as die omgewing waarbinne dit plaasvind. Dit is faktore soos ouderdom, geslag en status wat 'n individu se sosiale prestasie beïnvloed.

(vii) Tekortkominge en surplusse in sosiale prestasie kan gespesifiseer word en 'n teiken wees vir intervensie.

Opsommend blyk Exley (1992:69) korrek te wees in sy aanstelling naamlik "Social skills have been examined at length, but few come to one universal definition." Babbie (1995:338) verwys dan ook hierna en noem dat een van die grootste probleme van evaluatiewe navorsing of program-evaluering, die omskrywing en definiëring is van presies dit wat nagevors moet word.

Geen universele definisie vanuit bestaande navorsing en literatuur bestaan dus ten opsigte van wat presies bedoel word met die term "sosiale vaardighede" nie.

Sosiale vaardighede vanuit bogenoemde, het dus te make met suksesvolle, gepaste interpersoonlike gedrag in alle sosiale situasies. Dit sluit in verbale-sowel as nie-verbale gedrag en reaksie op die situasie. Daar is ook 'n element van wedersydse beloning. Klem is op die bevrediging van alle partye in die spesifieke situasie of die omstandighede.

Die ontwikkeling van 'n definisie van hierdie begrip, het dus tot stand gekom oor 'n tydperk. Steeds is daar egter nie 'n universele konsep wat aanvaar word nie.

Definisies blyk egter eng te wees en ontwikkel vanuit 'n spesifieke teoretiese raamwerk vir menslike gedrag. Die sosiale leerteorie, blyk veral die definiëring van "sosiale vaardighede" te beïnvloed het. Definisies is ook nie voldoende omskrywend nie, aangesien gepaste sosiale gedrag verskil van byvoorbeeld kultuur tot kultuur. Wat byvoorbeeld in die Oosterse kultuur aanvaarbaar is, verskil van die Westerse kultuur. Effektiewe gedrag is ook

'n relatiewe begrip, en veral in 'n gevangenisopset is dit onduidelik wat "effektiewe gedrag" is. Effektiewe gedrag binne 'n gevangenis verskil van effektiewe gedrag in die vrye gemeenskap.

## 6.2 DIE BEGRIP: INTERPERSOONLIKE(SOSIALE) VAARDIGHEIDSOPLEIDING:

Trower maak in 1979 die volgende stelling: (in Bellack & Hersein, 1979:3) "........the place of development of social skills training over the past few years has hardly allowed for orderly assimilation of scientific knowledge".

Langley (1983:64) stateer dat sosiale vaardigheidsopleiding ".............. is less concerned with helping individuals restore their self-respect, than it is with giving them means to do so." Die navorser beskou die doel van sosiale vaardigheids-opleiding om die individu in staat te stel om veralgemeenbare bevoegdhede te bemeester vir sosiale situasies. Die klem is op opleiding. Daar word aangeneem dat individue met sosiale verhoudingsprobleme, vaardigheidstekortkominge het wat oorkom kan word deur opleiding om meer vaardige respons alternatiewe te ontwikkel.

Daar word aanvaar dat die individu verantwoordelik is vir sy lewe. Dit mag egter nodig wees om sekere vermoëns te ontwikkel voordat hy hierdie verantwoordelikheid aanvaar.

Tweedens word daar nie staatgemaak op 'n persoon naamlik die terapeut nie, maar op wetenskaplike navorsing en kennis. Die terapeut is 'n fasiliteerder en nie 'n manipuleerder van die interpersoonlike proses nie. Die kliënt word dan die kliëntsisteem en veranderingsagent.

Moote et al (1999:429) tref 'n duidelike onderskeid tussen terme wat dikwels as sinonieme gebruik word : Sosiale bevoegdheid verwys na 'n globale stel vaardighede wat die ander vier begrippe naamlik sosiale vaardighedsopleiding, probleemoplossings-vaardigheidsopleiding, selfgeldendheidsopleiding en woede-beheer opleiding insluit.

Beelman et al (in Moote et al, 1999:430) het sosiale bevoegdheidsopleiding gedefinieër as gedrags- en kognitiewe intervensies wat ontwerp is om motoriese, affektiewe of kognitiewe komponente van kinders se sosiale gedrag af te rig of te verander. Dit sluit sosiale vaardigheidsopleiding in.

Probleemoplossings-vaardigheidsopleiding fokus meer op die kognitiewe proses en die relevansie tot gedragsaanpassings hierop. Opleiding is dikwels gerig op koverte denkprosesse. Deelnemers leer vaardighede aan met betrekking tot alternatiewe denkwyses, eindresultaat denke, opeenvolgende denke, oorsaaklike denke en sensitiwiteit vir interpersoonlike situasies.

Exley (1992:69) onderskei tussen lewensvaardighede en sosiale vaardighede, wat dikwels as sinonieme deur gedragswetenskap-likes beskou word. Lewensvaardighede word gedefinieër as enige aangeleerde gedrag wat noodsaaklik is vir effektiewe lewensbestaan. Dit sluit in die nodige kennis of omstandig-hede wat nodig is vir sulke ontwikkeling. Die outeur volstaan by die definisies van Libet en Lewissohn en van Le Croy. (Exley, 1992:69). Le Croy definieër die begrip as die vermoë om interaksies te medieër tussen portuurgroepe, ouers en kinders, onderwysers en volwassenes op 'n suksesvolle wyse.

Volgens Hamburg (in Moote et al, 1999:430) is lewensvaardigheidsopleiding "......the formalized teaching of requisite skills for surviving, living with others and succeeding in a complex society". Derhalwe word sosiale vaardighede beskou as 'n onderafdeling van lewensvaardighede. (Moote et al, 1999:431)

Vanuit bogenoemde definisies en uiteensettinge, is dit duidelik dat interpersoonlike vaardigheidsopleiding ook die kognitiewe dimensie insluit. Daar word dus nie suiwer geleun op behaviouristiese tegnieke nie.

Sosiale vaardigheidsopleiding het dus ten doel om die kliënt in staat te stel om self tekortkominge in maatskaplike funksionering, spesifiek in interaksie met ander individue/ groepe en/of gemeenskappe te identifiseer en deel te wees van die hulpverleningsproses. Sodoende word die selfhelp-beginsel bevorder. Die doelstellinge stem dus ooreen met die algemene doelstellinge van maatskaplike werk.

Die PSVP, soos bespreek in hoofstuk 1, poog ook om die selfhelp-beginsel toe te pas deurdat die maatskaplike werkers optree as fasiliteerders. Insigontwikkeling en beweging en motivering en ook deur teruvoer van andere hul gedrag te verander. Die proefpersone in die eksperimentele groep identifiseer deur interaksie met die ander proefpersone in die groep hul eie tekortkominge in funksionering en moet self posings aanwend om dit te verander.

Sosiale vaardigheidsopleiding is dus konteksgebonde, en dus nie stagnant nie , aangesien "effektiewe gedrag" oor die eeue heen fluktueer.

'n Implikasie van die afwesigheid van 'n universele omskrywing van die konsep, is dat programdoelwitte duidelik omskryf moet word en dat tydens die ontwikkeling van die program, deeglike navorsing gedoen moet word ten opsigte van die kultuur en agtergrond van die spesifieke kliëntsisteem aan wie die program aangebied word.

Ten opsigte van die PSVP, die onafhanklike veranderlike in hierdie studie, bestaan dit nie.

**6.3 DIE BEGRIP: PROGRAM:**

Die definisie van Neser (1989:252) wat deur die Departement van Korrektiewe Dienste aanvaar word, blyk toepaslik te wees in hierdie studie. "………. enige gestruktureerde aksie wat daarop gerig is om gevangenes positief te beïnvloed met die doel om die kwaliteit van hul lewens te verbeter." (Neser, 1989: 2525) Hierdie definisie verwys dus nie net na maatskaplike werk programme nie, maar kan ook opvoedkundige programe soos die geletterdheidsprogram insluit.

Cronje (Welsynsfokus, 1988:4) volstaan by die definisie wat algemeen deur die eleidsformuleerders in die R.S.A. aanvaar word, naamlik "………. 'n program …………… (is) …………… 'n sistematiese plan van aksie wat voldoen aan die behoeftes van die gemeenskap en deur maatskaplike werkers van 'n geregistreerde welsynsorganisasie aangebied word ten einde die organisasie se verklaarde doelstellings te bereik. Funksioneel word programme onderskei as diensleweringseenhede soos projekte, departemente of afdelings van 'n oorhoofse of moederorganisasie………… Die doelwitte van programme is spesifiek afgebaken, maar moet in ooreenstemming met en sekondêr aan die missie en doelstellings van die moederorganisasie wees."

Die begrip "program" soos toegepas in die DKD, en die begrip soos verstaan deur maatskaplike werkers, toon ooreenstemming. Vir hierdie navorsing word aanvaar dat 'n program 'n gestruktureerde intervensie is van maatskaplike werkers om die kliëntsisteem positief te beinvloed deur middel van benutting van 'n groep as maatskaplike werk metode.

Programme is dus gestruktureerd met duidelike doelstellings en doelwitte. Die doel is hoofsaaklik om 'n positiewe intervensie te maak met betrekking tot 'n individu/groepe of gemeenskap.

Programme verskil in hierdie opsig van maatskaplike groepwerk. Cox (1987:159) stateer dat tradisionele groepe die eksplorasie en oplossing van beide interpersoonlike en persoonlike probleme en belange. Die inhoud van hierdie groepe is gewoonlik gebaseer op 'n spesifieke teoretiese oriëntasie van die groepleier.

### 6.4 DIE BEGRIP PROGRAMEVALUERING:

Die begrip word omskryf in hoofstuk III.

### 6.5 DIE BEGRIP: MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING:

Volgens Van Zyl (1989:11) word die term maatskaplike werk funksionering herhaaldelik gebruik in maatskaplike werk literatuur as 'n sentrale tema, maar daar bestaan nie 'n algemeen aanvaarde definisie vir die term nie. Boehm se definisie in 1959 van maatskaplike funksionering naamlik "Social functioning......designates those activities considered essential for the performance of several roles by each individual by virtue of his membership in social groups, is called upon to carry out",

word deur Van Zyl aanvaar. (Van Zyl, 1989:11) is in 1959 gedefinieër.

Van Zyl (1989:15) het die term operasioneel gedefinieër vir gebruik van die HSMF. Aangesien die HSMF in hierdie navorsing gebruik word om maatskaplike funksionering van respondente te meet, word die definisie aanvaar. Maatskaplike funksionering volgens Van Zyl verwys na daardie aktiwiteit wat noodsaaklik is:

i) Om satisfaksie te verkry en om frustrasie te hanteer in die vyf lewensareas, naamlik werksaktiwiteit, finansiële sekuriteit, vriendskap, gesin en persoonlik;

ii) Om betekenis en sinvolheid vanuit die lewe te verkry. Die vlak van 'n individu se maatskaplike funksionering word bepaal deur die verhouding tussen satisfaksie (die individu se subjektiewe persepsie dat hy sy eie potensiaal goed gebruik), en frustrasie (die individu se onvermoëns om potensiaal te benut). Terwyl satisfaksie gereflekteer word deur die vyf hoofareas van die lewe waar sukses of mislukking kan manifesteer, word frustrasie uitgedruk in die volgende lewensareas : energievloei, gesondheid, persoonlike invloed, affeksie en gewoontes. (Van Zyl, 1989:11)

## 7. GEBREKE EN BEPERKINGE :

Die steekproef is nie verteenwoordigend nie en die resultate kan nie veralgemeen word nie.

Slegs blanke, manlike gevangenes is betrek. Resultate kan dus nie van toepassing gemaak word op vroulike-, nie-blanke-, Kleurling- of Indiër gevangenes nie.

Gevangenesetting bied nie soveel ruimte om vaardighede in te oefen as in die gemeenskap nie. Beide die Heimler-skaal en die Hudson-skaal is vir die vrye gemeenskap ontwikkel.

## 8. AANBIEDING VAN DIE INHOUD :

- Hoofstuk I bestaan uit 'n oriënterende inleiding;
- Die volledige navorsingswyse van hierdie studie, verskyn in Hoofstuk II;
- Hoofstuk III bevat die literatuuroorsig met betrekking tot programevaluering in die maatskaplike werk professie;
- Hoofstuk IV is die literatuuroorsig van die gevangenis opset;
- Hoofstuk V bevat die literatuuroorsig om misdaad te poog verklaar;
- Die resultate en statistiese verwerking van die resultate van hierdie studie, word weergegee in Hoofstuk 6;
- Die laaste hoofstuk bevat die gevolgtekkings en aanbevelings.

# HOOFSTUK II

## WYSE VAN ONDERSOEK:

### 1. INLEIDING:

Babbie (1995: 83) wys daarop dat wetenskap gerig is om iets uit te vind. Die navorsingsontwerp het te doen met die beplanning van die wetenskaplike navraag. 'n Strategie word ontwerp om iets uit te vind. Die navorser moet eerstens vasstel wat die hoofdoelstellings van die navorsing is en daarna wat die eenheid van analise is. (Babbie, 1995: 83)

Hierdie hoofstuk fokus op die totale navorsingstrategie wat in hierdie studie gevolg is. Relevante teöretiese aspekte verskyn, asook die toepassing daarvan in hierdie navorsing.

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek, as filosofiese onderbou, word 'n evaluatiewe studie as tipologie vir toegepaste navorsing aangewend. Ten opsigte van hierdie navorsing vorm die komponente 'n logiese eenheid om die oorsaak-gevolg verhouding te bepaal.

Die kwasi-eksperimentele ontwerp wat benut is in hierdie studie, die wyse van steekproeftrekking, asook die meetinstumente wat benut is vir die navorsingstudie, is ingesluit in hierdie hoofstuk.

Die laaste gedeelte van hierdie hoofstuk fokus op die statistiese tegnieke en toetse wat in die navorsing benut is.

## 2. DOELSTELLINGE VAN NAVORSING:

Verkennende, verklarende en beskrywende navorsing word onderskei. (Babbie, 1995: 84) & (Grinnell, 1993: 135). Babbie (1995: 84) wys egter ook daarop dat enige navorsingstudie gewoonlik elemente van al drie doelstellinge van navorsing sal insluit. (Babbie, 1995: 86). Grinnell (1993:132) verwys na 'n kontinuum van kennisvlakke wat die navorsingsontwerp sal bepaal. Diagrammaties word dit as volg voorgestel: (Grinnell, 1993: 136)

| VLAK VAN KENNIS | NAVORSINGSONTWERP |
|---|---|
| 1. Verkennend | a. Een-groep voortoets<br>b. Multi-groep na-toets<br>c. Longitudinale gevalle studie |
| 2. Beskrywende | a. Ewekansige een-groep na-toets<br>b. Ewekansige kruis-seksionele opname<br>c. Ewekansige longitudinale opname<br>d. Een-groep voortoets natoets<br>e. Vergelykende groep natoets<br>f. Vergelykende voorgroep voortoets natoets |
| 3. Verklarende | a. Klassieke eksperiment<br>b. Solomon-viergroep<br>c. Ewekansige natoets -slegs kontrole groep<br>d. Onderbroke tyd-reeks |

Aangesien evaluerende navorsing deur middel van 'n kwasi-eksperimentele ontwerp uitgevoer word in hierdie studie, kan die studie beskryf word as beskrywende navorsing, met elemente van verklarende navorsing. Die doel van enige hierdie ontwerp, is om 'n oorsaaklike verband tussen die onafhanklike en afhanklike veranderlike daar te stel. (Grinnell, 1993: 147)

Die doel van hiedie navorsingstudie is derhalwe om die effek van die onafhanklike veranderlike, naamlik die PSVP te bepaal.

## 3. METODE VAN WAARNEMING:

Babbie (1995:233) beskryf die eksperiment as die navorsingsmetode wat meestal geassosieer word met gestruktureerde wetenskap in die algemeen. Die outeur beskou die eksperiment as 'n wyse van wetenskaplike waarneming.

### 3.1 EKSPERIMENTELE ONTWERPE:

Die eksperiment behels dat eerstens 'n aksie geneem moet word en dat tweedens die gevolg van hierdie aksie waargeneem moet word. Sosiaal-wetenskaplikes se tipiese werkwyse is om 'n groep of 'n groep subjekte te neem, iets met hulle te doen en daarna die effek van wat gedoen is, waar te neem. (Babbie,1995: 233)

Die kwasi-eksperimentele ontwerp verskil van die ware eksperiment omdat subjekte nie verteenwoordigend toegewys kan word aan 'n eksperimentele of kontrole groep nie. (Babbie, 1995:223)

Ter uitvoering van hierdie studie word die klassieke eksperimentele ontwerp gebruik. Dit word ook die voortoets-natoets kontrole groep genoem. Die voordeel van hierdie ontwerp is die beheer van interne geldigheidsfaktore. Die ontwerp behels die manipulering van 'n onafhanklike veranderlike deur die eksperimentele groep bloot te stel aan die onafhanklike veranderlike. Die kontrole groep word nie blootgestel aan hierdie veranderlike nie.

Die ontwikkeling van 'n navorsingsontwerp is 'n stel riglyne en instruksies wat uitgevoer moet word om die navorsingsprobleem aan

te spreek. Die hooffunksie van die navorsingsontwerp is om die navorser in staat te stel om te navorsingsbesluite te antsipeer om die geldigheid van navorsingsresultate te maksimaliseer. (Mouton, 1996:107)

In hierdie navorsingstudie is die PSVP die onafhanklike veranderlike. Die afhanklike veranderlike is die proefpersone in die eksperimentele- en kontrole groep.

## 3.2 DIE KWASI-EKSPERIMENTELE ONTWERP:

Grinnell (1993: 144) se uiteensetting van die kwasi-eksperimentele ontwerp as deel van groep navorsingsontwerp, is in hierdie studie benut:

Eksperimentele groep: R $O_1$ x $O_2$

Kontrole groep: R $O_1$ x $O_2$

Waar:

R = Ewekansige seleksie vanuit 'n populasie en ewekansige toewysing aan 'n groep. (Vier-en twintig gevonniste gevangenes)

$O_1$ = Eerste meting van die afhanklike veranderlike. (Dag waarop die program 'n aanvang geneem het.)

X = Onafhanklike veranderlike (PSVP)

O2 = Tweede meting van die afhanklike veranderlike. (Ses weke na afloop van die program)

Evaluatiewe navorsing lei dikwels tot etiese vrae. (Babbie, 1995: 351). Proefpersone in die kontrole-groep is derhalwe ingelig

tydens die voormeting, sowel as nameting dat die groep by die volgende PSVP wat aangebied sou word, sal inskakel.

Die toepassing van die kwasi-eksperimentele eksperiment as deel van evaluerende navorsing, soos uitgevoer in hierdie studie, volg.

Metings van die afhanklike veranderlikes word voor blootstelling aan die onafhanklike veranderlike gedoen op die eksperimentele en kontrole groep. Beide skale is deur alle proefpersone op dieselfde dag as die aanvang van die PSVP (onafhanklike veranderlike) voltooi. Die program is gedurende Maart 1993 te Pretoria Sentraal Gevangenis aangebied.

Ewekansige toewysing aan die kontrole- en eksperimentele groep is gedoen. Dit word verder bespreek in hierdie hoofstuk.

Hierdie studie voldoen egter nie aan die vereistes van 'n ware eksperiment nie. Die onderskeidende kenmerk van die ware eksperiment is dat die proefnemer optimale beheer oor die navorsingsituasie het. Die navorser moet volkome beheer oor die onafhanklike veranderlike hê. In hierdie navorsing is dit die PSVP.

In hierdie studie is totale beheer ten opsigte van die PSVP toegepas, deurdat die proefpersone in die kontrole groep op geen wyse blootgestel was aan die PSVP nie.

Babbie (1995: 344) stateer dat kwasi-eksperimente van ware eksperimente verskil, hoofsaaklik as gevolg van die feit dat ewekansige toewysing van subjekte aan 'n kontrole- en eksperimentele groep, nie moontlik is nie. Ewekansige toewysing het nie in

hierdie studie geskied nie, as gevolg van die grootte van die universum. Bespreking hiervan volg.

## 4. DIE UNIVERSUM:

Die term universum en populasie word dikwels as sinonieme gebruik. (Mouton, 1996: 134). Volgens hierdie outeur verwys 'n populasie na die somtotaal van alle gevalle wat aan die navorser se definisie van eenheid van analise voldoen. Daar word onderskei tussen die teiken populasie en die steekproefraamwerk.

Eersgenoemde verwys na die totale populasie waaroor die navorser wil veralgemeen. Om die populasie te definieër moet die navorser twee belangrike aspekte in ag neem, naamlik die omvang van die veralgemening wat die navorser beplan en tweedens die praktiese vereistes om 'n steekproef te trek. Die steekproefraamwerk is dus nie die steekproef nie, maar die operasionele definiëring van die populasie wat die basis daarstel om 'n steekproef saam te stel. (Mouton, 1996:135)

In hierdie navorsingstudie is die totale gevangenesbevolking in Suid-Afrika die universum. Die steekproefraamwerk is die gevonniste gevangenes te Pretoria-Sentraal gevangenis.

Die totale gevangenesbevolking tydens die uitvoering van hierdie navorsing, was honderd-en-dertien-duisend. Die totale gevangenesbevolking te PSG was een duisend Blanke, manlike gevangenes. Die gevangenes te PSG is dus die steekproefraamwerk, waaruit hierdie steekproef saamgestel is.

## 5. STEEKPROEFTREKKING:

### 5.1 OMSKRYWING:

"..................'n navorsingsprobleem het altyd op die een of ander populasie betrekking". (Huysamen 1992:38) Die outeur stateer ook dat, as gevolg van die grootte van die populasie, dit gewoonlik prakties en ekonomies onmoontlik is om alle lede van die populasie te betrek, en daarom word 'n steekproef vanuit die populasie gebruik.

Babbie (1995: 188) stateer dat geeneen alles kan waarneem en bestudeer nie. Wat waargeneem gaan word, is 'n kritiese besluit tydens die navorsingsproses.

Steekproeftrekking is die proses waardeur waarneminge geselekteer word.

Die steekproef is dus die eenhede wat gekies word deur die navorser om ingesluit te word by die studie, terwyl steelproeftrekking verwys na die proses waardeur 'n steekproef gekies word deur die navorser.
(Sarantakos,1998:468)

Aangewsien alle Blanke manlike gevonniste gevangenes in Suid-Afrika nie betrek kon word by ierdie studie nie, is steekproeftrekking toegepas. Die proses soos toegepas in hierdie studie volg.

### 5.2 TIPES STEEKPROEFTREKKING:

Huysamen (1992:28) noem dat daar tussen waarskynlikheid-steekproewe en nie-waarskynlikheidsteekproewe onderskei kan word.

Ewekansige steekproewe, gestratifiseerde steekproewe, stelselmatige steekproewe en trossteekproewe, is voorbeelde van waarskynlikheid-steekproewe terwyl toevallige steekproewe, doelgerigte steekproewe, kwotasteekproewe en sneeubal-steekproewe nie-waar-skynlikheidsteekproewe is.

### 5.2.1 WAARSKYNLIKHEIDSTEEKPROEWE:

In die geval van waarskynlikheidsteekproewe kan die waarskynlikheid van insluiting in die steekproef vir elke element van die populasie bepaal word. (Huysamen, 1993:40)

#### 5.2.1.1 Ewekansige steekproeftrekking :

Volgens Huysamen (1993:40) is ewekansige steekproef-trekking die aantreklikste soort steekproeftrekking. Daar kan onderskei word tussen eenvoudige- en gestratifiseerde ewekansige steekproef-trekking.

Ewekansige steekproeftrekking is 'n metode waardeur 'n steekproef of eksperimentele subjekte gekies word vanuit 'n bevolking op so 'n wyse dat die geselekteerde subjekte waarlik verteenwoordigend is van die bevolking waaruit dit geselekteer is. (Grinnel, 1993: 156) In hierdie studie is bogenoemde nie haalbaar nie, aangesien die totale gevangenesbevolking ongeveer honderd-en-dertig-duisend is, en die totale bevolking by PSG ongeveer 1000 is. Die gevangenes is ook op een plek gelokaliseer.

### 5.2.2 NIE-WAARSKYNLIKHEIDSTEEKPROEWE:

Die waarskynlikheid dat 'n gegewe element in 'n steekproef ingesluit word, kan in hierdie metode van steekproeftrekking, nie gespesifiseer word nie. In sommige gevalle het sekere elemente

geen kans om ingesluit te word nie. Nie-waarskynlikheid-steekproewe is meer ekonomies, neem minder tyd in beslag en is minder ingewikkeld. (Huysamen, 1993:45)

Nie- waarskynlikheidsteekproeftrekking is dus in hierdie studie toegepas.

**5.2.2.1 Toevallige steekproeftrekking:**

Hierdie steekproef bestaan uit die eerste en die beste versameling proefpersone wat gerieflikheidshalwe bekom kan word. (Huysamen, 1993:45) Babbie (1995:226) waarsku ook teen hierdie metode, omdat dit nie 'n voldoende metode is om resultate te veralgemeen nie. Grinnell (1993: 162) wys egter daarop dat hierdie metode meestal in maatskaplike werk navorsing gebruik word.

**5.2.2.2 Doelgerigte steekproeftrekking:**

Volgens hiedie metode selekteer die navorseer 'n steekproef gebaseer op die kennis van die populasie en die doel van die studie. Hierdie metode word ook gebruik wanneer die navorser 'n kleiner sub-groep van 'n groter populasie wil bestudeer, maar waar dit byna onmoontlik is om die totale populasie in te sluit by die navorsing. (Babbie, 2001: 178)

Die proefpersone in hierdie eksperiment is 'n subgroep van die totale gevangenisbevolking in Suid-Afrika en word die doelgerigte steekproeftrekking as toepaslik beskou ter uitvoering van hierdie navorsing.

In hierdie navorsing is dit onmoontlik om al die manlike gevangenes in Suid-Afrika te betrek en kan nie bepaal word tot

watter mate die gevangenes in hierdie studie, verteenwoordigend is van alle Blanke, manlike gevangenes in Suid-Afrika nie.

Vier-en-twintig gevangenes deur die programaanbieders gekeur vir inskakeling by die PSVP.

Doelgerigte steekproeftrekking as sub-tipe van nie-waarskynlikheids-steekproewe is dus benut in die uitvoering van hierdie studie.

**6. EWEKANSIGE TOEWYSING :**

Ewekansige toewysing is 'n tegniek wat verwys na die toewysing van eksperimentele subjekte aan 'n eksperimentele- en kontrole groep waar 'n verklarende vorm van navorsingsontwerp, of 'n sub-metode daarvan, gebruik word. (Babbie, 1995:238)

Deur die ewekansige toewysing van proefpersone aan die kontrole- en eksperimentele groep, word dit moontlik om bevooroordeeldheid by die navorser uit te skakel, vergroot. Die tegniek verseker ook dat die twee groepe min of meer vergelykbaar is met betrekking tot die afhanklike en geassosieërde veranderlikes voor die implementering van die intervensie. As daar klein verskille is in die twee groepe ten opsigte van die afhanklike veranderlike, kan aangeneem word dat hierdie verskille toevallig is. Volgens Babbie is hierdie tegniek veral bruikbaar by groter groepe. Die navorser kan met groter vertroue aanneem dat die subjekte wat aan die eksperimentele groep toegewys word, min of meer dieselfde is as die subjekte in die kontrole groep. (Babbie, 1995:238)

In hierdie studie is vier-en-twintig gevangenes deur die program-aanbieders volgens hul profieldatums gekeur vir inskakeling by

die PSVP. Die programaanbieders het deur middel van ewekansige nommers die gevangenes toegewys aan die eksperimentele-en die kontrole groep.

## 7. MEETINSTRUMENTE:

Beide die Heimler-skaal vir maatskaplike funksionering en Hudson-skaal vir interpersoonlike verhoudinge is geïndividualiseerde beoordelingskale, wat gestandardiseerd is in Suid-Afrika. 'n Bespreking oor hierdie selfbeoordeling-skale en gestandardiseerde vraelyste volg, waarna die twee spesifieke meetinstrumente bespreek word.

### 7.1 GEÏNDIVIDUALISEERDE BEOORDELINSKALE:(IBS)

#### 7.1.1 Agtergrond:

Bloom, Fischer en Orme (1999:183) verwys na Rogers wat na sewe jaar in praktyk werk met kliënte 'n behoefte ervaar het om sy praktyk sistematies te evalueer. Rogers het geglo dat die meeste kliënte se probleme gevind kan word in hoe hulle oor hulself en andere voel. Hy het egter gevoel dat gedrags-observasies die terapeutiese verhouding met kliënte kan benadeel.

Bogenoemde outeurs stateer dat in baie praktyksituasies dit moeilk, nie-wenslik en onmoontlik is om van gedragsobser-vasies gebruik te maak. Redes hiervoor is dat 'n doelwit wat bereik moet word, dikwels nie 'n gedrag is nie, omdat die spesifieke gedrag te moeilik is om te meet, of omdat daar nie fisies iemand teenwoordig is wat die gedrag kan waarneem nie. Hierdie skale kan op individuele kliënte gebruik word en ook in groepsverband, (Bloom, Fisher & Orme: 1999:185)

**7.1.2 Die gebruike van geindividualiseerde beoordelingskale:**

IBS's is ontwerp om elke kliënt en sy situasie, soos wat die behoefte voorkom, dit wat geïdentifiseer is as belangrike doelwitte, saam met watter dimensies ookal, wat mees toepaslik is vir die teiken, te meet. Die skale word gebruik vir individue, groepe en gesinne. IBS's kan op vier wyses benut word om inligting in te samel. Kliënte kan hulself beoordeel; (self-anchoring scales), 'n professionele persoon kan die kliënt evalueer; 'n relevante ander party kan die kliënt evalueer of onafhanklike evalueerders kan die kliënt evalueer. Wanneer iemand anders die kliënt evalueer word dit observeerder beoordelingskale genoem. (Bloom, Fischer & Orme,1999:185)

Soos reeds genoem, is die PSVP se doelwitte moeilik om te meet en is dit gebaseer op die kliënt se belewenis van sy verhoudings en sy bestaan. Geïndividualiseerde metingskale soos die Hudson-skaal vir gesinsverhoudinge is dus gepas in hierdie navorsing.

**7.1.3 Voordele van geïndividualiseerde metingskale:**

Bloom, Fischer & Orme (1999: 185) identifiseer die volgende voordele:

- Omdat hierdie skale so buigbaar is, kan dit in enige situasie met enige kliënt gebruik word;
- Buigbaarheid bestaan ook ten opsigte van die teikengedrag of doelwit wat bereik wil word;
- Min tyd word gebruik om hierdie skale te voltooi en na te sien;
- Indien die terapeut self die skaal saamstel is daar min beperkinge.

**7.1.4 Beperkinge van geïndividualiseerde metingskale :**

Volgens Bloom, Fischer & Orme(1999: 187) is daar egter situasies waarin hierdie skale nie toepaslik is nie. Wanneer 'n beoordelingskaal geselekteer word, is die belangrikste kriteria dat die skaal die terapeut die beste inligting sal gee. Dit verwys na die meting wat die mees geldige, betroubare en direkte inligting sal verskaf. Gedragsobservasies is dikwels meer geldig en betroubaar en moet die terapeut dikwels eers vasstel wat die kliënt se werklike maatskaplike funksionering is, voordat doelwitte gestel word.

Tweedens moet die terapeut eers vasstel of daar enige gestandardiseerde vraelyste beskikbaar is en derdens moet die kliënt se bereidwilligheid om hierdie metingskale te voltooi en te benut in ag geneem word. Die outeurs stel voor dat die terapeut een of twee skale kies om te gebruik.

Die outeurs verwys ook na die terapeut se eie gedragsfilosofie of oriëntasie. Dit kan die terapeut lei om byvoorbeeld meer op overte gedrag as interne respondering te konsentreer, of andersom.

Vierdens stateer die outeurs dat die terapeut, selfs al is daar gestandardiseerde skale, dikwels self 'n skaal wil ontwerp om verskeie redes. Soms is daar nie 'n gestandardiseerde skaal om 'n spesifieke gedragsvorm te meet nie. Geïndividualiseerde skale kan gebruik word om interne gevoelens en gedagtes of die intensiteit daarvan te meet. Hierdie skale kan ook gebruik word om kliente se gedrag oor 'n tydperk te monitor. Geëndividualiseerde metingskale het ook hoe gesigsgeldigheid en is maklik aanpasbaar met die enkelsisteemontwerp.

## 7.2 GESTANDARDISEERDE VRAELYSTE:

### 7.2.1 OMSKRYWING:

"Standardization refers to uniformity of procedures when administrating and scoring a measure, and it implies the availability of existing data concerning the validity and reliability of the measure." (Bloom, Fischer & Orme, 1999: 201). 'n Gestandardiserde vraelys is dus 'n meting wat die administrering van dieselfde vraelys items (of ander stimuli soos stellings) aan verskillende persone ooreenkomstig dieselfde administratiewe prosedures toegepas en nagesien word. Gestandardiseerde vraelyste meet teikens in terme van konsepte wat algemene relevansie tot ander kliente het. (Byvoorbeeld die huweliksbevredigingskaal)

Gestandardiseerde vraelyste word dikwels gestandardiseerde skale of indekse genoem. (Bloom, Fischer & Orme, 1999:201) Die outeurs stateer verder dat hierdie skale nuttig is tydens assesering in die enkelsisteem-ontwerp en om kliente se funksionering oor 'n tydperk te evalueer as 'n proses. Korter vraelyste wat as herhaaldelike metings benut kan word, is meer toepaslik vir evaluatiewe navorsing. Ses kenmerke van 'n gestandardiseerde vraelys, word deur die outeurs gedefinieër:

- Wat hulle meet;
- Hoe goed hulle dit meet(geldigheid en betroubaarheid);
- Hoe hulle gestruktureerd is;
- Hoevel dimensies hulle meet;
- Van wie inligting verkry word;
- Hoeveel tyd en fondse nodig is om hulle te gebruik.

## 7.2.2 Voordele van gestandardiseerde vraelyste :

Die eerste voordeel van gestandardiseerde vraelyste is die feit dat hierdie vraelyste vooraf getoets is vir geldigheid of betroubaarheid of beide. Norme is dus beskikbaar om die resultate wat tydens 'n navorsingsondersoek verkry is, te vergelyk. 'n Tweede voordeel in vergelyking met ongestruk-tureerde vraelyste, is dat die gestandardiseerde vraelys so gestruktureer is dat dit sistematies en omvattende inligting inwin wat nodig is om 'n spesifieke teiken te meet. Die kanse dat die nodige inligting wel bekom sal word, is dus groter.

'n Derde voordeel van gestandardiseerde vraelyste is hul effektiwiteit. Die meeste vraelyste is eenvoudig om te gebruik, maklik bekombaar en beskikbaar en neem min energie en tyd om te voltooi of te merk. Die vraelyste verskaf ook 'n groot verskeidenheid inligting wat nodig is om te evalueer
in die praktyk. 'n Wye verskeidenheid vraelyste is ook beskikbaar. (Bloom, Fischer & Orme, 1999:202)

## 7.2.3 Nadele van gestandardiseerde vraelyste :

Ten spyte van al bogenoemde voordele, moet gestandardiseerde vraelyste nie gebruik word om elke teiken te meet nie en moet resultate krities ontleed word.

'n Area wat met versigtigheid benader moet word is die naam of titel wat aan die vraelys gegee is. Dit is 'n aanduiding van die konsep wat die outeur wou meet, of wat die outeur geglo het die vraelys sou meet. 'n Vraelys meet nie noodwendig dit wat dit sê dit meet nie. Daar moet ook op gelet word dat twee verskillende vraelyste wat sê dat hulle dieselfde konsepte meet, nie

noodwendig interuitruilbaar is nie. Bewys van geldigheid en betroubaarheid is nodig om te bepaal of dit meet wat dit bedoel het om te meet, en ook tot watter mate meet dit dieselfde konsep as ander vraelyste meet.

Nog 'n feit wat in aanmerking geneem moet word, is dat in die meeste gevalle sal die navorser nie alles van die geldigheid of betroubaarheid van 'n vraelys weet nie. Interpretasies moet dus versigtig gedoen word.

Selfs al is 'n gestandardiseerde vraelys beskikbaar met die nodige inligting ten opsigte van geldigheid en betrou-baarheid, moet in ag geneem word dat sulke navorsings-vraelyste gedoen word op verskillende kultuurgroepe, met groot groepe mense en gewone mense in die samelewing wat dus verskillend is van die maatskaplike werker se kliënte.

Gestandardiseerde vraelyste meet teikens in terme van algemene konsepte waar aangeneem word dat hierdie konsepte relevant is vir verskillende kliente, maar dit is nie noodwendig so nie.

Die navorser moet ook daarteen waak om nie te veel vraelyste te gebruik nie. Die kliënt mag oorweldig voel of onnodige metings kan verkry word, wat nie met die teiken te doen het nie. (Bloom, Fischer & Orme, 1999: 204)

### <u>7.2.4 Selektering van 'n gestandardiseerde vraelys</u> :

Volgens Bloom Fischer & Orme (1999:205) is daar verskeie riglyne wat gevolg kan word om 'n spesifieke gestandardis-eerde vraelys,te selekteer. Hierdie riglyne het te doen met die algemene beginsels van meting asook die praktyksituasie. "We should probably start by saying that it's unlikely that you will

ever find the perfect measure. Few measures will have all the characteristics or meet all the criteria ..... thus, you will have to try to find measures that meet as many of these criteria as possible." (Bloom, Fischer & Orme, 1999:204). Die outeurs verskaf die volgende riglyne vir die selektering van 'n spesifieke gestandardiseerde vraelys:

i) <u>DOEL</u> :

Dit is die eerste en mees logiese kriteria waarna gekyk moet word. Daar moet opgelet word vir watter teiken die vraelys ontwerp is, vir watter tipe klientgroep die vraelys ontwerp is en of dit lyk asof die vraelys kan bydra tot die evaluering en assesering van die klient, met in ag neming van die kliënt se spesifieke omstandighede.

ii) <u>Direktheid</u> :

Wanneer 'n gestandardiseerde vraelys gesoek word om 'n spesifieke teiken te meet, moet daar gepoog word om 'n vraelys te selekteer wat so direk as moontlik die teiken meet. Hoe meer direk die vraelys is, hoe groter is die moontlikheid dat die vraelys veranderinge van die teiken sal meet en hoe groter is die moontlikheid dat dit betekenisvol en bruikbaar is vir gebruik met die klient. Indirekte gestandardiseerde vraelyste moet eerder vermy word. Meer algemene en multi-dimensionele vraelyste kan egter gebruik word in evaluasies. Dit kan veral gebruik word vir inisiële evaluering om die spesifieke probleemareas vir intervensie te identifiseer.

iii) RELEVANSIE TOT DIE BEPLANNING VAN DIE INTERVENSIE :

Wanneer 'n gestandardiseerde vraelys geselekteer word, moet daar rede bestaan om te glo dat dit die intervensieproses op 'n wyse sal bevorder. Die navorser moet bepaal of die vraelys sal help om te bepaal of 'n teiken verbeter of agteruitgaan, sodat modifikasie van die intervensieprogram kan plaasvind; of die vraelys kan help om te bepaal of 'n kliënt intervensie in 'n sekere area nodig het; sal die vraelys help om te bepaal wat die teiken instand hou of affekteer. In die meeste gevalle sal 'n gestandardiseerde vraelys nie aan al hierdie vereistes voloen nie, maar indien die vraelys aan geen van hierdie vereistes voldoen nie, behoort 'n ander gestandardiseerde vraelys geselekteer te word.

iv) GELDIGHEID :

Die navorser moet bepaal of daar bestaande getuienis is oor die geldigheid van die vraelys. Ten opsigte van die toets-na toets-geldigheid kan die patroon van die tellings op die basislyn geevalueer word. Indien die tellings relatief stabiel is kan die navorser aanneem dat die toets-natoets geldig is. Die meeste gestandardiseerde vraelyste is nie ontwerp vir herhaalde toepassing nie en is nie getoets vir stabiliteit onder hierdie omstandighede nie. Wanneer 'n gestandardiseerde vraelys geselekteer word, moet die navorser die toets-natoets geldigheid van die vraelys ondersoek.

v) <u>BETROUBAARHEID</u> :

Hier moet die navorser oplet of die gestandardiseerde vraelys werklik meet wat die titel/naam van die vraelys sê dit meet. Gesigsgeldigheid is baie buigbaar.

Die navorser moet ook bepaal of die vraelys voorspellings moontlik sal maak. Die vraelys moet oor konstrukgeldigheid beskik, met ander woorde het vorige navorsing bewys dat interpretasie van die instrument as meting van 'n teoretiese veranderlike, gesubstansieerd is. Indien wel, moet daar bepaal word of daar inligting bestaan ten opsigte van hoeveel studies gedoen is, hoe sterk die assosiasies was en of daar studies bestaan wat die resultate weerspreek. Nog 'n aspek van konstrukgeldigheid is die sensitiwiteit van 'n vraelys vir verandering.

vi) <u>HOE MAKLIK DIE VRAELYS GEBRUIK KAN WORD</u> :

'n Kliënt kan maklik geirriteerd raak met die herhaaldelike voltooing van 'n vraelys. 'n Gestandardiseerde vraelys verander nooit nie en dit behels energie van die kliënt om dit weer en weer in te vul. Indien die voltooiing van 'n vraelys min tyd in beslag neem, sal 'n kliënt meer geneë wees om dit te voltooi. Die tyd wat dit in beslag neem om 'n vraelys te merk en te interpreteer moet ook in ag geneem word.

vii) <u>TOEGANKLIKHEID</u> :

Sommige vraelyste is moeilik om te bekom, byvoorbeeld as 'n vraelys van die outeur self gekoop moet word of sekere

vraelyste mag net deur sekere professionele persone interpreteer word, soos diagnostiese sielkundige vraelyste.

**7.2.5 Beperkinge van gestandardiseerde vraelyste :**

Bloom, Fischer & Orme (1999: 242) wys op enkele beperkinge en tekortkominge van gestandardiseerde, self-rapporterings vraeyste.

Die kliënt, weens die mag van die gewoonte of die lang tydperk waaroor die gedrag voorkom, kan moontlik nie bewus wees dat daar 'n teiken is wat nagestreef moet word nie.

Tweedens is dit moontlik dat die kliënt te jonk of te gestremd kan wees om die inligting te verskaf. Derdens bestaan die moontlikheid dat die klient nie die inligting wil verskaf nie, of onbewus of doelbewus verkeerde inligting verskaf. "Clients may tell you what they think you want to hear, especially when you're in a position to give or withhold valued social sanctions." (Bloom, Fischer & Orme, 1999: 242) Laasgenoemde is in die gevangenis van toepassing, waar maatskaplik werkers direk gemoeid is met die vrylating van 'n gevangene.

Derdens kan kliënte ook meer verandering rapporteer bloot om hul investering van tyd en geld te regverdig.

Wanneer 'n kliënt sy/haar teikengedrag rekordeer, kan dit 'n reaktiewe effek hê en verandering kan tydens die basislyn-fase voorkom bloot as gevolg van die rekorderingsaksie. Applegate (in Bloom, Fischer & Orme, 1999: 242) het egter geen reaktiewe effek gevind met die gebruik van gestandardiseerde vraelyste nie.

Beide die HSMF en Hudson-skaal vir gesinsverhoudinge is gestandardiseerde metingskale in Suid-Afrika en word daarom

beskou as geskikte metingskale in die uitvoering van hierdie studie.

## 8. DIE HEIMLER-SKAAL VIR MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING (HSMF):

### 8.1 AGTERGROND:

Hierdie skaal meet die globale maatskaplike funksionering van die individu soos gereflekteer word in vyf lewensareas, naamlik werk en belangstelling, finansieël, vriendekring, gesin en persoonlik. Die skaal meet ook die graad van frustrasie wat elke individu ervaar. Die vyfde indeks van die skaal fokus op die globale lewensutkyk en/of simboliese betekenis wat die persoon heg aan sy lewenservaringe. (Van Zyl, 1988:22)

### 8.2 GEBRUIKE VAN DIE SKAAL:

Die skaal word volgens Naude, (1992:61) vir die volgende doeleindes gebruik:

- As asseseringsintstrument om die maatskaplike funksionering van die kliënt te bepaal;
- Vir die identifisering van spesifieke probleemareas en positiewe areas;
- Om belangrike ander inligting te bepaal soos byvoorbeeld die mate van risiko in 'n krisesituasie, die mate van angs wat die individu ervaar, en die kliënt se hanterings-meganisme vir alledaagse eise;
- Die skaal kan ook dien as 'n kort, bruikbare gevallerekord.

Die HSMF dien dus as 'n gevallerekord om vordering en verandering te meet, wat die doel is van hieride navorsingstudie. Spesifieke

probleemarea word ook geïdentifiseer, en sou die toepassing van hierdie skaal 'n duidelike aanduiding wees of die respondente se probleemarea verminder of vermeerder het.

Hiervolgens is die HMSF dus geskik vir hierdie navorsing waar daar 'n voor en 'n na-toetsing is op die eksperimentele en die kontrole-groep en die invloed van die onafhanklike verandelike gemeet wil word.

Die skaal kan benut word vir persone ouer as agtien jaar en wat 'n werkbare begrip van Engels het. Nadat die skaal voltooi is, kan die kliënt diskrepansies verduidelik. Die kern van hierdie skaal is 'n raamwerk vir verdere eksplorasie.

## 8.3 VOLTOOIING VAN DIE SKAAL:

Die skaal bestaan uit drie sub-skale naamlik, die satisfaksie- die frustrasie- en sintese-skale. Die satisfaksie-skaal is meer kompleks as die ander twee sub-skale. Die vyf subskale word as volg voltooi:

WERK :
Hier is vyf kategorieë naamlik werk, huisvrou, werkloos, student en afgetree. Alhoewel meer as een kategorie van toepassing is, moet die kliënt die een merk wat die belangrikste is.

FINANSIES :
Hier is net drie kategorieë teenwoordig. Die keuse word gemaak volgens die keuse in die werksituasie.

VRIENDSKAP :
Al die kliënte voltooi hierdie kategorie.

GESIN :

Hier is twee groeperinge wat differensieër volgens die kliënt se primêre of sekondêre gesin. Die eerste groep is relevant vir alle kliënte. Die tweede groep word slegs deur getroude kliënte of kliënte wat in 'n saamwoonverhouding betrokke is, voltooi.

PERSOONLIK :

Hierdie seksie bestaan uit twee kategorieë en hou verband met die vorige seksie. Die eerste kategorie is van toepassing op getroude en saamwoon-verhouding kliënte. Die tweede kategorie is van toepassing op alle kliënte. (Naude, 1992:62) Die kliënt moet alle vrae op die frustrasie en sintese skaal beantwoord.

## 8.4 NASIEN EN IN INTERPRETERING VAN DIE SKAAL:

Antwoorde op die vrae van die satisfaksie- en frustrasie skale bestaan uit drie moontlikhed, naamlik JA, ONSEKER en NEE. Punte van 4,2, en 0 word onderskeidelik toegeken. Elke seksie bestaan uit vyf vrae wat die punte-totaal uitmaak. Daar is twee tipes totale: 'n Basiese telling (Som van 4's) en 'n bruto telling (4's en 2's). Die basiese telling en die bruto telling word saamgetel om die totale en die bruto telling van die satisfaksie-en frustrasie-skaal, respektiewe-lik te bepaal. Hierdie twee seksies bestaan uit 25 vrae met 'n waarde van 4,2, of 0. Die totale en die bruto telling kan dus wissel van 0-100.

### 8.4.1 Die Positiewe Gemiddelde Punt : (PGP)

Die PGP word bepaal deur die gemiddelde tussen die som van die "ja" antwoorde en die "onseker" antwoorde te bepaal in die positiewe indeks.

Die gemiddelde PGP is tussen 72 en 79. Dit beteken , dat wanneer die meeste mense gemeet word hulle hierdie telling reflekteer. Persone wat hierdie telling behaal kan selfstandig funksioneer en geniet lewensatisfaksie.

'n PGP van 60 tot 72 impliseer dat so 'n persoon kan funksioneer met behulp van professionele persone soos maatskaplike werkers, sielkundiges of psigiaters.
'n PGP van 36 tot 60 impliseer 'n kliënt wat in die gemeenskap kan funksioneer met behulp van baie ondersteuning van vaardige helpers en familie en vriende.

'n PGP tussen 0 en 36 is aanduidend van 'n kliënt wat intensiewe versorging nodig het, gewoonlik in 'n inrigting of op 'n daaglikse basis.

Die PGP word in hierdie studie benut om te bepaal of persone in die eksperimentele groep, se maatskaplike funksionering verhoog het, en ook om te bepaal watter invloed geen intervensie op die kontrole-groep gehad het nie.

### 8.4.2 Die Negatiewe Gemiddelde Punt : (NGP)

Hierdie punt word op dieselfde wyse bepaal as die PGP, maar op die negatiewe indeks.

### 8.4.3 Die Positiewe Aanvangspunt : (PAP)

Die punt is die som van die "ja" antwoorde op die positiewe indeks.

#### **8.4.4 Die Positiewe Bruto Punt : (PBP)**

Dit is die som van die "ja" en "onseker" antwoorde in die positiewe indeks.

#### **8.4.5 Die Negatiewe Aanvangspunt : (NAP)**

Dit is die som van die "ja" antwoorde en die "onseker" antwoorde op die negatiewe indeks.

#### **8.4.6 Die Negatiewe Bruto Punt : (NBP)**

Dit is die som van die "ja" antwoorde en die "onseker" antwoorde in die negaiewe indeks.

#### **8.4.7 Sintese :**

Dit is die som vam die punte totale op die vyfde indeks, naamlik globale lewensuitkyk.

### **8.5 GELDIGHEID EN BETROUBAARHEID:**

Volgens Naude (1992 : 65) is hierdie skaal in Suid-Afrika gestandardiseer. Nege verskillende navorsers het die geldigheid van hierdie skaal bevestig met ander toetse soos die MMPI.

## **9. DIE HUDSON -SKAAL VIR GESINSVERHOUDINGE :**

**9.1 AGTERGROND:**

"One of the encouraging innovations in measurement for single system evaluation in clinical practice has been the development of a set of standardized scales by Hudson and his co-workers - the WALMYR assessment scales (WAS)." (Bloom et al, 1999: 217) Hierdie vraelyste is spesifiek ontwerp vir enkelsisteem evaluering om die omvang, mate en intensiteit van 'n klient se probleem deur herhaalde administrering van die skale, te evalueer en te monitor. Ongeveer vyf-en dertig van hierdie skale is ontwerp as deel van 'n pakket en is gebaseer op persoonlike, interpersoonlike en maatskaplike disfunksies waarmee terapeute meestal te doen kry. Die Hudson-skaal vir gesinsverhoudinge is een van hierdie skale. Dit is een van die min gestandardiseerde vraelyste wat spesifiek ontwerp is vir herhaalde metings. Die skale is maklik om te voltooi, meestal vyf-en twintig items, maklik om te adminstrer en neem ook min tyd in beslag om te interpreteer. Die skale neem drie tot vyf minute om in te vul en net so lank om te interpreteer.

Die skale beskik oor 'n interne konsekwentheidsgeldigeheid van .90 of beter , wat besonder hoog is, Die aanvaarbare norm is .80. Die skale meet ook wat dit moet meet. (Bloom, Fischer & Orme, 1999:218)

**9.2 NASIEN EN MERK VAN DIE SKAAL:**

Die kliënt word in hierdie vraelys gevra om elke item te in rangode te plaas op 'n sewe-punt skaal. Die skaal wissel van 1, "nooit nie" tot 7, "altyd". Die skaal is in Engels bewoord. Die laagste punt wat behaal kan word is 0 en die hoogste punt wat behaal kan word is 100. 'n Hoër telling is 'n aanduiding van die grootte en omvang van die probleem.

Die skale bevat ook "omgekeerde-telling" items om vooroordeel en subjektiwiteit by die respondent uit te skakel. Die eerste stap wat gevolg moet word, wanneer hierdie skaal nagesien en gemerk word is om die "omgekeersde telling" items om te ruil. Die items wat omgeruil moet word, verskyn onder aan die vraelys. Die volgende formule word hiervoor benut:

**Y = K + 1 - X**

Waar : Y = die omgekeerde telling item respons
K = die grootste moontlike waarde wat 'n item kan hê (Met die Hudson-skaal vir gesinsverhoudinge is dit dus 7)
X = die oorspronklike item respons

Nadat die genommerde omgekeerde-telling items bereken is, word die formule gebruik om die totale telling van die skaal te bereken :

$$S = \frac{(som[Y] - N\ (100)}{(N)\ (K - 1)}$$

Waar : S = die totale telling
Som van (Y) = die som van die item response (na omgekeerde-telling items bereken is)
K = die grootste moontlike waarde van elke item respons (dit is 7)

Indien 'n item nie ingevul is nie of 'n telling aan die item toegeken is wat buite die toegewysde telling (1-7) val, word 0 aan hierdie item toegeken.

## 9.3. INTERPRETERING VAN DIE SKAAL:

Hoe hoër die telling op die skaal nadat punte toegeken is, hoe groter is die omvang van die probleem. Daar is ook 'n kliniese afsnypunt van ongeveer 30. Mense wat meer as 30 punte behaal, het gewoonlik 'n probleem in die area wat gemeet word, en persone wat 'n telling laer as 30 behaal, het gewoonlik nie probleme in die area wat gemeet word nie. Die afsnytelling is dus 'n diagnostiese indikator en standaard waarteen verandering gemeet kan word. (Bloom, et al, 1999:239)

Die outeurs is egter van mening dat 'n telling van 30 'n rowwe riglyn is van die aan- of afwesigheid van problematiek. Hulle stel voor dat tellings vanaf 25 tot 35 as 'n grysarea beskou moet word met betrekking tot die bestaan van moontlike problematiek. Hierdie stelling word gebaseer op die feit dat dit standaardafwyking van meting van skale ongeveer 5 is. As 'n telling dus in hierdie area val, is dit beter om ondersteunende getuienis te verkry. 'The point is that higher scores should be seen as deserving of attention, with the goal of intervention being to reduce those scores to at least below 30". (Bloom, Fischer & Orme, 1999:240)

In hierdie navorsing, is die Hudson-skaal vir gesinsverhoudinge benut om te bepaal of daar 'n betekenisvolle verandering in die eksperimentele groep se tellings is en of die kontrole groep se tellings konstant gebly het of afgeneem het. Daar is dus gestreef na 'n afname in die telling wat behaal is na blootstelling aan die onafhanklike veranderlike.

Ten opsigte van die kontrole groep is dieselfde prosedure gevolg.

Die Hudson-skaal word dus in hierdie studie benut omdat dit 'n gestandardiseerde skaal is en omdat die gesinslewe van die kliënt een van die vyf sub-skale van die HSMF is. Ondersteuningsisteme speel ook 'n prominente rol in die besluit met betrekking tot paroolvrylating van 'n gevangene.

## 10. ANALISE VAN DATA

### 10.1 BESKRYWENDE EN INFERENSIëLE STATISTIEK:

Die algemene funksie van statistiese verwerkings is om data op so 'n wyse te manipuleer, dat die oorspronklike navorsingsvraag beantwoord kan word. (Healey, 1990:3) Twee algemene klasse van statistiese tegnieke bestaan. Die eerste klas tegnieke word beskrywende statistiek genoem en is relevant wanneer :

1. Die navorser die verspreiding van een veranderlike wil beskryf;
2. Wanneer die navorser die verhouding tussen twee veranderlikes wil verstaan.

Die tweede klas statistiese tegnieke word relevant wanneer die navorser bevindinge van 'n steekproef van 'n populasie wil veralgemeen. Dit is inferensiële statistiek. In hierdie studie is beskrywende sowel as inferensiële statistiek benut. Die toepassing van inferensiële statistiese tegnieke, word eerste beskryf.

### 10.2. STATISTIESE BEDUIDENDHEID:

#### 10.2.1 OMSKRYWING:

'n Sleutelkonsep in die analisering van data is die beduidendheid van waargenome veranderinge in die data vanaf die basislyn tot die intervensieperiode en ander variasies daarna, afhangende van die navorsingsontwerp wat benut word. (Bloom, Fischer, 1999: 506) Bloom, Fischer & Orme (1999: 506) onderskei ook tussen praktiese beduidendheid en statistiese beduidendheid.

**10.2.2 PRAKTIESE BEDUIDENDHEID:**

Selfs al is daar 'n verandering in die teikengedrag vanaf een fase, byvoorbeeld die basislyn fase na 'n ander fase, byvoorbeeld die intervensie fase, kan die navorser nie noodwendig aflei dat die verandering voldoende was nie. Die outeurs verwys hierna as praktiese beduidendheid, kliniese beduidendheid en maatskaplike validasie. Daar moet 'n betekenisvolle verskil in die probleem volgens iemand, veral die kliënt, wees.

Die kriteria om praktiese beduidenheid te meet, is egter nie so goed ontwikkel nie. Die seleksie en toepassing van hierdie kriteria behels hoogs persoonlike waardes wat dikwels konflikterend van aard kan wees. Om praktiese beduidendheid te bepaal, behels dikwels dat daar 'n proses van besprekings en onderhandelinge moet wees met alle betrokke partye.

In hierdie navorsingsondersoek is dit nie moontlik om praktiese beduidendheid te meet nie, aangesien die navorsing binne groepsverband plaasvind. Die gevangenes wat betrek word, se belangrike ander is ook nie geredelik beskikbaar nie.

**10.2.3 STATISTIESE BEDUIDENDHEID:**

"Any analysis involves comparisons between two or more events in connection with some valued state of affairs,...,sets of data collected before an intervention are compared with sets of data collecteded during and after intervention. Thus, analysis involves two sets of facts and one set of values." (Bloom, Fischer & Orme, 1999:507)

Volgens Grinnell (1988:392) verwys statistiese beduidendheid na die moontlikheid dat 'n verandering in die gewenste rigting van die gedrag van die kliëntsisteem bloot toevallig is en nie toegeskryf kan word aan die intervensie nie. In hierdie studie is die eksperimentele groep dan die kliëntsisteem wie se gedrag moet verander en die PSVP die intervensie.

Wanneer daar nie 'n onafhanklike waarde of kriteria beskikbaar is nie, moet daar 'n waarde verwysingspunt gevind word binne die twee stelle data. Verskeie ander faktore kan verandering te weeg bring, behalwe die intervensie, daarom is dit nodig om te besluit of daar 'n sistematiese verskil is by 'n teiken onder verskillende omstandighede en of die waargenome verskil toegeskryf kan word aan ander toevallige faktore. Toetse van beduidendheid kan benut word om te bepaal of die waargenome verandering beduidend is of nie. Hierdie statistiek kan help om meer presiese afleidinge te maak. (Bloom, Fischer & Orme, 1999:507)

Vir die doeleindes van hierdie studie word 'n eksperimentele- sowel as kontrole groep betrek. Dit impliseer dat die onafhanklike veranderlike slegs op die eksperimentele groep toegepas word. Dit is egter nodig om te bepaal of daar statistiese betekenisvolle verskille tussen die twee groepe, voor blootstelling aan die onafhanklike veranderlike is voordat aanvaar kan word dat veranderinge aan die PSVP toegeskryf kan

word. Om dit te bepaal is die Mann-Whitney toets, gebruik op die voormetings van die HMSF en die Hudson-skaal vir gesinsverhoudinge op die eksperimentele groep en die kontrole groepe, onderskeidelik.

**10.3 PARAMETRIESE EN-NIE-PARAMETRIESE TOETSE:**

Volgens Weinbach & Grinnell (1995:115) is daar twee algemene kategorieë van statistiese toetse, naamlik parametriese en nie-parametriese toetse.

Parametriese toetse vereis die volgende :

1. Ten minste een veranderlike, gewoonlik die afhanklike veranderlike, is op interval of ratio metingsvlak;
2. Die afhanklike veranderlike het 'n normale verspreiding;
3. Wanneer die eksperimentele ontwerp gebruik word, word proefpersone ewekansig toegewys.

Nie-parametriese toetse moet nie beskou word as 'n tweede keuse deur die navorser nie. Die toetse is veral nuttig wanneer een of meer die volgende omstandighede bestaan :

1. Steekproewe is saamgestel vanuit verskillende populasies en die navorser wil die verspreiidng van 'n enkele veranderlike binne elkeen vergelyk;
2. Veranderlikes is op nominale metingsvlak, of waarde kategorieë van die veranderlikes dat rangering van response kan plaasvind;
3. Wanneer baie klein steekproewe beskikbaar is. (Weinbach & Grinnell, 1995:115)

In hierdie studie sal derhalwe van nie-parametriese toetse gebruik gemaak word, aangesien die steekproef van vier-en twintig gevonniste gevangenes klein is in verhouding tot die totale gevangenesbevolking van honderd-en-dertig-duisend.

Nie-parametriese toetse word gebruik in eksperimentele navorsing indien die universum ten opsigte van die veranderlike wat nagevors word, nie 'n normale verspreiding vertoon nie. By die formulering van 'n hipotese gaan die navorser gewoonlik van die standpunt uit dat daar geen verskil tussen die eksperimentele-en kontrole groep is nie. Die uitgangspunt is dus 'n nul-hipotese. (Mulder, 1989:136)

In hierdie navorsing was dit nodig om te bepaal of die maatskaplike funksionering sowel as gesinsverhoudinge van proefpersone in die eksperimentele- en kontrole groep verskille toon, voor blootstelling aan die onafhanklike veranderlike.

**10.4 TWEEKANTIGE TOETSE:**

Volgens Cohen & Holiday (1982: 122) word 'n nie-direktiewe toets gedoen wanneer die navorser die rigting waarin die navorser glo dat die gemiddelde sal verskil, nie spesifiseer nie. Omdat 'n nie-direktiewe toets kritiese waardes aan beide kante van die verspreiding opspoor, word dit 'n tweekantige toets genoem.

## 10.4 DIE NULHIPOTESE :

Die nul-hipotese is 'n stelling van geen verskil. Die presiese vorm van die nul-hipotese sal afhang van die toets wat uitgevoer word. (Healey, 1990: 197)

Wanneer die nul-hipotese geformuleer word, word gestateer dat daar geen verband is nie. In hierdie navorsing word van die standpunt uitgegaan dat daar geen betekenisvolle verskille is tussen die eksperimentele en kontrole groepe tydens die voormetings nie.

## 10.6 DIE MANN-WHITNEY U-TOETS VIR TWEE NIE-VERWANTE GROEPE:

### 10.6.1 OMSKRYWING:

Hierdie toets is 'n nie-parameriese toets wat gebruik word vir die verwerking van gegewens van twee nie-verwante groepe. Youngman (1979:10) identifiseer riglyne waarvolgens statistiese toetsings uitgevoer kan word.

Die outeur is van mening dat die Mann Whitney U-toets gebruik kan word wanneer twee metings vergelyk word. Weinbach & Grinnell (1997: 117) se diagrammatiese voorstelling bevestig dat hierdie toets gebruik word waar die afhanklike veranderlik ordinaal is en die onafhanklie veranderlike nominaal is met twee katgorieë. Cramer (1998: 71) is van mening dat die toets benut kan word as die veranderlike nie-kategories is en die tipe data nie verbandhoudend is nie

Die toets is 'n toets van verskil vir ordinale data. (Cramer,1998:333) Geen spesifieke aanname hoef gemaak te word oor die vorm van die populasieverspreiding nie. Volgens Healey (1990:

1993) is die toets besonder nuttig vir kleiner steekproewe. Die toets kan ook gebruik word indien die navorser nie seker is oor die metingsvlak nie, met ander woorde 'n interval of ratio meting kan nie met sekerheid aanvaar word nie.

Die Mann-Whitney toets bepaal die aantal kere wat 'n telling van een van die steekproewe hoër in rangorde is, as die telling van die ander steekproef. (Healey, 1990: 200) Weinbach & Grinnell (1995: 210) stateer dat dit die toets is wat die meeste in matskaplike werk gebriuk word. Die toets poog om die nul-hipotese te verwerp. Dit bepaal ook of die verskille tussen die twee substeekproewe, toevallig is en of dit 'n steekproeffout is, in verhouding tot die afhanklike veranderlike.

Die toets is ideaal vir navorsingstudies waar twee onafhanklike substeekproewe ook genoem die digitome onafhanklike veranderlike, betrokke is. Die toets word dikwels in kwasi-eksperimentele ontwerpe gebruik om te bepaal of 'n behandeling wat aan die eksperimentele groep gegee word, maar nie aan die kontrole groep, lei tot 'n verskil binne 'n afhanklike veranderlike (Weinbach & Grinnell, 1995: 211)

Indien die waarde van U in die tabel groter is as die kleinste waarde vir die spesifieke steekproewe, dan is daar 'n betekenisvolle verskil tussen die twee groepe.

Tydens die uitvoering van hierdie navorsingsondersoek, is daar gepoog om deur middel van ewekansige toewysing die eksperimentele-en kontrole groep so te selekteer dat die nul-hipotese aanvaar kan word. Op dié wyse sou enige veranderinge by die eksperimentele groep aan die onafhanklike veranderlike toegeskryf kan word. Daar is egter geen sekerheid dat die punte-verspreidings van die eksperimentele-en kontrole groep normaal is

nie, en was dit nodig om statisties te bepaal. Op die wyse sou enige veranderinge by die eksperimentele groep aan die onafhanklike veranderlike toegeskryf kan word.

Soos bespreek in hoofstuk een, bestaan daar nie spesifiek geformuleerde, wetenskaplike kriteria vir die keuring van proefpersone vir inskakeling by die PSVP (onafhanklike veranderlike) nie. Derhalwe is die Mann Whitney-U toets gebruik om te bepaal of daar 'n statistiese betekenivolle verskil is in die voormetings van die eksperimentele- en kontrole groepe sodat waargenome verskille na blootstelling aan die onafhanlike veranderlike toegeskryf kan word aan die PSVP. Die toets is op beide metingskale toegepas.

### 10.6.2 DIE NUL-HIPOTESE VIR DIE MANN-WHITNEY U-TOETS:

Vir die Mann- Whitney toets word die nul-hipotese as volg gemaak:

$H_0$ : Die populasie waaruit die steekproewe getrek word, is identies met die veranderlike van belang.

$H_1$ : Die populasie waaruit die steekproewe getrek is verskil met betrekking tot die veranderlike van belang. (Cramer, 1998:333)

### 10.6.3 GEREKENARISEERDESTAPPE VIR DIE UITVOERING VAN DIE MANN WHITNEY U-TOETS: (Cramer, 1998: 335)

Stap 1:

Die tellings van beide steekproewe word saam gerangeer. Rang 1 word gebruik vir die laagste telling, rang 2 vir die tweede laagste telling en so aan. Indien twee of meer tellings dieselfde waarde het, het elke telling dieselfde

waarde as die gemiddelde van daardie tellings vir die gekombineerde steekproewe.

Stap 2:

Die range van die kleiner steekproef word saamgetel

Stap 3:

Die Mann-Whitney U word bereken.

Stap 4:

Die U waarde word bereken vir die tweede steekproef.

Stap 5 vir steekproewe groter as 20

Indien die steekproewe groter is as twintig, word die U waarde verander na 'n z waarde.

## 10.7 DIE WILCOXON TOETS VIR AFGEPAARDE GEGEWENS:

### 10.7.1 OMSKRYWING:

Hierdie toets is ook 'n nie-parametriese toets wat gebruik word vir inferensiële statistiek. (Healey, 1990:191). Die Wilcoxon toets word benut wanneer die metingsvlak van die afhanklike veranderlike ordinaal is en die onafhanklike veranderlike twee keer aan herhaalde metings blootgestel word.

Die toets word gebruik om 'n afhanklike veranderlike te meet vir dieselfde steekproef op twee verskillende tye. Die aantal positiewe en negatiewe verskille kan dus benut word om te bepaal of daar verskille in tellings is by twee geleenthede, soos 'n voor- en na-toets. Die Wilcoxon toets neem ook die grootte van

die verskil in ag deur die groote van die verskille in rangorde te plaas. (Cramer, 1998: 342)

In hierdie navorsing is die Wilcoxon toets op die eksperimentele groep sowel as die kontrole groep benut. Die voor- en nametings van beide groep op beide die HSMF en die Hudson-skaal is benut om te bepaal of daar betekenisvolle verskille is tussen die voormeting en die nameting op beide skale.

**10.7.2 GEREKENARISEERDE STAPPE IN DIE UITVOERING VAN DIE WILCOXON TOETS:**

(i) Stap 1

Die verskille in elke paar tellings van die eksperimentele en kontrole groep, word bereken, en die teken van die verskil word geïgnoreer.

(ii) Stap 2

Die omvang van die verskille met die teken wat die minste voorkom, word bymekaar getel.

(iii) Stap 3 vir minder as ses-en-twintig verskille

Die betekenisvolheid van die kleiner som van die omvang met dieselfde teken, word nagegaan volgens die tabel. Die tabel word die twee-stert kritiese waarde vir T vir die Wilcoxon toets genoem.

As die aantal verskille meer as vyf is, kan afgelei word dat die intervensie 'n effek gehad het. (Cramer, 1998:351)

## 10.8. METINGS VAN SENTRALE NEIGINGS:

### 10.8.1 AGTERGROND:

Die benutting van sentrale waardes vir statistiese verwerkinge is deel van beskrywende statistiek. Rou data is soms moeilik om te interpreteer as gevolg van hul groot veranderlikhede. Beskrywende statistiek word benut as hulpmiddel in visuele analise deur patrone van observasies binne fases op te som sodat veranderinge oor die fases heen, ondersoek kan word. (Bloom, Fischer & Orme, 1999: 557). In so 'n situasie is dit nuttig om al hierdie tellings te beskryf in terme van hul tipiese of sentrale waardes.

Waardes van sentrale neigings word gebruik wanneer nie-nominale veranderlikes wat 'n groot verskeidenheid waardes kan hê, van toepassing is in die uitvoering van navorsing. Tipiese waardes word genoem metings van sentrale neiging. Die drie bekendste en mees bruikbare metings van sentrale neiging is die modus, die mediaan en die gemiddelde.
(Cramer, 1998:21)

### 10.8.2 DIE MODUS:

Hierdie waarde is die eenvoudigste en word die minste gebruik. Die modus is die telling met die hoogste frekwensie in 'n stel data (Cramer, 1998:558)

Die modus as statistiese tegniek is benut tydens die beskrywing van die identifiserende besonderhedee van proefpersone in hierdie studie.

**10.8.3 DIE MEDIAAN:**

Die mediaan is daardie punt of nommer in 'n stel data wat hierdie tellings in presies twee gelyke dele verdeel, wanneer daardie tellings gerangeer word in grootte van die laagste na die hoogste telling (Cramer, 1998:21)

'n Ordinale of interval vlak van meting van die veranderlike is nodig om die mediaan te benut.

**10.8.4 DIE GEMIDDELDE:**

Die gemiddelde is die mees algemeenste meting van sentrale neiging (Cramer, 1990:22). Anders as die modus en die mediaan, neem die gemiddelde die numeriese waarde van elke telling in ag en nie net die rangorde van die tellings nie. Die gemiddelde neem dus meer inligting in ag om die tipiese waarde te bepaal.

**10.8.5 KEUSE IN DIE BENUTTING VAN SENTRALE WAARDES:**

"The answer to the question of which measures of central tendency to use when describing a distribution of values is not always easy." (Weinbach & Grinnell, 1997:45). Die outeurs verduidelik dat die modus die enigste meting is om te gebruik indien data op ordinale of nominale vlak van veranderlikes is. Indien data op ratio of interval vlak van meting is, berus die besluit dikwels op etiek eerder as voorgeskrewe reëls.

Die mediaantellings is benut om 'n aanduding te gee van die rigting van verskil tussen die eksperimentele- en kontrole groepe tydens voor- en na-meting. Die mediaantellings is ook benut op beide metingskale.Die gemiddelde is op dieselfde wyse as die mediaantellings toegepas op beide metingskale. Die resultate word grafies voorgestel in hoofstuk 6.

**OPSOMMING:**

In hierdie hoofstuk is die navorsingsprosedures en statistiese tegnieke teoreties beskryf wat benut is in hierdie navorsing-studie. Die resultate hiervan verskyn in hoofstuk 6. Die noodsaaklikheid van programevaluering word in die volgende hoofstuk bespreek.

# HOOFSTUK III

# LITERATUUROORSIG: PROGRAMEVALUERING:

## 1. INLEIDING:

In hierdie hoofstuk verskyn 'n literatuuroorsig met betrekking tot programevaluering in maatskaplike werk. Die agtergrond, geskiedenis, doelstellings en noodsaaklikheid van programevaluering vir die maatskaplike werk professie, word bespreek. Die hoofstuk moet as aansluitend vir die motivering van hierdie navorsingstudie beskou word.

Omskrywing van die begrip volg.

## 2. OMSKRYWING:

Babbie(1995:338) beskou evaluatiewe navorsing en programevaluering as sinoniem. Die outeur beskou programevaluering as 'n navorsingsdoelwit eerder as 'n spesifieke navorsingsmetode. Evaluasie vorm deel van toegepaste navorsing.

Programevaluering het dus ten doel om die effektiwiteit van 'n program te meet aan die hand van doelwitte wat deur die program bereik word. Dit vind gewoonlik in nie-winsgewende diensleweringsorganisasies plaas. Programevaluering verwys dan na 'n proses wat nooit 'n einde bereik nie. Hierdie proses moet wetenskaplik en professioneel en met behulp van navorsingsmetodes aangepas word. Die evaluering van 'n program is 'n onderafdeling van navorsing.

In hierdie navorsing word 'n maatskaplike werk program, binne 'n breër organisasie, naamlik Korrektiewe Dienste geëvalueer.

## 3. AGTERGROND EN GESKIEDENIS VAN PROGRAMEVALUERING:

Bloom & Fisher (1988:IX) beskryf die tagtigerjare binne die maatskaplike werk professie as "The age of accountability". Cabot (in Bloom & Fisher, 1988:IX) benadruk volgens hierdie outeurs programevaluering sedert 1933 : "I appeal to you......... measure, evaluate, estimate appraise your results........... state your objectives and how far you have reached them."

Freeman (in Novello, 1992:24) bevestig dat programevaluering reeds in 1930 deur sosiaal-wetenskaplikes bepleit is. De Vos(1990:28) stateer dat evaluering as spesialiteits-rigting in die twintigerjare in die VSA beslag gekry het. Tydens die tweede wêreldoorlog is programevaluering aansienlik meer toegepas en teen 1950 was dit 'n algemene verskynsel. Ware bewustheid van programevaluering in staatsdepartemente het na die Viëtnamese oorlog ontstaan. 'n Meer wetenskaplike benadering is nou vereis. Dwarsoor die wêreld was daar 'n behoefte aan meer toerekenbare programme. (Novello, 1992:26).

Shadish, Cook & Leviton, (1991:22) is van mening dat moderne maatskaplike programevaluering tydens die 1960's ontstaan het. Volgens De Vos (1990:28) het die primêre klem geleidelik begin oorskuif vanaf opvoedkunde na belangstelling in maatskaplike probleme gedurende die sestigerjare.

Die groei van programevaluering is ook toe te skryf aan die maatskaplike programme wat President Kennedy begin het en wat uitgebrei is deur Presidente Johnson & Nixon. Maatskaplike programme is van stapel gestuur in die opvoedkunde, inkomste

toelaes, behuising, gesondheid en die kriminele justisie. Geweldige bedrae geld is hieraan spandeer. Tussen 1950 en 1979 het die uitgawes aan maatskaplike programme gestyg vanaf 2.5 biljoen dollars tot 40 biljoen dollars. Hierdie groot uitgawes het belangrike temas na vore laat kom. Kongres het verwag dat die ontvangers van hierdie fondse verantwoording moes kon doen en het ook verwag dat hierdie programme ook die nodige positiewe effekte moet hê. Tot en met die 1960's het hierdie funksies meestal op papier bestaan en is nie in die praktyk toegepas nie. Korrupsie, bedrog en misbruik van hierdie fondse het ook bygedra tot die groei van programevaluering. (Shadish, Cook & Leviton, 1991:22).

Ander politieke bekommernisse het programevaluering ook 'n hupstoot gegee. Sommige observeerders het gevoel dat plaaslike projekte nie inpas by die doelstellings van die regering nie. Plaaslike administrateurs wou egter meer buigbaarheid hê ten opsigte van implementering van programme. Beide groepe was van mening dat evaluering 'n rol kan speel. Aan die een kant is evaluering benut om plaaslike variasie te beheer en aan die ander kant om dit te prys.

Daar was ook bekommernis ten opsigte van bestuur van programme. Massiewe regeringsbetrokkenheid in welsyns-aangeleenthede was 'n nuwe verskynsel en min bestuurders het enige ervaring hiervan gehad. Bestuurders het die resultate van programevaluering benodig om die bestaan van programme vir befondsing te motiveer aan plaaslike owerhede sowel as kongres.

Intellektuele bekommernisse het ook 'n rol gespeel. Kritici het gou agtergekom dat daar probleme bestaan met sommige maatskaplike programme. "They ought to discuss the process of solving social problems that undergirded the design of these programs, and to

critique old assumptions and develop new ones". (Shadish, Cook & Leviton, 1991:23). Om dit te kan doen was dit nodig om te assesseer hoe goed die programme gevaar het. Data oor die redes vir suksesse en mislukkings en die identifisering van ander paaie, as regeringsweë om die doelwitte van maatskaplike programme te bereik, is gesoek. (Shadish, Cook & Leviton, 1991: 23).

Die outeurs wys egter ook daarop dat toenemende regeringsvereistes vir programevaluering wanneer nuwe programme geëvalueer word, en die beskikbaarheid van navorsings-toestande bydra tot hierdie verskynsel.

Novello (1992:26) bevestig dat programevaluering in Suid-Afrika 'n nuwe konsep is. Programevaluering is totaal onbekend en onbemind. Dit is die onlangse beginselbesluit van die Suid-Afrikaanse regering, naamlik dat maatskaplike werk poste op grond van die doeltreffendheid van diensprogramme van welsynsorganisasies gesubsidieër word, wat programevaluering 'n alledaagse verskynsel behoort te maak.

Programevaluering word dus oral in Suid-Afrika deur ontwikkeling in die professie afgedwing. Die ontwikkeling maak mens bewus van die belangrikheid van ingeboude sistematiese evalueringsmetodes in hul praktyktoepassing (Novello, 1989:27).

Die effektiwiteit van maatskaplike werk dienste is dus gedurende die laaste twaalf jaar onder die soeklig geplaas. Ook in die Departement van Korrektiewe Dienste bestaan die probleem van 'n groot gevangenes-bevolking, sowel as persone wat tot Korrektiewe Toesig gevonnis is, teenoor beperkte mannekrag, veral professionele persone.

Lt. Kol Rita Marx bevestig dat gedurende 1980 daar ongeveer veertien maatskaplike werkers by Pretoria-Sentraal gevangenis was teenoor ongeveer duisend gevangenis. Huidiglik is daar slegs agt poste vir maatskaplike werkers. Poste-bepalings geskied op grond van die hoeveelheid gevonniste gevangenes alleenlik. Die Departement van Korrektiewe Dienste ontvang dus nie subsidiëring per program wat geloods word nie.

Die behoefte om die bereiking van doelwitte deur programme te evalueer, bestaan dus. Die huidige programbenadering in die R.S.A. is ook daarop gemik om bestaande en nuwe programme te evalueer. (De Vos, 1990:28).

Dit is belangrik om daarop te let dat die programbenadering binne die Departement van Korretkiewe Dienste nie gevolg het na die implementering van welsynsprogramme in die R.S.A. nie, maar reeds voor dit. Die klem is egter steeds op verantwoordbaarheid.

## 4. DOELSTELLINGS VAN PROGRAMEVALUERING:

Volgens Babbie (1995:338) reflekteer die groei van program-evaluering sosiaal wetenskaplike behoefte se toenemende begeerte om 'n verskil aan die wêreld te maak.

Programevaluering streef na 'n spesifieke rede om kennis in te win, naamlik om die kwaliteit van maatskaplike werk programme te verbeter. Bestaande maatskaplike werk programme sowel as voogestelde programme word bestudeer. Die outeurs bevestig dat programmevaluering toegepaste navorsing is en nie daarop gemik is om universele wwaarhede te ontdek nie. Resultate van pogram-evaluering is dikwels slegs van belang vir die persone wat

hulself met 'n spesifieke program assosiëer. (Yegidis & Wienbach, 1996: 216)

Novello (1992:39) verduidelik dat evaluering om twee redes kan plaasvind, naamlik die verbetering van resultate van 'n bestaande program of die daarstelling van 'n nuwe program. Eersgenoemde is formatiewe evaluering omdat dit daarop gemik is op die ontwikkeling van die program self. Dit is kwalitatiewe navorsing. Laasgenoemde is die summatiese evaluering omdat die evaluering gemik is op die daarstelling van 'n nuwe program of die beëindiging van 'n reeds bestaande program.

"No people do so much harm as those who go about doing good". (Cheetham, 1992:1) Hierdie is 'n aanhaling van Biskop Creighton in 1904. "Social work has been said both to uphold and to undermine the moral fabric of society and its practitioners have been regarded as courageous benefactors and as incompetent meddlers in human misery." (Cheetham, 1992:1) Kritiek ten opsigte van maatskaplike werk intervensie is egter meestal nie gebaseer op sistematiese inligting ten opsigte van die impak daarvan op groepe of organisasies nie. Die outeurs onderskei tussen eksterne druk vir evaluerende navorsing en interne druk.

Eksterne druk verwys na waarde vir geld en spesifiek om die eindresultate, wyses en koste in die publieke sektor, te onderskryf. Dis veral die hersiening van probasie dienste wat maatskaplike werk onder die soeklig geplaas het in 1990 vir evaluerende navorsing. Die afwesigheid van werklike impak deur maatskaplike werkers ten opsigte van oortreders het eerder die klem geplaas op mislukkings as suksesse. (Cheetam, 1992:3)

Interne druk vir evaluerende navorsing word deur Cheetham beskou as 'n beheermeganisme deur bestuurders of as 'n verdedigings-

respons om die voortbestaan van maatskaplike werk te verseker. Algemene etiese en professionele verpligtinge van maatskaplike werkers beklemtoon ook effektiewe dienslewering.

Lipsey (in De Vos, 1990:29) identifiseer twee basiese doelstellings, naamlik :

- Vir bestuursdoeleindes en beleidsbesluite;
- Vir kennis- en konseptuele ontwikkeling.

Die twee doelstellings is nie onderling uitsluitend nie. De Vos (1990:29) wys daarop dat die paradigma oorloë tussen die positivistiese wetenskaplikes en die beleidmakers wat minder formele evaluering vereis, onnodig is. Die outeur beveel aan dat daar eerder heen en weer op hierdie twee skale gewerk moet word en dat daar eerder gefokus moet word op wat die korrekte besluit is, naamlik :

- Tydsgewys kan 'n formele evaluering te lank neem vir formele beleidmakers; en
- Hoe responsief die verbruiker is.

Daar moet dus gewaak word teen wanaanpassing wanneer programme geëvalueer word. (De Vos, 1990:3)

Yegidis & Weinbach (1999: 216) is van mening dat programevaluering kennis na streef, naamlik om maatskaplike werk programme te verbeter. Dit is van toepassing op voorgestelde sowel as reeds bestaande programme.

Tydens die uitvoering van hierdie navorsing, word juis hierdie doelwit nagestreef. Deur te bepaal of die PSVP effektief, al dan nie toegepas word, kan die program aangepas, geïmplementeer of verwerp word.

## 5. OPSOMMEND:

Dit is dus hoofsaaklik finansiële druk, veral vanuit die befondsing van maatskaplike werk programme, en sosiaal wetenskaplikes se eie behoefte aan meting en bepaling van effektiwiteit van dienste gelewer word, wat aanleiding gegee het tot die prominentheid van programevaluering.

Dit wil voorkom asof hierdie beweging in die Verenigde State van Amerika begin het, en nou momentum in Suid-Afrika kry. Die grootste kritiek ten opsigte van maatskaplike werk programme kan gevind word in die afwesigheid van sukses ten opsigte van wetsoortreders, wat hierdie navorsingstudie relevant maak.

Die totale afwesigheid van programevaluering binne die Departement van Korrektiewe Dienste, soos genoem in hoofstuk 1, is nie in ooreenstemming met die ontwikkelings in die breër maatskaplike werk veld in Suid-Afrika of die res van die wêreld nie, terwyl kritiek teen die effektiwiteit van maatskaplike werk dienste, juis klem lê op die gebied van wetsoortreders.

Maatskaplike werk dienste in die DKD word ook nie befonds deur enige van die genoemde motiverings in hierdie hoofstuk nie, maar bloot of die aantal gevonniste gevangenes.

Maatskaplike werkers in die DKD, sowel as ander werknemers in die DKD, ondervind dus geen druk om effektiewe dienste te lewer in terme van effektiewe programme nie. Die bestuur blyk bloot tevrede te wees met die feit dat personeel aangestel is en dat maatskaplike werkers wel voldoen aan interne diensvlakstandaarde.

Gesien in die lig van die geskiedenis van programevaluering in die V.S.A. en die doelstellings van programevaluering word 'n

mileu geskep wat nie bydra tot effektiewe, behoeftegerigte maatskaplike werk dienste in die Departement van Korrektiewe dienste nie.

Rehabilitasiedoelwitte word dus nagestreef deur die DKD, maar geen maatstawwe bestaan om die effektiwiteit van huidige programme te meet nie. Die tekortkoming bestaan ook in die maatskaplike werk afdeling van DKD.

'n Literatuuroorsig van die gevangenisopset, waarbinne evaluering van die PSVP uitgevoer is, volg.

# HOOFSTUK IV

## LITERATUUROORSIG: DIE GEVANGENIS

### 1. INLEIDING:

Gedrag vind plaas binne 'n konteks. Die gevangenis is die gemeenskap waarin die gevangene hom bevind.

Maatskaplike werk programme word aangebied ook binne 'n konteks. Die gevangenisopset verskil radikaal met die van die gewone samelewing. In hierdie hoofstuk, sal gepoog word om die gevangenisopset waarbinne die gevangene, en dus ook die proefpersone in hierdie studie verkeer, uit te beeld.

In die tweede deel van hierdie hoofstuk, sal aandag gegee word aan die formele strukture en beleid van Departement van Korrektiewe Dienste om uitvoering te gee aan die spesifieke take van 'n gevangenisowerheid.

### 2. DIE GEVANGENISOPSET:

### 2.1 DOEL VAN DIE DEPARTEMENT VAN KORREKTIEWE DIENSTE:

Neser (1989:30) stateer dat 'n gevangenisdiensorganisasie gestalte kry binne 'n beleidsraamwerk en in wese aansluit by die breë ordehandhawingsdoel. Die veilige bewaring van die gevangene, pogings om die gevangene voor te berei om met gemeenskapseise te konformeer, en om geleenthede tot selfverwesenliking binne wetsgehoorsame gedragspatrone te benut, is 'n universele doel van korrektiewe organisasies.

Die huidige missie van die Departement van Korrektiewe Dienste is:
"Om by te dra tot die bevordering van gemeenskapsorde en veiligheid deur :

- Effektiewe beheer uit te oefen oor oortreders wat met die nodige hofsanksies onder Korrektiewe Toesig in die gemeenskap geplaas is, en;
- Die aanhouding van gevangenes op die mees koste-effektiewe en mins beperkende wyse." (Nexus, Maart 1991:3)

Die missie sowel as die Wet op gevangenisse maak dus voorsiening vir rehabilitasiedoelwitte.

## 3. DIE GEVANGENISGEMEENSKAP:

Wanneer iemand in 'n gevangenis opgeneem word, word sy vryheid ontneem. Intieme primêre groepe wat vir die gevangene omgee, word agtergelaat. Neser (1989:137) stateer dat die gevangenisgemeenskap in skrille kontras staan met dié van die groep wat agtergelaat word.

Alle aspekte van die gevangenislewe word deur dieselfde gesag binne dieselfde fisiese omgewing bestuur en beheer. Elke aktiwiteit van die gevangene vind plaas in die teenwoordigheid van ander, almal word dieselfde hanteer en die gevangene word elke dag aan dieselfde roetine blootgestel.

Die lewenstyl van enige gemeenskap word bepaal deur kultuur, gevestigde lewenspatrone, 'n omvattende stelsel van tradisies en gewoontes, en deur 'n sisteem van verhoudings, waardes, norme en simbole. Kultuur is dus 'n produk van die mens se aanpassing by

sy omgewing. Twee belangrike kenmerke is dat dit gedrag beheer en verskil van groep tot groep. (Neser, 1989:138).

## 4. ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE GEVANGENISSUBKULTUUR:

Twee modelle word gebruik om die ontstaan en ontwikkeling van die gevangenissubkultuur te bespreek. Dit is die deprivasie-model en die importasiemodel.

Die deprivasiemodel het sy oorsprong in die ontberinge wat met gevangenisstraf gepaard gaan en die sosiale omstandighede waarby 'n gevangene moet aanpas. (Neser, 1988:138). Gevangenes poog om die probleem van deprivasie te oorkom deur die daarstelling van 'n subkulturele normatiewe sisteem. Die depriverende omstandighede sluit in die ontberinge van vryheid, van goedere en dienste, van heteroseksuele verhoudings, van outonomie en van sekuriteit.

### 4.1 DEPRIVASIE:

#### 4.1.1 Ontbering van vryheid :

Johnston en Toch(1970:447) beweer dat die verlies van vryheid die grootste enkele ontbering is. Die oortreder moet binne 'n begrensde gebied lewe en vryheid word nog verder beperk deur kontrole- en sekurteitsmaatreëls.

Die gevangene word afgesluit van sy familie en vriende. Sulke isolasie is pynlik wat betref emosionele verhoudings, eensaamheid en verveeldheid. Dit word vererger deurdat gevangenesetting 'n doelbewuste morele verwerping deur die gemeenskap is.

**4.1.2 Ontbering van goedere en dienste :**

Die gevangene bevind hom in 'n omgewing wat slegs aan die basiese fisiese en psigiese behoeftes voldoen. Daar is geen ruimte vir persoonlike voor- en afkeure nie.

In die Westerse kultuur is materiële besittings 'n belangrike deel van die individu se eiewaarde. Die ontneming hiervan is 'n gevoelige aanslag teen die diepste wese van die persoon.

**4.1.3 Ontbering van heteroseksuele verhoudings :**

Volgens Reid (1981:610) word die manlike oortreder in 'n figuurlike sin ontman deur sy gedwonge afsondering van die teenoorgestelde geslag. Aan die ander kant word die gevangene se toegang tot massakommunikasie, pornografie en ander soortgelyke stimuli nie afgesny nie. Sy seksuele impulse word dus voortdurend geaktiveer. Dit gee aanleiding tot homoseksuele verhoudings binne die gevangenis.

Afgesien van die fisiologiese frustrasie wat ervaar word, ontstaan daar ook sielkundige problematiek. 'n Gemeenskap wat slegs uit mans bestaan, lei tot gevoelens van onrus oor hul manlikheid. Geweld en aggressie is 'n deel van gevangenisstraf. (Neser, 1989: 140)

**4.1.4 Ontbering van outonomie :**

Institusionalisering, volgens die Viljoenkomissie (Neser, 1976:76), ontneem 'n individu sy sin vir verantwoordelikheid, inisiatief, dryfkrag en selfdissipline.

Hoewel die gemeenskap en die Departement van Korrektiewe Dienste wel rehabilitasiedoelwitte nastreef, is die ontberinge soos hierbo genoem, juis nie opbouend of rehabiliterend van aard nie. Ten spyte van enige pogings tot verandering, bly 'n gevangenis 'n kunsmatige gemeenskap met 'n eie stel reëls en eienskappe uniek aan gevangenisstraf, wat afbrekend op die individu inwerk. Vergelding en straf is steeds die oorwegende faktore binne hierdie sisteem.

### **4.1.5 Kodes:**

Om by die ongevoelige fisiese omgewing van die gevangenis aan te pas, ontwikkel gevangenes hule eie stel norme wat as gevangenekodes bekend staan. Die kodes en sosiale stelsels is 'n vorm van sosiale beheer waar 'n individu deur groepsdruk in staat gestel word om in die gevangenis aan te pas en terselfdertyd 'n mate van status te behou. Hierdie gevangene kodes is grootliks verantwoordelik vir die negatiewe gesindheid teenoor die lede van die Departement en die owerheid. (Neser, 1989:143)

Neser (1989:143) is van mening dat gedrag wat as problematies beskryf word, toegeskryf kan word aan die gevangenekode. Die konformering met of afwyking van die gevangenekodes, vorm die basis vir die klassifikasies en beskrywings van interpersoonlike verhoudinge van gevangenes met mekaar en met personeellede. Neser (1989:114) identifiseer die volgende voorbeelde van voorskrifte waaruit die kode bestaan :

- Moenie **piemp** nie. "(Above else, do not snitch)."
- Moenie foute of oortredinge beken nie. "(Do not cop out)."
- Moenie voordeel trek uit die ellende van ander gevangenes nie.
- Deel wat jy het.
- Help ander gevangenes.
- Moenie jou neus in ander se sake steek nie.
- Moenie lede vertrou nie.
- Toon lojaliteit aan ander gevangenes.

Indien onsekerheid by 'n gevangene bestaan ten opsigte van die nakoming van die kode, is die goue reël om tussen mede-gevangenes voor te gee dat hy teen die beheer en normes van die gevangenislede is en terselfdertyd die personeel te oortuig dat jy verander het en gereed is om na die gemeenskap terug te keer.

Bogenoemde dui dus op die tipiese manipulatiewe gedrag wat by gevangenes voorkom. Dit bemoeilik die aanleer van sosiale vaardighede, aangesien gedrag nie noodwendig opreg is nie en derhalwe nie noodwendig geïnternaliseer gaan word nie.

Indien 'n gevangene nie die kodes van die subkultuur aanvaar nie, loop die gevangene die gevaar om verwerp te word deur mede-gevangenes. Verskeie terme word gebruik om die gevangenes te beskryf. 'n Verraaier word 'n **"rat"**, swakkeling, "weakling" ensovoorts genoem. (Neser, 1989:145

**<u>4.1.6 Groepvorming:</u>**

Johnson et al (1970:423) verwys na lojaliteit onder gevangenes as volg : "......... These men cling to one another with a group loyalty not excelled in purity and inviolability by those fine emotions

which animate and consolidate groups of human beings............. in any relationship." Groepsgebondenheid kom ook duidelik na vore tydens konfliksituasies soos opstande en ontvlugtings.

Die volgende faktore speel 'n belangrike rol by groepvorming:

- Die frustrasie van die gevangene gemeenskap veroorsaak dat gevangenes ontvanklik is vir ideologieë wat nie amptelike status geniet nie.
- Isolasie uit die vrye gemeenskap veroorsaak gevoelens van sosiale verwerping en dit dien as basiese tema vir motivering. Deur die aanvaarding van die gevangenekodes en -norme beskerm die gevangene homself teen die aftakeling van die gemeenskap.
- Gevangeneskap bedreig die gevangene se manlikheid deurdat hy ontneem word van heteroseksuele verhoudings en die verlies van die rol as versorger. Oorkompensasie lei tot aggressie en weerstand teen die dominering van personeellede.
- Gevangenes word intens blootgestel aan gesworе misdadigers en het geen ander keuse as om saam met die minderwaardige tipe mense te lewe nie.
- Lidmaatskap aan sekere groepe word oorweeg om die vernederings van die gevangenesetting vry te spring.
- Die groep bied beskerming en ondersteuning aan sy lede.
- Toegang word verkry tot die inrigting se informele kommunikasienetwerk.
- Die gevangene kry bevrediging in die groep en voel tuis omdat hy deur ander verstaan word en ander stel belang in sy probleme.

## 4.2 INVLOED VAN DIE GEVANGENISSUB-KULTUUR OP GEVANGENES:

### 4.2.1 Ontwikkeling van 'n gevangenispersoonlikheid :

"Net soos 'n kind gewoond raak aan die norms van die volwasse wêreld, word nuwe gevangenes in die inrigting gesosialiseer. Ten einde suksesvol te kan inskakel, moet gevangenes ontoepaslike gedragspatrone afleer en die aanvanklike weerstandsgevoelens teenoor die gevangenis oorkom. Gevangenes leer spoedig 'n anonimiteit aan soos dieselfde klere en haarstyle vir almal en die vervanging van 'n persoon se naam met 'n nommer." (Neser, 1989:155)

Hierdie depersonalisering word bevestig deur Clemmer et al (1977:180), Silver (1981:213) en Carney (1974:147). Clemmer et al(1977:180) gebruik die term "prisonization". Dit verwys na die invloed van gevangenesetting op gevangenes en word beskou as 'n sosialiseringsproses. Institusionalisering vind plaas. Die veranderlikes wat die proses beïnvloed, is frekwensie, duur, belangrikheid en intensiteit van misdadige gedragspatrone. Dit is gebaseer op die sosiale leerteorie. (Neser, 1989:150)

Die vatbaarheid van gevangenes vir die negatiewe invloed van sosialisering word bepaal deur die volgende :

- Die gevangene se persoonlikheidsamestelling;
- Die aard van sosialisering wat gevangenesetting vooraf gegaan het;
- Die aard en intensiteit van die gevangene se verwantskappe en verhoudings met persone buite die gevangenis;
- Die wyse van betrokkenheid van die gevangene by primêre groepe buite die gevangenis;

- 'n Toevalligheidsfaktor wat verband hou met die gevangene se plasing in die gevangenis, byvoorbeeld in die sel waar hy gaan slaap in die gevangenis en gevangenes in sy onmmiddellike omgewing;
- Die termyn van gevangenisstraf;
- Die mate waarin die gevangene die gevangenekodes en norme internaliseer; Ouderdom, misdaadgeskiedenis, nasionaliteit, ras en omgewingskondisionering;
- Toekomsverwagtinge van die gevangene. (Neser, 1989:156)

Die faktore bestaan afsonderlik, maar hou ook verband met mekaar. Die sosialiseringsproses word bespoedig wanneer die gevangene lid van 'n primêre groep word wat die gevangenekode navolg, intieme verhoudings met 'n gevangene aanknoop wat sterk misdadigersneigings toon en terselfdertyd nie bemoeienis maak met persone wie se gedrag op wetsgehoorsame patrone geskoei is nie.

Leger & Stratton (1977:95) onderskei 'n tweede sosialiseringspatroon, naamlik vooruitlopende sosialisering. Dit impliseer dat gevangenes na gevangenesetting aanvanklik hul eie waardes en norme behou. Namate gevangenes egter 'n tydperk aan die gevangenissubkultuur blootgestel word, reflekteer hul waardeoordeel dié van die groep. Die kritieke fase ontwikkel wanneer gevangenes bewus raak van hul naderende vrylating. Die gevangene berei homself voor op vrylatings deur hom onder andere te distansieër van sy verwysingsgroep. Die klem gaan nou na 'n nuwe belangegroep in die gemeenskap.

Die uiteindelike gevolg van die sosialiseringsproses, is die internalisering van 'n misdadige uitkyk wat die gevangenes in 'n mate immuun maak vir die invloed van 'n normale waarde-sisteem. Wanneer die gevangene hierdie graad van institusionalisering bereik het, kan 'n tipiese gevangenis-persoonlikheid wat

ontwikkel het, in die weg staan van sinvolle gemeenskaps-inskakeling.

Senna & Siegel (1993: 593) wys daarop dat ten spyte van al hierdie ontberinge, leer die meeste gevangenes om tog by die roetine van 'n gevangenis aan te pas. Gevangens kan wel op 'n volwaase wyse leer om die gevangenisopset te hanteer. Die outeur verwys hierna as 'n proses van "mature coping". Senna & Siegel, 1993: 594). Hierdie proses behels take soos konstruktiewe probleemhantering deur alle moontlike hulpbronne tot die gevangene se beskikking te gebruik. Empatisering met mede-gevangenes en om andere te help kan die gevangene laat voel dat hy wel deel is van 'n menslike gemeenskap.

Hierdie beïnvloeding kan nadelig inwerk op die aanbieding en implementering van enige maatskaplike werk program en die doelwit van rehabilitasie. Die sosiale vaardigheidsprogram streef in wese dieselfde doelwitte na as die negatiewe gevangenekodes, naamlik hersosialisering van die gevangene. Die gevangene bevind homself dus in 'n ambivalente situasie.

Mathieson (1990:47) stateer in dié verband : "Not only can we most certainly say that the prison does not rehabilitate. Most likely we can also say that it in fact dehabilitates……… And just as systematically, the rehabilitation result has failed to appear. This conclusion receives extremely broad support in extensive treatment research literature……………… "

Die doel van die derde fase van die PSVP naamlik, om die persoon te oriënteer tot 'n gesonde lewenstyl en gesonde selfbestuur, blyk dus relevant te wees. Die invloed van die gevangenisubkultuur, is egter 'n realiteit.

Die ontwikkeling van 'n gevangenispersoonlikheid is dus nie totaal en al onafwendbaar nie. Gesien in die lig van die negatiewe omstandighede in 'n gevangenis, veral in Suid-Afrika, waar sommige gevanenisse tot 200% oorbevolk is, is die omstandighede nie ideaal vir volwasse hantering van gevangenisskap nie.

## 4.3 Onrus, opstande en geweld :

Volgens Neser (1989:157) is onrus en opstande so oud soos die bestaan van die gevangenis self. Onrus word geassosieër met een of ander vorm van oproerigheid. Opstande word omskryf as verset teen gesag. Geweld word gedefinieër as krag wat met 'n hewige onstuimigheid uitgeoefen word en sluit aspekte soos aanranding en moord in gevangenisse in.

Geweld is dikwels 'n kenmerkende eienskap by opstande. Hier kan onderskei word tusen aktiewe optredes en onaktiewe optredes van gevangenes. Onaktiewe of aggressielose optrede van gevangenes sluit onder meer honger-en sitstakings in. Aktiewe optredes gaan gepaard met direkte of geweldadige aggressie en sluit selfbesering, besering van mede-gevangenes, aanranding van personeel en die beskadiging van geboue en toerusting in. Brandstigting is ook 'n voorbeeld hiervan.

### 4.3.1 Oorsake van onrus :

Johnston & Toch (1982:79) onderskei die volgende faktore:

- Gevangenisoorbevolking;
- Heterogene gevangenisgemeenskap;
- Ledigheid van gevangenes;

- Veiligheidsbeperkinge wat gevangenes se keusemoontlikhede beperk.

**4.3.2 Oorsake van opstande :**

Bowker (1980:143) stel die oorsake skematies voor, naamlik :

| INRIGTINGSVERWANT | NIE-INRIGTINGSVERWANT |
|---|---|
| Swak bestuur. | Houding van gevangenes. |
| Onvoldoende personeel. | Onrus in die groter gemeenskap. |
| Onvoldoende fasiliteite. | Onvoldoende fondse. |
| Gebrek aan konstruktiewe vryetydsbesteking. | Leemtes in die regstelsel. |
| Onvoldoende wettige vergoeding. | Gebrek aan betekenisvolle vergoeding. |

Vyf ontwikkelingsfases word deur Fox (Carney, 1974:179) onderskei ten opsigte van opstande in die gevangenis :

FASE 1:
'n Aanleidende voorval vind plaas, wat gevangenes ontstig en onrustig maak.

FASE 2:
Leiers tree na vore, en die owerhede begin voorsorg tref om die situasies te beheer.

FASE 3:
Interaksie tussen gevangenes en senior personeel vind plaas. Hierdie kan in 'n fase van onderhandeling of kontak en dwang ontaard.

FASE 4:

Die gevangene gee oor. Hierdie oorgawe kan deur druk of mag wat personeellede uitoefen, bewerkstellig word.

FASE 5:
Ondersoeke, politieke gevolge en beleidsveranderinge vind plaas.

### 4.3.3 Oorsake van geweld :

Johnson & Toch (1982:64) identifiseer die volgende faktore :

- Onvoldoende toesig deur personeellede;
- Die fisiese opset wat viktimisering vergemaklik;
- Beskikbaarheid van dodelike wapens;
- Die aanhouding van geweldadige gevangenes saam met werklose, ontoereikende gevangenes;
- 'n Hoë spanningsvlak as gevolg van voortdurende konflik tussen individue of groepe. Ontlading van spanning dien as versterkers van gevangenisgeweld;
- 'n Houding van aanval is beter as verdedig;
- Geweld kan ekonomiese voordele vir die aggressor inhou.

Daar is 'n verband tussen geweld en dissiplinêre probleme. Neser (1989:159) beskou dobbelary, seksuele bedrywighede en gevegte as die drie prominentste dissiplinêre probleme. Gevangenes glo dat hulle deur middel van geweld baat kan vind op die volgende wyses:

- Groter status in die subkultuur;
- Verhoogde selfwaarde;
- Die aggressor se kanse om in die toekoms aangerand te word, verminder;

- Dit kan ekonomiese voordele inhou. Indien die gevangene 'n reputasie opbou as die agressor, kan hy keuses uitoefen met wie hy wil assosïeer.

Gevangenes glo ook dat hulle gouer ontslaan kan word. Deur byvoorbeeld aanvanklik by 'n enkele aanranding betrokke te wees en dan te onttrek, kan personeellede moontlik oortuig word dat die gevangene se gedrag verbeter het. (Bowker, 1980:31)

## 4.4 BENDES:

Volgens die RGN bendeverslag (Lotter & Schurink, 1984:14) is daar heelwat weergawes oor die ontstaan van bendes. Bendes kom egter oral en in alle gevangenisse voor. (Neser, 1989; Leger, 1977; Mathieson, 1990)

### 4.4.1 Faktore wat aanleiding gee tot bendevorming :

Neser (1989:161) is van mening dat bendes uit gevangenissubkulture ontwikkel. Gevangenes poog om die punvolle bestaan, wat deur ontberinge in die gevangenis veroorsaak word, te transendeer deur by gevangenisbendes aan te sluit. Die bende is soos 'n gesin waaraan die gevangene behoort.

Die importasiemodel verwys egter na die houdings en gedragspatrone wat deur die gevangenes vanuit die gemeenskap in die gevangenis ingebring word. Bendes word dus vanuit die gemeenskap in die gevangenis ingebring en verder ontwikkel. Revere (1982:263) bevestig hierdie standpunt. "Going to the streets for self-esteems also leads to the organization of gangs.............. The kids then believe they must protect themselves as best as they can, so more of them carry knives and guns and more crime results."

Leger & Stratton (1977:152) bevestig dat bendes fisiese en psigiese funksies binne 'n gevngenis vervul. Eerstens dien bendes as 'n buffer teen armoede binne die gevangenis. Leiers word aangewys om 'n gemeenskaplike kruidenierskas te beheer. Daar word ook van 'n bendelid verwag om gesteelde winste met ander bendelede te deel. Wanneer 'n bendelid in isolasie geplaas word, is hy ook altyd verseker van kruideniersware soos sigarette en dagga.

Die bende funksioneer ook as 'n kommunikasienetwerk. "By having their soldiers assigned to jobs in the administration buildings as runners, as yard gang workers, and as house help, the gangs insure that information can flow from front to back with great precision." (Leger & Stratton, 1977: 154)

Bendes verskaf dus 'n identifikasiebron, 'n gevoel van behoort, en 'n gevoel van belangrikheid aan gevangenes. Om deel te word hiervan, moet gevangenes aanpas by die vereistes van die bende. 'n Hersosialiseringsproses vind dus plaas.

Hierdie gedrag is meestal nie in lyn met sosiaal aanvaarbare gedrag binne die gemeenskap nie. Die gevangenisubkultuur is dus teenstrydig met die doelwitte van rehabilitasie en spesifiek die sosiale vaardigheidsprogram.

## 5. DIE PROGRAMBENADERING BINNE DIE DEPARTEMENT VAN KORREKTIEWE DIENSTE:

### 5.1 ONTSTAAN EN ONTWIKKELING:

Neser (1989:244) stateer dat gedragswetenskaplikes al vir dekades poog om jeug- en volwasse oortreders te kategoriseer. Deur middel van deduktiewe heuristiese metodes of induktiewe kwantitatiewe metodes is gepoog om gevangenes op grond van hulle intellek, misdaadpatrone, persoonlikheidsamestelling, sekuriteitsrisiko en ander koverte of overte karaktertrekke, te verdeel.

Tydens die 1800's het 'n klemverskuiwing plaasgevind van 'n strafregtelike benadering na 'n rehabilitiewe- of behandelingsbenadering. 'n Behoefte na 'n klassifikasie sisteem vir beide sekuriteits- en behandelingsdoelstelling, het ontwikkel.

Ten einde die lynfunksie in die hantering van gevonniste gevangenes meer gekoördineerd en doelgerig te laat geskied, het die Bestuursraad op 6 Mei 1988 besluit om die program- benadering as vertrekpunt te aanvaar. Die ontwikkeling hiervan is deur 'n projekkomitee hanteer.

Voorheen het die totale hantering van gevangenes berus op die uitgangspunt om gevangenes te skei op grond van die diepte-en horisontale klassifikasiestelsel. Die grootste probleem was dat die stelsel subjektief, onwetenskaplik en inkonsekwent bedryf is. Die koppeling van voorregte en sekuriteit (horisontale klassifikasiestelsel) het aanleiding gegee tot toepassingsprobleme, aangesien plooibaarheid ontbreek het. Ten einde aan die behandelingspodrag uitvoering te gee, het die programbenadering as alternatief ontwikkel. (Neser, 1989:252)

Twee-en-twintig programme is geregistreer waarvan drie deur die maatskaplike werk afdeling aangebied moet word. Die Persoonlike- en Sosiale Vaardigheidsprogram(PSVP) is oorspronklik geregistreer as 'n sielkundige program.

Dit is onduidelik hoe dit gebeur het dat die PSVP deur die maatskaplike werk afdeling aangebied is. Die program word vir reeds langer as vier jaar bedryf deur die maatskaplike werk afdeling te Pretoria Sentraal Gevangenis (PSG). Dit is derhalwe noodsaaklik om te evalueer of so 'n program wel suksesvol deur maatskaplike werkers bedryf kan word.

## 5.2 DIE PROSES:

Neser (1989:253) verduidelik die proses as volg. Drie vlakke van assesering bestaan: Opname-assesering word deur middel van behoefte-asseseringsinstrumente gedoen. Hier word besluit watter gevangenes by subgroephanterings, probleem-georiënteerde- en individuele programme ingeskakel moet word.

Gedurende disposisionele assesering word daar vanuit die beskikbare gegewens aangaande die gevangene se funksionering 'n analise van die disposisie gemaak. Hiervolgens word besluit watter spesifieke programme bo en behalwe die universele program, op die gevangene van toepassing gemaak word.

Tydens intensiewe asseserings word prioriteitsareas vir elke gevangene se behoeftes geïdentifiseer en word individuele behandelingsprogramme saamgestel.

## 5.3 TIPE PROGRAMME:

### 5.3.1 Universele programme :

Hierdie kategorie verteenwoordig daardie aktiwiteite wat op alle gevangenes van toepassing is. Die programme is primêr gerig op effektiewe beheer, maar is steeds gemik op modifikasie van

gevagnenes se funksionering. Dit sluit voorregte, gratifikasie, dissipline en sekuriteitsklassifi-kasie in.

**5.3.2 Subgroephanteringsprogramme :**

Hierdie programme maak voorsiening vir gedifferensieërde hanteringskategorieë om gevangenes wat oor gemeenskaplike eienskappe vir struktuur, kontrole, ondersteuning en/of konfrontasie beskik, te akkommodeer. Voorbeelde hiervan is die hantering van jeugdige- en korttermyn gevangenes.

**5.3.3 Probleemgeöriënteerde programme :**

Dit is die programme wat daarop gemik is om 'n spesifieke aanpassings-of gemeenskapsinskakeling probleem die hoof te bied, byvoorbeeld dwelmverslawing. Die PSVP is 'n voorbeeld van so 'n program.

**5.3.4 Individuele programme :**

Hierdie programme maak voorsiening vir gevangenes wat nie binne die subgroephanteringsprogramme of probleem-geöriënteerde programme geakkommodeer kan word nie. Voorbeelde hiervan is mediese versorging, konsultasies, individuele terapie en ondersteuning.

Die Departement van Korrektiewe dienste het dus geleidelik oorbeweeg na 'n meer rehabiliterende benadering wat uiting vind in die programbenadering.

In hoofstuk 1 is verwys na die sukses van rehabilitasieprogramme met betrekking tot wetsoortreders.

## 6. OPSOMMEND:

In hierdie hoofstuk is gepoog om die agtergrond en konteks waarbinne die onafhanklike veranderlike, die PSVP, deur maatskaplike werkers geïmplementeer word.

Die gevangenis kan beskryf word as 'n relatief geslote gemeenskap. 'n Eie kultuur ontstaan binne die gevangenis. Ten einde hierby aan te pas, ondergaan gevangenes 'n her-sosialiseringsproses om aanvaarding van mede-gevangenes te verkry. Hierdie subkultuur binne 'n gevangenis is hoofsaaklik teenstrydig met rehabilitasiedoelwitte en die gevangene bevind homself in 'n ambivalente posisie. Om aan te pas in die gemeenskap na vrylating vereis weereens 'n hersosialiseringsproses nadat institusionali-sering plaasgevind het.

Geweld, onrus, opstande en bendevorming kom in elke gevangenis voor. Groepvorming en bendes vervul ook belangrike universele behoeftes van die mens, byvoorbeeld 'n bron van identifikasie, sekuriteitsbehoeftes en aanvaarding. Geweld en bendes is egter nie 'n sosiaal aanvaarbare verskynsel nie. "Sosiale vaardighede" wat deur die institusionaliseringsproses aangleer word, verskil ook met aanvaarbare sosiale vaardighede in die vye gemeenskap.

Hoewel die gevangene 'n keuse kan uitoefen met betrekking tot hanteringstrategieë in 'n gevangenis, blyk dit makliker te wees om die verkeerde keuses te maak. Die verklaring van misdadige gedrag, dui daarop dat die meeste wetsoortreders aan 'n negatiewe sosialiseringsproses blootgestel was, en die gevangenisopset versterk hierdie proses.

Die gevangenis is volgens bogenoemde literatuur nie die mees gewenste opset om gedragsverandering te kweek nie. Die meeste outeurs is van mening dat gevangenisstraf eerder bydra tot verdere misdaad as om die oortreder te verander om 'n wetsgehoorsame burger te word. Rehabilitasiedoelwitte word enersyds gekortwiek deur die opset, maar bied ook andersyds aan die gevangene die geleentheid tot ontwikkeling van onder andere probleemoplossende vaardighede.

Navorsingsresultate met betrekking tot programme vir wetsoortreders is weersprekend. Programevaluering het ten doel om hierdie vraagstukke aan te spreek. Soos genoem in hoofstuk 3, word veral maatskaplike werk programme met betrekking tot wetsoortreders sterk, gekritiseer.

Die noodsaaklikheid van programevaluering deur maatskaplike werkers in die Departement van Korrektiewe Dienste in Suid-Afrika, word weereens sterk beklemtoon.

Die gevanenis is die omgewing waarbinne die gevangene hom bevind. In die volgende hoofstuk verskyn 'n teoretiese oorsig na die faktore wat lei tot misdaad en gevangenisstraf.

# HOOFSTUK V

# LITERATUUROORSIG: MISDAADVEROORSAKENDE GEDRAG

## 1. INLEIDING:

Kriminologiese teorieë het 'n lang geskiedenis om die oorsake van misdaad te vind. Kriminoloë ondersoek reeds die afgelope 2000 jaar die ooorsake van misdaad. 'n Magdom van teorieë het hieruit ontwikkel. (Williams & McShane, 1994:131). Sacco & Kennedy, (1994:41) bevestig dat die verklaring van misdaad verskeie gekompliseerde antwoorde opgelewer het. "......the explanation of crime boils down to one simple question that has spawned several complicated answers. Why do offenders do what they do?"

Die lang soektog het egter meer vrae as antwoorde opgelewer. Na 200 jaar van wetenskaplike ontwikkeling, is daar steeds nie een enkele paradigma gevind om misdaad te verklaar, wat deur almal aanvaar word. Hierdie verskynsel word toegeskryf aan die kompleksiteit van misdaad. (Williams & McShane, 1994: 127)

Die onderwerp van misdaad word deur navorsers in byna al die wetenskappe bestudeer. Kontraversiteit bevorder die ontwikkeling van wetenskaplike kennis. (Williams & McShane, 1994: 127)

In hierdie hoofstuk volg 'n beknopte oorsig van kriminologiese teorieë om misdadige gedrag te verklaar. Aangesien al die teorieë nie binne hierdie oorsig ingepas kan word nie, word slegs die sosiale leerteorie meer volledig bespreek.

## 2. BENADERINGE TOT KRIMINELE GEDRAG:

Senna & Siegel (1993:85) onderskei tussen die klassieke benadering en die rasionele benadering. Beide benaderinge word kortliks genoem.

### 2.1 DIE KLASSIEKE BENADERING TOT KRIMINELE GEDRAG:

Die oorsprong van hierdie benadering, kan gevind word in die agtiende eeu en staan vandag bekend as klassieke kriminologie. Twee morele filosowe, Cesare Beccaria en Jeremy Bentham, het die grondslag vir hierdie benadering gelê. (Senna & Siegel, 1993: 85). Die outeurs identifiseer die volgende beginsels onderliggend aan hierdie benadering:

- Alle mense wat oor 'n vrye wil beskik, kan kies tussen kriminele of konvensionele gedrag;
- Vir sommige mense, is kriminele oplossings meer aanloklik; aangesien dit minder inspanning vereis en meer resultate oplewer;
- Mense sal hul weerhou van kriminele gedrag as hulle glo dat die straf vir hulle gedrag groter is as die potensiële wins van hul gedrag;
- Straf wat deur die wetgewer opgelê kan word, is die primêre afskrikkingsmiddel tot misdaad.

### 2.2 DIE RASIONELE BENADERING:

Klassieke beginsels is deur die jare geherformuleer na wat genoem word 'n keuse teorie. (Senna & Siegel, 1993: 86)

Misdaad word gesien as 'n gebeurtenis wat voorkom wanneer die individu besluit om misdaad te pleeg met inagneming van die

risiko van misdaad, nadat persoonlike behoeftes, omgewingsfaktore en wetlike faktore in ag geneem is. Persoonlike behoeftes verwys na byvoorbeeld, behoefte aan geld, opgewondenheid, ervaringe of wraak. Omgewingsfaktore sluit in faktore soos hoe goed 'n teiken beveilig is, wat die kanse is om gevang te word en die kans om omstanders te beseer.

Die verskil in hierdie twee perspektiewe is dus die mate waarin daar prominensie verleen word aan die wilsbesluit van die mens.

Vanuit hierdie twee benaderinge, het verskeie teorieë ontwikkel om kriminele gedrag te verklaar. (Senna & Siegel, 1994:86). Hierdie teorieë word nou kortliks bespreek.

## 3. KRIMINOLOGIESE TEORIEë:

### 3.1 ENKELE TEORIEë:

Williams & McShane (1994: 127) klassifiseer die indeling van kriminologiese teorieë om misdaad te verklaar, as volg :

- Biologiese oorsake;
- Psigiatriese en sielkundige teorieë;
- Sosiologiese teorieë;
- Die Humanistiese tradisie.

Senna & Siegel (1994: 118-119) stel die kriminologiese teorieë beskikbaar diagrammaties as volg voor:

| Teorie | Hoofaanaames |
|---|---|

| | |
|---|---|
| Keuse | Mense pleeg misdaad wanneer hulle van mening is dat die voordele verbonde aan misdaad swaarder weeg as die bedreiging van pyn en straf. |
| **Biologies** | |
| Biochemies | Misdaad, veral aggressiewe misdaad, is 'n funksie van dieët, vitamien-inname, hormonale wanbelans of voedselallergieë. |
| Neurologies | Kriminele het dikwels breinskade. Aandagafleibaarheid versteuring en minimale breindisfunksie hou verband met anti-sosiale gedrag. |
| Geneties | Die kriminaliteit van ouers word geneties oorgedra aan kinders. |
| **Sielkundig** | |
| Psigo-analities | Die ontwikkeling van die onbewuste persoonlikheid in die vroeë kinderjare beinvloed die mens se gedrag vir die res van sy lewe. Kriminele het swak ego's en beskadigde persoonlikhede. |
| Behaviourisme | Mense pleeg misdaad wanneer hulle die gedrag van ander namaak wat hulle beleef beloninge ontvang vir hul gedrag. Gedrag word versterk deur belonings en uitgewis deur straf. |

| | |
|---|---|
| Kognitief | Individuele redeneringsprosesse beinvloed gedrag. Redeneringsvermoë word beinvloed deur die wyse waarop mense hul omgewing beleef en deur hul morele en intellektuele ontwikkeling. |
| **Sosiale strukture** | |
| Sosiale disorganisasie | Die konflikte van stedelike, sosiale lewe en gemeenskappe beheer die misdaadsyfer. |
| Shaw en Mc Kay se ekologiese teorieë. | Misdaad is die produk van veranderende woonbuurte waaruit sosiale disorganisasie en waarde-konflikte voortspruit. |
| "Strain" teorie | Persone wat die doelstellings van die samelewing aanvaar, maar nie oor die middele beskik om hierdie doelstellings te bereik nie, wend hul tot misdaad. |
| Relatiewe deprivasie model | Misdaad kom voor wanneer die armes en rykes fisies naby mekaar leef. |
| Kulturele afwykings teorie | Inwoners wat die straat reëls van die laer klas gehoorsaam, bots met die dominante kultuur. |
| **Sosiale prosesse** | |
| **Leerteorieë** | |

| | |
|---|---|
| Differensiële assosiasie teorie. | Mense leer om misdaad te pleeg deur blootstelling aan anti-sosiale definisies |
| Differensiële versterkings-teorie | 'n Persoon se kriminele gedrag hang af van die persoon se belewenis van andere se beloning vir konvensionele gedrag en straf vir afwykende gedrag. |
| Neutraliserings-teorie | Jeugdiges leer om morele beperkinge te neutraliseer en val periodiek in 'n patroon van kriminele gedrag. |
| **Kontrole teorieë** | |
| Sosiale beheer teorie | 'n Persoon se band met die samelewing verhoed hom om die reëls te breek. As die band verswak, is 'n persoon vry om misdaad te pleeg. |
| Selfbeheersings-teorie | Misdaad en kriminaliteit is twee verskillende konsepte. Persone kies om misdaad te pleeg wanneer selfbeheersing ontbreek. Sulke persone sal geleenthede vir misdaadpleging najaag. |
| Etiketterings-teorie | Persone word kriminele as hulle so ge-ettiketteer word vir hul gedrag en diesulkes organiseer hul persoonlikhede rondom die etiket wat toegeken is. |

**Konflik**

| | |
|---|---|
| Konflik teorie | Persone pleeg misdaad wanneer die wet, wat deur die rykes en magtiges beheer word, hul gedrag as onwettig definieër. Die immorele aksies van die |

| | |
|---|---|
| | rykes bly ongestraf. |
| **Geintegreer:** | Jeugdiges wat grootword in die laer-klas kultuur, sal meer geneig wees om 'n swak band met die gemeenskap te hê. Probleme met sosiali-sering bestaan ook. |
| Roetine aktiwiteitsteorie | Misdaad is die produk van die beskikbaarheid van die slagoffer, die teenwoordigheid van die oortreder, en die afwesigheid van 'n effektiewe oppasser. |
| Wilson en Hernstein se menslike aard teorie | Mense kies om misdaad te pleeg, wanneer hulle biologies en sielkundig gestremd is. |

Vir die doeleindes van hierdie studie is dit nie toepaslik om alle kriminologiese teorieë te bespreek. Die sosiale leerteorie is egter relevant, aangesien die PSVP grootliks elemente van hierdie teorie bevat en die meetinstrument e asook die navorsingstudie hierop berus.. Die sosiale leerteorie as sosiologiese teorie, sowel as sielkundige teorie word bespreek.

## 3.2 SOSIOLOGIESE TEORIë VAN MISDAAD.

Volgens William & Mc Shane (1994: 221) is die sosiale leerteorie ook deel van die sosiologiese teorieë van misdaad. Die outeurs identifiseer die volgende as sosiologiese teorieë van misdaad.

(i) Ekologiese teorie van misdaad;
(ii) Sosialisering & sosiale leerteorieë van misdaad;

(iii) Anomie, ongelyke geleenthede, belonings en subkulturele teorie;
(iv) Sosiale beheer teorieë van misdaad;
(v) Vroulike kriminaliteit.

Die sosiale leerteorie as deel van soisologiese verklaring van misdaadgedrag word in die volgende afdeling bespreek. 'n Agtergrond van die ontwikkeling van hierdie teorie binne die sosiologie, met die fokus op die belangrke rolspelers in die ontwikkeling van die sosiale leerteorie volg. Die aanbieding bied 'n geskiedkundige oorsig volgens tydsverloop.

## 3.2.1 SOSIALISERING EN SOSIALE LEERTEORIEë VAN MISDAAD:

### 3.2.1.1 AGTERGROND:

Die sosiale leerperspektief beklemtoon 'n mikro-vlak van analise. Dit is georiënteerd tot 'n sosiaal-sielkundige begrip van individuele afwykende en misdaad gedrag. (William et al, 1994:227).

Die sielkundige leerteorie fokus op die foutiewe leerder, op die individu se onvermoëns om die samelewing se reëls te leer of op 'n foutiewe leerproses. Dit impliseer 'n verbrokkeling van internalisering van die norme en verwagtinge van die samelewing.

Die sosiologiese benadering anvaar nie noodwendig 'n verbrokkeling in kommunikasie, of persoonlike oneffektiwiteit van die leerder nie.

Die Franse kriminoloog, Gabriel Tarde (1903) word beskou as een van die pioniers van die sosiale leerperspektief. Volgens Tarde was kriminele gedrag nie aangebore nie, en ook nie 'n produk van

foutiewe leer nie, maar word bekom deur 'n foutiewe leerproses. Kriminele gedrag word aangeleer deur assosiasie met kriminele of met kriminele groepe en nie- konvensionele waardes en norme gunstig vir kriminele gedrag. Simbolisering van gedrag (bv. taal) of kommunikasie is onderliggend aan kulturele waardes en norme. Die proses om simbole aan te leer, is een van die fundamentele aspekte vanuit 'n sosiologiese perspektief.

In Amerika kan die wortels van die sosiale leerteorie gevind word in die werke van George Herbert Mead (1934). Mead het simboliese interaksie uitgevind. Hiervolgens is die gebruik van simbole deur mense die sleutel om beide die individu en die samelewing te verstaan.

Hierdie teorie van Mead het gelei tot verskillende teorieë om misdaad as 'n resultaat van die sosiale leerteorie, te beskryf. Die bekendste hiervan is Edwin Sutherland se teorie oor differensiële assosiasie. (William & Mcshane, 1994:227).

### 3.2.1.2. Edwin Sutherland (1939: Differensiële Assosiasie)

Edwin Sutherland se werk was die basis vir die meeste studies oor die sosiale leerteorie. Volgens Sutherland word kriminele gedrag aangeleer deur die selfde meganismes betrokke by enige ander konvensionele gedrag. Begrip van kriminele gedrag moet verstaan word in terme van simboliese interaksie.

Misdaad, soos enige iets anders, behels sosialisering. Die individu moet geleer word om krimineel te wees. Dit is egter nie voldoende om deelname aan misdaad te verseker nie. Die individu moet ook die nodige houdings, motiverings en rasionaliserings gunstig vir die oortreding van wettige norme aanleer. Nege

formele teoretiese uitgangspunte vorm die differensiële leerteorie :

(i) Kriminele gedrag is aangeleer.

(ii) Kriminele gedrag word aangeleer in interaksie met ander persone deur die proses van kommunikasie.

(iii) Die belangrikste deel van die aanleer van kriminele gedrag kom voor in 'n intieme persoonlike groep.

(iv) Wanneer kriminele gedrag aangeleer word, sluit leer in :

- Tegnieke om die misdaad te pleeg, wat soms eenvoudig en soms gekompliseerd is.
- Die spesifisering van motiewe dryfvere, rasionaliserings en houdings.

(v) Die spesifieke rigting van motiewe of dryfvere word geleer vanuit die definisies van wettige kodes as gunstig of ongunstig.

(vi) 'n Persoon raak krimineel as gevolg van oormatige gunstige definisies om die wet te verbreek in verhouding tot ongunstige definisies.

(vii) Differensiële assosiasie kan verskil in frekwensie (die aantal kontakte), duur (lengte van die kontak), prioriteit (tyd en voorloper van die kontak) en intensiteit (betrokkenheid by die kontak).

(viii) Die proses van aanleer van kriminele gedrag deur assosiasie met kriminele en nie-kriminele patrone, sluit al die meganismes betrokke by normale leer, in.

(ix) Kriminele gedrag is 'n uitdrukking van algemene behoeftes en waardes, maar word nie verklaar daardeur nie, omdat nie-kriminele gedrag ook 'n uitdrukking is van dieselfde waardes en norme.

#### 3.2.1.3 Robert L Burgess & Ronald L Akers: Differensiële Versterking (1968)

Burgess & Akers het Sutherland se teorie uitgebrei deur die konsep van differensiële versterking. Hulle uitgangspunt was dat, hoewel die meeste kriminele gedrag aangeleer word in groepe, word sommige kriminele gedrag aangeleer in nie-sosiale situasies, met die primêre voorwaarde dat die leerder beloon of versterk word. Die kriminele daad is dus belonend. Kriminele gedrag sal deel word van 'n individu se repertoire van gedrag tot dieselfde mate waartoe 'n individu positiewe versterking ontvang.

Hierdie teorie is dus 'n brug tussen die sielkundige behavioristiese en sosiologiese leerteorie.

## 3.3 SIELKUNDIGE TEORIë VAN MISDAAD:

Sosiale vaardigheidsprogramme sluit gewoonlik elemente van behaviourisme in. In hierdie afdeling word aandag gegee aan behaviourisme en die leerteorieë soos van toepassing op kriminele gedrag. Die bespreking volg 'n chronolgiese verloop van die ontwikkeling van die teorie vanuit 'n sielkundige veld.

### 3.3.1 BEHAVIORISTIESE- EN LEERTEORIEë VAN MISDAAD:

Die eerste helfte van die negentiende eeu is gedomineer deur psigo-analitiese teorieë om misdaad en afwykende gedrag te

verklaar. 'n Ander denkskool, naamlik die behaviorisme was 'n uitdagende perspektief en reaksie op die psigo-analitiese skool (William & Mc Shane), 1994:211)

**3.3.1.2 Bydraes van Watson (1924)**

Die behaviorisme het die studie van direkte, observeerbare gedrag, insluitend die oorsaak-gevolg verhouding tussen stimulus en respons voorgestaan. 'n Stimulus is 'n objek of gebeurtenis wat gedrag uitlok en respons is die uitgelokte gedrag. Die sentrale vraagstuk wat die behaviorisme onderlê, is die rol van leer in menslike gedrag. Aangesien die meeste gedrag aangeleer word, het die proses van leer belangrik geword.

Die behavioristiese siening het ontstaan na die bekende eksperimente van 'n sielkundige, Pavlof met die honde. Dit het bekend gestaan as operante-klassieke kondisionering. Hoewel hierdie eksperiment nie bygedra het tot die begrip van kriminele gedrag nie, het 'n legio teorieë hieruit ontstaan. (William, 1994:211)

Watson was ook 'n aanhanger van hierdie teorie. Hy was van mening dat deur kondisionering, 'n kind getransformeer kan word in enige tipe volwassene. Hy het geglo dat misdadige gedrag nie 'n interne probleem is nie, maar fundamenteel 'n resultaat is van eksterne omgewingsfaktore en kondisio-nering. Volgens Watson kon misdadige gedrag verander word deur herkondisionering. 'n Sosiale vaardigheidsprogram sou dus beskou kan word as 'n vorm van herkondisionering.

**3.3.1.3 B.F. Skinner : Gedragsmodifikasie (1974)**

Skinner het geglo dat, indien die sielkunde tot 'n volwaardige wetenskap wil ontwikkel, moet daar ook klem geplaas word op die voorspelling en beheer van gedrag. (William en Mc Shane, 1994:212) Hy was geïnteresseerd in die feit dat aangeleerde (gekondisioneerde) gedrag beïnvloed word deur die gevolge van die gedrag.

Versterking is derhalwe gedefinieër as enige iets wat die moontlikheid van toekomstige gedrag verhoog. Versterking kan positief of negatief wees. Kriminele gedrag word dus aangeleer en versterk as gevolg van die versterking daarvan. Straf verwys na negatiewe of pynvolle stimuli vanaf 'n eksterne bron. Uitwissing verwys nie na versterking of straf nie, dit is meer effektief.

Skinner se teorieë het 'n groot invloed op die sielkunde en kriminologie gehad. "......he claimed that crime can be controlled only by scientifically informed behaviour engineering (that is a program of behaviour modification that uses re-informcement to condition conformity to the rules)......" (Williams et al, 1994:213)

**<u>3.3.1.4 John Dollard and Neal Miller: Frustrasie en aggressie:</u>**

Miller en Dollard (1941) was beïnvloed deur die werk van Hull. Teorieë wat deur Miller en Dollard ontwikkel is, het die omstandighede ondersoek waaronder 'n respons en leidraad stimulus verbind geraak het. (Taylor, 1994:18) Die sielkundiges het vier sielkundige beginsels uitgelig, naamlik dryfveer, leidraad, respons en beloning.

'n Dryfveer is die eerste faktor in leer wat aanleiding gee tot 'n aksie of respons. Dit is die motiverende faktor wat die individu toelaat om 'n situasie te evalueer en te reageer op die

stimulus. Individue het primêre en sekondêre dryfvere. Die gedrag waartoe die dryfveer aanleiding gee, sal aangeleer word indien dit lei tot 'n afname in die dryfveer. Versterking is altyd 'n resultaat van afname van die dryfveer. (Taylor, 1994:18)

'n Leidraad bepaal wanneer en hoe die individu sal reageer. Tydens sosiale leer, wag die individu vir leidrade vanuit die samelewing en reaggeer dan op hierdie leidrade. Die samelewing kan dus die individu beheer deur verskillende leidrade. Die samelewing kan dus die individu beheer deur verskillende leidrade uit te stuur en die respons te beloon, hetsy positief of negatief. Die aan-of afwesigheid van leidrade, die aantal leidrade bepaal dus die mate van leer wat plaasvind. (Taylor, 1994:18)

Die respons is die mees integrale deel om te assesseer of die individu geleer het of nie, en tot watter mate leer plaasgevind het. Dit is die resultaat van die individu se reaksie wat uitgelok is deur die leidraad.

Beloning bepaal of die gedrag herhaal sal word of nie. Indien die respons nie beloon word nie, is die kanse minder dat die gedrag herhaal sal word. Soortgelyk, sal response wat beloon word, meer waarskynlik herhaal word. Daar is ook 'n verband tussen die stimulus en die beloning. Belonings kan positief of negatief wees en kan op sig self 'n motiverende faktor word. Miller & Dollard het in 1941 die volgende frases gebruik om imitasie te beskryf. (Taylor, 1994:19)

> *Dieselfde gedrag* : Dieselfde gedrag word geskep deur twee persone wat dieselfde daad uitvoer in respons tot die onafhanklike stimulasie deur dieselfde leidraad. Elkeen het

onafhanklik geleer watter respons om te maak. Die gedrag kan aangeleer word met of sonder onafhanklike hulpmiddels.

*Gepaste-afhanklike gedrag* : Hierdie gedrag bestaan hoofsaaklik uit leierskap deur volgelinge wat nie huidiglik bewus is van die gevolge van hulle aksies nie, maar wat geheel en al staatmaak op die leierskap van andere en hulle navolg sonder enige vrae of twyfel. Die individu word beheer deur die leidrade wat die leier uitstuur en die individu se respons raak 'n voorspelbare bron vir die leier om in stand te hou. Geen onmiddellike beloning is nodig om op die stadium teenwoordig te wees nie. Die aksie van die individu word 'n inherente motiveerder. Die deelname en interaksie van die individu aan die proses raak die beloning. 'n Voorbeeld hiervan is massa-gedrag.

*Namaak van gedrag* : Dit gebeur wanneer 'n individu sy/haar gedrag, response en houdings op so 'n wyse dupliseer dat dit sosiaal aanvaarbaar is vir die portuurgroep van die individu. Miller en Dollard het voorgestel dat 'n kind se neiging om andere na te maak, 'n aangeleerde sekondêre dryfveer is wat die psigo-analitiese konsep van identifikasie verklaar.

### 3.3.1.5 Julian B. Rotter (1954, 1966, 1990)

Julian Rotter het die sosiale leerteorie en gedragsbenadering gekombineer met die kliniese toepassing van persoonlikheid en sosiale sielkunde. Hy het gevoel dat Lewin en Hull nie vorige ervaringe gekonseptualiseer het nie. Gedrag kon dus nie verklaar en voorspel word nie. (Taylor, 1994:20) Rotter se kommentaar was as volg : "Cognitive approaches were of little value in predicting the

behaviour of rats, and approaches did not take into account the fact that human beings think, generalize along semantic lines, and are motivatd by social goals and re-inforcement by social re-inforcements, were extremely limited in their explanations and predictions". (Taylor, 1994:20)

Rotter het van die leerteorretici gebruik gemaak en sy denkwyse is beïnvloed deur Alfred Adler. Gedurende 1966 het hy vanuit 'n konstrukt oogpunt die volgende sewe beginsels van die sosiale leerteorie gepubliseer:

(i) Die eenheid vir die bestudering van persoonlikheid is die interaksie tussen die individu en sy betekenisvolle omgewing. Dit is dus 'n interaksionele benadering.

(ii) Persoonlikheidskontrukte is nie afhanklik van die verklarings van konstrukte in ander velde nie. Rotter was van mening dat wetenskaplike konstrukte konsekwent moet wees in alle spektrums van wetenskappe.

(iii) Gedrag soos beskryf deur persoonlikheidskonstrukte vind plaas binne 'n raamwerk van tyd en plek. Enige konstrukte wat gedrag beskryf, moet verwerp word, omdat konstrukte ook die fisiese en die sielkundige veranderlikes insluit.

(iv) Nie alle gedrag van 'n organisme kan bruikbaar deur persoonlikheidskonstrukte verklaar word nie. Gedrag wat suksesvol deur persoonlik-heidskonstrukte beskryf word, kom voor by 'n organisme wat op 'n sekere vlak of fase van ontwikkeling funksioneer.

(v) Daar is eenheid in persoonlikheid. Eenheid word verklaar in terme van stabiliteit en interafhanklikheid.

(vi) Gedrag soos verklaar deur persoonlikheidskonstrukte is in 'n sekere rigting. Gedrag is doelgeoriënteerd. Hierdie beginsel is die motiverende fokus van die sosiale leerteorie. Aangeleerde gedrag is doelgerig en nuwe doelwitte kry belangrikheid as gevolg van die individu se assosiasie met vroeëre doelwitte.

(vii) Die voorkoms van gedrag by 'n persoon word bepaal nie net deur die belangrikheid van die aard van die doelwitte en versterkings nie, maar ook deur die persoon se antisipasie van die verwagting dat hierdie doelwit sal voorkom. Die beginsel is 'n poging om te bepaal hoe 'n individu in 'n spesifieke situasie sal optree in terme van potensiële versterkers.

Rotter se verwagtings-versterkingsmodel het beklemtoon dat die mees basiese wyses van gedrag aangeleer word in sosiale situasies wat gerig is op behoeftebevrediging. (Taylor, 1994:21) Interne versus eksterne beheer, dit is beheer van versterking word dikwels verwys na die lokus van beheer. Hierdie begrippe is sterk deel van Rotter se sosiale leerteorie. Interne versus eksterne beheer verwys na die mate waarin 'n individu 'n versterking verwag. Basies aan Rotter se teorie is die feit dat versterking 'n verwagting verhoog dat 'n sekere gedrag deur dieselfde versterking in die toekoms gevolg sal word.

Die hipotese dat frustrasie na aggressie lei, het besonder gewild geraak gedurende die 1960's. Soortgelyke teorieë is deur sosioloë aangehang wat misdaad beskou het as die onderdruktes en armes se respons is op 'n onregverdige maatskaplike en sosiale sisteem. (Williamen Mcshane, 1994:213)

### 3.3.2 Albert Bandura : Sosiale leer

#### 3.3.2.1 Agtergrond :

"Albert Bandura is considered the forerunner of social learning theory." (Taylor, 1994:23) Bandura het gereageer op die bekommernis van subjektiewe metings omdat dit skeptimisme onder wetenskaplikes ontwikkel het ten opsigte van die sosiale leerteorie. Bandura het derhalwe aangedring op eksperimentele kontrole. Hy het dus beweeg van empiriese observasies na eksperimentele geldigheid.

Leer deur ander na te boots, het Bandura waarnemingsleer genoem. Modellering het verwys na leer deur 'n voorbeeld na te volg. Dit is leer deur imitasie. Die basiese beginsels onderliggend aan Bandura se teorie is dat gedrag aangeleer word en dat gedrag georganiseer word deur sentrale integrerende meganismes voordat motoriese uitvoering plaasvind. (Taylor, 1994:22)

#### 3.3.2.2 Die kognitiewe komponent

Volgens Taylor (1994:17) het Bandura sy posisie gedurende 1986 geherdefinieër deur nuwe terminologie te gebruik. Die term sosiale leerteorie is vervang met die term sosiale kognitiewe teorie.

Sosiale kognitiewe teorie is 'n poging om menslike gedrag te verklaar vanuit 'n natuurwetenskaplike perspektief deur te

integreer dit wat bekend is omtrent die effekte van die omgewing en dit wat bekend is oor die rol van kognisie. Die sosiaal-kognitiewe model bied 'n sosiale interaksionele model wat menslike funksionering beskryf as 'n resultaat van wedersydse beïnvloeding vanuit die omgewing, die sosiale, die fisiese, persoonlike, gedagtes denke en persepsies en die individu se gedrag self.

Sosiale kognitiewe teorie herkonseptualiseer dat denke en ander persoonlike faktore, gedrag en die omgewing almal saamwerk as interaksionele determinante van gedrag. Terapeutiese pogings moet dus gerig wees op al drie determinante. Psigo-sosiale funksionering word verbeter deur foutiewe denkpatrone te verander, deur gedragsvaardighede in sosiale situasies en deur sosiale omstandighede te verander en te verbeter. (Taylor, 1994:22)

**3.3.2.3 <u>Modellering en imitasie</u>**

"Bandura believed that the basic way that children learn is through imitation of models in their social environment and the primary mechanism driving development, is observation." (Taylor, 1994:23) Hierdie stelling is in 1966 deur Bandura en Walters gemaak. Imitasie is om na te maak, om 'n model of 'n voorbeeld te volg of te herhaal, of te reproduseer. (Taylor, 1994:23)

Twee tipes prosesse word onderskei waardeur kinders houdings, waardes en patrone van sosiale gedrag ontwikkel. Direkte imitasie en aktiewe imitasie. Direkte imitasie verwys na gedrag wat byvoorbeeld ouers en onderwysers wil hê hul kinders moet aanleer. Hulle poog om die kind se gedrag te vorm deur belonings, straf of deur direkte instruksies. Aktiewe imitasie waardeur persoonlikheids-eienskappe hoofsaaklik ontstaan, word

aangeleer vanuit die ouers se waardes en gedrag, wat ouers meestal nie bewustelik aan kinders leer nie. (Taylor, 1994:23)

Mense in sosiale situasies kan nuwe gedrag aanleer bloot deur 'n model dop te hou wat die gedrag openbaar. Die waarnemer verkry interne verteenwoordigheidsresponse wat latere gedragsherhaling tot gevolg het. Bandura was van mening dat imitasie-leer deur interafhanklike subprosesse plaasvind. Die eerste subproses is aandag. (Taylor, 1994:23) Die subjek moet aandag gee aan die model en moet kan diskrimineer tussen die onderskeidende eienskappe van die model. Verantwoordelikes wat verband hou met die eienskappe van waargeneem word, is: Nuutheid, belang-stelling, verskeidenheid, bevoegdheid van die model, geslag en ouderdom van die model wat waargeneem word wat beloon word, vir die gedrag wat die model openbaar. (Taylor, 1994:23)

Die twee subproses is retensie van die waargenome gedrag. Waarnemingsleer kan dus plaasvind oor 'n lang tydperk sonder enige overte respons. Retensie hang af van voldoende kodering of mediëring van die gebeurtenis en ook van koverte repetisies.

Die derde subproses is motoriese herhaling. Die waarnemer kan in staat wees om sekere gedrag te verbeel en te kodeer waartoe hy/sy nie motories in staat is nie.

Verskeie konstrukte is van toepassing in die modelleringsproses. Die eerste konstruk, naamlik imitasie is die proses waar die individu presies doen wat die model doen. Die waarnemer se volgende stap is identifikasie. Die proses behels die inkorporering van persoonlikheidseienskappe. Die derde konstruk is sosiale fasilitering. In hierdie proses word nuwe bevoegdhede of vaardighede nie aangeleer nie en dien inhibisies as sosiale riglyn.

Werklike prestasie hang af van insentiewe of motiverings. Die aanwesigheid van positiewe insentiewe of negatiewe sanksies mag 'n respons inhibeer of 'n individu kan 'n rede hê om die respons uit te voer.

Modellering kan drie effekte hê. Eerstens kan nuwe gedrag aangeleer word, wat voorheen nie binne die verwysingsraamwerk van die individu was nie. Tweedens kan gedrag wat voorheen aangeleer is, versterk of verswak word. Laastens kan modellering dien om 'n respons uit te lok wat voorheen deur die model toegepas is. (Taylor, 1994:24)

**3.3.2.4 Self-effektiwiteit (self-efficacy)**

Volgens Taylor (1994:25) was Bandura se mees onlangse klem op individuele faktore binne sosiaal-interaktiewe konteks. Gedurende 1977, na verskeie dekades van navorsing, het Bandura sy navorsing voortgesit ten opsigte van die basiese bron van motivering. Hy het 'n teoretiese raamwerk ontwikkel waarin die konsep van self-effektiwiteit 'n sentrale rol gespeel het in die analisering van verandering en wat plaasgevind het in die kliniese behandeling van bang en vermydende gedrag. Aangesien hulle navorsing goeie resultate getoon het, is die konsep van self-effektiwiteit uitgebrei deur 'n "self-directed mastery program". (Taylor, 1994:26)

Bandura was van mening dat, indien individue toegelaat word om self sukses te behaal, hulle nie die sukses aan die terapeute sou toeskryf nie. Die kliniese instrument het die individu se "coping" vaardighede herstel. Bandura het sterk gevoel dat, indien die terapeut werklik mense wil help, moet individue voorsien word van 'n sterk geloof in hulself en moet geleenthede

geskep word vir individue om hul vaardighede/bevoegdhede te ontwikkel. (Taylor, 1994:26)

Bandura het in 1975 verklaar : "Self-efficacy theory addresses the origins of beliefs of personal efficacy, their structure and function, the processes through which they operate and their diverse effcts." (Taylor, 1994:26) Hy het reeds in 1977 die vier hoofbronne van self-effektiwiteit geïdentifiseer.

Die mees effektiewe wyse is om 'n sterk belewenis van self-effektiwiteit te bereik, is deur die bemeestering van ervaringe. Soos wat individue vaardighede aanleer, verhoog hulle hul verwagtinge omtrent hul eie vermoëns. Plaasvervangende/ tweedehandse ervaringe wat deur sosiale modelle voorsien word, is die tweede metode. Deur ander individue wat dieselfde is te sien sukses behaal, verhoog die individu se vlak van aspirasie. Verbale bemoediging is minder effektief. Die laaste metode is emosionele opwekking. Dit dien as 'n bron om aan die individu die boodskap te gee dat hy/sy nie goed vaar in die situasie nie.

Bandura het ook onderskei tussen doeltreffendheids-verwagting en respons verwagtinge. Doeltreffendheids-verwagtinge is die oortuiging dat 'n persoon suksesvol die gedrag kan uitvoer om die eindresultaat te bereik. Responsverwagting is die individu se skatting dat 'n gegewe gedrag sal lei tot gegewe resultate.

## 4. Opsommend

In hierdie hoofstuk is gepoog om 'n beknope oorsig te skep van misdaadveroorsakende faktore. Kriminologiese teorieë is bespreek. Hierdie teorieë is nie stagnant nie het 'n ontwikkelings-geskiedenis.

Misdaadveroorsakende faktore is kompleks en na eeue van navorsing deur verskeie wetenskaplikes vanuit verskeie dissiplines, bestaan 'n universele verklaring van misdaad nie.

Om misdaad suiwer te verklaar as die afwesigheid van sekere vaardighede by sekere individue, sou dus 'n oorvereenvoudiging van menslike gedrag en dinamika wees.

Vanuit bogenoemde literatuur wil dit egter voorkom asof daar wel 'n verband bestaan tussen swak sosiale vaardighede as aangeleerde gedrag. en misdadige gedrag. Dit word egter nie beskou as die enigste bepalende faktor nie.

Misdaad, vanuit die behaviorisme en sosiale leerteorië, word hoofsaaklik beskou as aangeleerde gedrag op een of ander wyse. Die wyses van leer deur die individu verskil van outeur tot outeur, maar word die beginsel van aangeleerde gedrag alom aanvaar deur die behaviouriste en sosiale leerteoretici.

Vanuit die literatuur is dit duidelik dat daar 'n verband bestaan tussen swak sosialisering, swak sosiale vaardighede en misdaadgedrag. Faktore soos oorerflikheid, vroulike kriminaliteit, geloof en ras, is faktore wat nie geïgnoreer kan word nie.

Die sosiale leerteorie vanuit die sielkunde, bied ook nie verklarings vir misdaadverskynsels soos impulsiewe moorde of die invloed van sosiale omgewing en of politiese omstandighede nie. Sosiologise leerteorieë, plaas egter heelwat klem op die ekonomie, die samelewing en die rykes versus die armes.

Die navorser is van mening dat 'n meer holistiese benadering ten opsigte van misdaadveroorsakende teorieë nodig om hierdie

komplekse sosiale verskynsel te verklaar. Die individu as wetsoortreder word blootgestel aan verskeie interafhanklike komponente.

Vir die doeleindes van hierdie studie word egter aanvaar dat kriminele gedrag tot 'n mate aangeleer kan word in die vorm van foutiewe sosiale leer. Laasgenoemde impliseer dat deur die aanleer van meer gepaste vaardighede, die wetsoortrede se kans om misdaadvry te funksioneer, verhoog word.

Hoofstuk ses fokus op die resultate van hierdie studie.

# HOOFSTUK VI

# RESULTATE VAN DIE EMPIRIESE STUDIE

## 1. INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die resultate wat tydens die voor-en nameting deur die kontrole- sowel as eksperimentele groep behaal is, op die HSMF en Hudson-skaal vir gesinsverhoudinge, aangebied. Die bespreking van die metingskale is aangebied in hoofstuk 2.

Die basislyn data is ingesamel op dieselfde dag as wat die program 'n aanvang geneem het. Proefpersone in beide steekproewe, het 'n vraelys ten opsigte van identifiserende besonderhede voltooi. (Bylae B.) Sirkeldiagramme is benut.

Die nameting is gedoen ses weke na afloop van die PSVP.

Resultate word hoofsaaklik in tabelvorm weergegee, wat gevolg word deur 'n uiteensetting en interpretasie van die data. Grafiese voorstellings is ook ingesluit waar nodig om resultate uit te lig.

Resultate is weergegee deur eerstens statistiese beduidendheid op beide skale te toets. Daarna volg 'n vergelyking tussen die resultate van die twee steekproewe op beide skale. Die sentrale neigings word ook gebruik in hierdie hoofstuk om navorsingsresultate te verhelder.


**2. IDENTIFISERENDE BESONDERHEDE VAN PROEFPERSONE: (n=24)**

'n Vraelys (Bylae B) is aan alle proefpersone in die eksperimentele- sowel as kontrole groep verskaf, voordat die HSMF en Hudson-skaal vir gesinsverhoudinge voltooi is. Sirkeldiagramme volg.

**2.1 OUDERDOMME VAN PROEFPERSONE:**

Die ouderdomme van die proefpersone van beide steekproewe verskyn in figuur 1.

**Figuur 1: Ouderdomme van proefpersone in die eksperimentele- en kontrole groepe. (n=24).**




Volgens hierdie grafiese voorstelling, is die meeste proefpersone tussen die ouderdom van ses-en-twintig en dertig jaar. Veertig persent van die proefpersone val in hierdie kategorie. Daar is geen proefpersone jonger as twintig jaar of ouer as 50 jaar nie.

**2.2 HUWELIKSTATUS VAN PROEFPERSONE:**

Figuur 2 toon die huwelikstatus van proepersone in beide steekproewe.

**Figuur 2: Huwelikstatus van proefpersone in die eksperimentele- en kontrole groep: (n=24)**





Volgens figuur twee is die meeste proefpersone geskei, naamlik nege-en veertig persent teenoor slegs veertien persent wat getroud is.

## 2.3 AARD VAN MISDAAD:

Figuur drie toon die tipe misdade aan wat proefpersone gepleeg het waarvoor hulle huidiglik in die gevangenis is.

**Figuur 3: Aard van die misdade van proefpersone in die eksperimentele- en kontrole groepe: (n=24).**





Die proefpersone het meestal ekonomiese oortredinge begaan, naamlik vyf-en veertig persent. Die modus is dus 45%.

## 2.4 LENGTE VAN VONNIS:

Die grafiese voorstelling, figuur 4, toon die effektiewe vonnisse wat die proefpersone moet uitdien. Dit is die termyn van

gevangenisstraf wat opgelê is en sluit nie opgeskorte vonnisse of samelopende vonnisse in nie.

**Figuur 4: Vonnistydperk van proepersone in die eksperimentele- en kontrole-groepe: (n=24)**





Hierdie sirkeldiagram toon die lengte van die effektiewe vonnisse wat proefpersone moet uitdien. Die modus in die groep, naamlik agt-en-twintig persent, moet tussen vier en vyf jaar vonnisse uitdien.

**2.5 KWALIFIKASIES:**

Figuur 5 weerspieël die kwalifikasies waaroor proefpersone beskik.

**Figuur 5: Kwalifikasies van proefpersone in die eksperimetele- en kontrole groepe (n=24)**





Die meeste proefpersone behaal kwalifikasies op ten minste sekondêre vlak, naamlik sestien van die vier en twintig proefpersone.

**2.6: AANTAL KINDERS:**

Figuur 6 toon die aantal kinders van proefpersone.

**Figuur 6: Aantal kinders van proepersone in die eksperimentele- en kontrole groepe.(n=24).**





Die modus in die groep is sewe-en dertig persent met drie kinders.

## 2.7 MISDAADGESKIEDENIS:

Hierdie grafiese voorstelling, Figuur 7, verskaf inligting met betrekking tot die aantal vorige veroordelings wat proefpersone begaan het. Dit verwys na veroordelings waarop proefpers one skuldig bevind is.

**Figuur 7: Misdaadgeskiedenis van proefpersone in die eksperimentele- en kontrole groepe: (n=24).**




Slegs vyf-en-twintig persent van proefpersone het geen vorige veroordelings nie. Die helfte van die proefpersone, met ander woorde twaalf van die vier-en-twintig proefpersone, het een vorige veroordeling.

## 3. STATISTIESE BEDUIDENDHEID: HEIMLER-SKAAL VIR MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING:

Soos bespreek in Hoofstuk 2, was dit nodig om te bepaal of daar 'n statistiese betekenisvolle verskil voorgekom het tussen die eksperimentele- en kontrole groep, reeds voor blootstelling of nie-blootstelling aan die onafhanklike veranderlike.

### 3.1 HSMF: PGP'S VAN DIE EKSPERIMETELE- EN KONTROLE GROEPE TYDENS VOORMETING:

Die tellings wat behaal is deur proefpersone in die eksperimentele groep tydens voormeting op die HSMF, verskyn in tabel 7.1. Resultate word kortliks bespreek waarna die berekeninge vir die toets vir statistiese beduidendheid volg.

**TABEL 7.1 : Voormeting : HSMF: PGP van die eksperimentele- en kontrole-groepe tydens voormeting:**

| PROEFPERSONE NOMMER : | TELLINGS BEHAAL -EKSPERIMENTELE GROEP : | TELLINGS BEHAAL -KONTROLE GROEP : | VERSKIL : |
|---|---|---|---|
| Een | 70 | 80 | +10 |
| Twee | 54 | 35 | -19 |
| Drie | 70 | 58 | -12 |
| Vier | 59 | 52 | -7 |
| Vyf | 70 | 49 | -21 |
| Ses | 96 | 59 | -37 |
| Sewe | 66 | 63 | -3 |
| Agt | 74 | 79 | +5 |
| Nege | 73 | 96 | +23 |
| Tien | 62 | 62 | 0 |
| Elf | 84 | 59 | -25 |

| PROEFPERSONE NOMMER : | TELLINGS BEHAAL -EKSPERIMENTELE GROEP : | TELLINGS BEHAAL -KONTROLE GROEP : | VERSKIL : |
|---|---|---|---|
| Twaalf | 75 | 61 | -14 |
| **TOTAAL :** | 853 | 753 | 100 |

Volgens tabel 7.1 behaal die proefpersone in die eksperimentele groep 100 punte meer as proefpersone in die kontrole groep reeds tydens voormeting. Dit was derhalwe nodig om te bepaal of die verskil in tellings behaal deur proefpersone in die eksperimentele- en kontrole groep statisties betekenisvol is, ten einde uitvoering aan die navorsingsdoelwit te gee. Hiervoor is die Mann-Whitney U-toets gebruik.

**3.2 DIE MANN WHITNEY U-TOETS OP DIE HSMF:**

Die gegewens in tabel 7.1 is gebruik om die gemiddeldes te bereken. In onderstaande tabel word die gemiddeldes in kolomvorm weergegee.

Die inligting is gebruik om deur middel van die rekenaar die uitvoering van die Mann-Whitney toets moontlik te maak. Die berekeninge verskyn na die kolom.

Tabel 7.2 bevat die gemiddeldes van die proefpersone in die eksperimentele- en kontrole groepe tydens dies voormeting. Hierdie waardes is met behulp van die rekenaar bepaal en word benut om te bepaal of daar 'n statistiese betekenisvolle verskil is tydens voormeting tussen die twee groepe.

**TABEL 7.2 : HSMF: Gemiddeldes van die van die eksperimentele- en kontrole groepe tydens voormeting:**

| STEEKPROEF : | AANTAL PROEFPERSONE : | GEMIDDELDE |
|---|---|---|
| Eksperimentele groep | 12 | 14.92 |
| Kontrole groep | 12 | 10.08 |
| **VERSKIL :** | 0 | **4.84** |

U=34

W= 179

Z= -1.6780

p=0.1005 (Presiese 2 kantig)

Wanneer gekorrigeer word vir gelyke waardes:

z= -05203

p= 06029 (2-kantig)

Die nulhipotese word dus nie verwerp nie.

Daar is dus 'n verskil tussen die eksperimentele-en kontrole groep se PGP op die Heimler-skaal vir maatskaplike funksionering. Dit is egter nie 'n statisties betekenisvolle verskil volgens die Mann-Whitney toets nie nie.

## 3.3 DIE HUDSON SKAAL VIR GESINSVERHOUDINGE: VOORMETINGS VAN BEIDE STEEKPROEWE:

Die navorser wou bepaal of daar 'n statisties beduidende verskil is tussen die eksperimentele- en kontrole groepe voor

blootstelling aan die onafhanklike veranderlike volgens metings van die Hudson-skaal.

In tabel 7.3 verskyn die individuele tellings van proefpersone in die eksperimentele- en kontrole groep, tydens voormeting op die Hudson-skaal vir gesinsverhoudinge.

**TABEL 7.3: Hudson-skaal: Tellings van die eksperimentele- en kontrole groepe tydens voormeting:**

| PROEFPERSONE NOMMER : | TELLING BEHAAL - EKSPERIMENTELE GROEP : | TELLING BEHAAL - KONTROLE GROEP : | VERSKIL: |
|---|---|---|---|
| Een | 55 | 78 | +23 |
| Twee | 55 | 61 | +6 |
| Drie | 52 | 62 | +10 |
| Vier | 50 | 57 | +7 |
| Vyf | 50 | 58 | +8 |
| Ses | 25 | 44 | +19 |
| Sewe | 72 | 42 | -30 |
| Agt | 46 | 39 | -7 |
| Nege | 35 | 44 | +9 |
| Tien | 84 | 68 | -16 |
| Elf | 31 | 49 | +18 |
| Twaalf | 47 | 44 | -3 |
| **TOTAAL :** | **602** | **646** | **44** |

Hierdie tabel toon die tellings soos behaal deur lede van die eksperimentele groep en die kontrole groep op die Hudson-skaal vir gesinsverhoudinge tydens voormeting. In kolom een verskyn die aantal proefpersone, in kolom twee die tellings wat behaal is deur proefpersone in die eksperimentele groep op die Hudson-skaal tydens

voormeting. In kolom drie is soortgelyke tellings, maar van proefpersone in die kontrole groep. Die verskil tussen hierdie twee metings verskyn in die laaste kolom. Onderaan die tabel verskyn die totale van die genoemde kolomme.

Volgens bogenoemde tabel is daar dus 'n verskil van 42 punte in die totale tellings wat behaal is tussen die eksperimentele en kontrole-groep tydens voormeting op die Hudson-skaal. Die eksperimentele groep presteer ook op die Hudson-skaal reeds tydens voormeting beter as die kontrole groep. Die Mann-Whitney toets is ook hier gedoen om statistiese beduidendheid te ondersoek. Die resultate is as volg:

### 3.4 DIE MANN WHITNEY U-TOETS OP DIE HUDSON-SKAAL VIR GESINSVERHOUDINGE:

Data is met behulp van 'n rekenaar verwerk. In tabel 7.4 verskyn die gemiddeldes wat ook deur die rekenaar bepaal is. Resultate was as volg:

**TABEL 7.4: Hudson-skaal: Gemiddeldes van beide steekproewe: Voormeting:**

| STEEKPROEF : | AANTAL PROEFPERSONE : | GEMIDDELDE |
|---|---|---|
| Eksperimentele groep | 12 | 11.75 |
| Kontrole groep | 12 | 13.25 |
| **VERSKIL :** | 0 | 1.5 |

U= 63.0

W= 141.0

p= .6297 (Presiese 2-kantig P)

Waneer gekorrigeer word vir gelyke waardes:

z= .05203

p= 06029 (2-kantig)

Die verskille is dus nie statisties beduidend indien die nulhipotese nie verwerp word nie. Daar is dus in hierdie studie aanvaar dat die eksperimentele- en kontole groep dieselfde is, en
dat enige veranderinge aan die onafhanklike veranderlike toegeskryf kan word.

## 4. RESULTATE VAN TOETSE VIR STATISTIESE BEDUIDENDHEID:

Vanuit bogenoemde resultate blyk dit dat daar wel 'n verskil is in die punte behaal deur die eksperimentele-en kontrole groepe is op die metingskale. 'n Verskil kom voor op die HSMF sowél as die Hudson-skaal vir gesinsverhoudinge. Hieruit kan afgelei word dat daar 'n verskil in funksionering van die individuele proefpersone is reeds voor blootstelling aan die onafhanklike veranderlike.

Volgens statistiese toetsing is dit egter nie 'n statisties betekenisvolle verskil nie. Die nul-hipotese word dus nie verwerp nie. Indien daar dus statisties betekenisvolle veranderinge by die gemiddelde tellings van die eksperimentele groep is tydens die nameting, kan dit toegeskryf word aan die onafhanklike veranderlike, naamlik die PSVP.

## 5. VERGELYKENDE RESULTATE:

Die vergelykende resultate deur voor- en nametings van beide die eksperimentele- en kontrole groep te vergelyk, word bespreek ten einde te bepaal of die PSVP,(die onafhanklike veranderlike) enigsins 'n invloed gehad het.

Die resultate van die HSMF word eerstens weergegee waarna die resultate van die Hudson-skaal vir gesinsverhoudinge volg. Resultate word ook bespreek. Die berekeninge van die Wilcoxon toets vir afgepaarde gegewens, verskyn ook.

## 5.1 HSMF: EKSPERIMENTELE GROEP: VOOR- EN NA-METINGS:

Die PGP-tellings behaal deur proefpersone in eksperimentele groep tydens voormeting en nameting op die HSMF word in tabel 7.5 weergegee.

**TABEL 7.5 : HSMF: Voormeting en nameting: Eksperimentele groep:**

| PROEF-PERSONE | VOORMETING | NAMETING | VERSKIL |
|---|---|---|---|
| Een | 70 | 71 | +1 |
| Twee | 54 | 86 | +32 |
| Drie | 70 | 79 | +9 |
| Vier | 59 | 53 | -6 |
| Vyf | 70 | 74 | +4 |
| Ses | 96 | 100 | +4 |
| Sewe | 66 | 65 | -1 |
| Agt | 74 | 100 | +26 |
| Nege | 73 | 77 | +4 |
| Tien | 62 | 62 | 0 |
| Elf | 84 | 91 | +7 |
| Twaalf | 75 | 76 | +1 |
| **Totaal:** | **853** | **934** | **81** |
| **GEMIDDELD :** | **71.08333** | **77.8333** | **6.75** |

In hierdie tabel verskyn die individuele tellings soos behaal deur lede van die eksperimentele groep op die HSMF. Die voor-en nametings verskyn sowel as die verskil tussen hierdie twee metings.

Daar is 'n verbetering in die PGP van nege van die twaalf proefpersone in die eksperimentele groep. Die maatskaplike funksionering van 75% van die proefpersone in die eksperimentele groep het verbeter na inskakeling by die PSVP. Ongeveer 17% van die proefpersone se maatskaplike funksionering het verswak terwyl 8% van die proefpersone se maatskaplike funksionering konstant gebly het.

Bogenoemde tabel dui daarop dat die PSVP wel lei tot verbetering in die maatskaplike funksionering van die lede in die eksperimentele groep. Twee van die proefpersone, naamlik respondente ses en agt, se PGP is 100, wat die maksimum punt is wat behaal kan word. Hierdie puntetelling kan as onrealisties beskou word, aangesien die proefpersone in 'n inrigting naamlik die gevangenis verkeer. So 'n hoë telling kan kontra-produktief wees met betrekking tot die totale rehabilitasieprogram van die gevangene, aangesien dit daarop dui dat die proefpersoon geheel en al tevrede is met sy funsionering waar hy in die gevangenis verkeer. 'n Moontlike interpretasie is dat institusionalisering plaasgevind het.

Vanuit 'n fenemonologiese oogpunt beskou, kan die besondere hoë telling aandui dat die spesifieke twee proefpersone hulle gevangenisstraf aanvaar en ware vryheid binne die gevangenisopset gevind het. Dit kan dus aanduidend wee van werklike positiewe funksionering aan die ander kant.

## 5.2 DIE WILCOXON TOETS VIR AFGEPAARDE GEGEWENS OP DIE HSMF: EKSPERIMENTELE GROEP:

Data, soos verskyn in tabel 7.5 is met behulp van 'n rekenaar verwerk om die gemiddelde omvang te bepaal, en resultate van die berekinge verskyn in tabel 7.6 waarna die berekeninge volg.

Tabel 7.6. Gemiddelde omvang: HSMF van die eksperimentele groep:

| | Gemiddelde Omvang | Gevalle |
|---|---|---|
| **Nameting** | 6.33 | 9 - |
| **Voormeting** | 4.5 | 2 + |
| | | 1 Gelykop |
| | **Totaal** | 12 |

Z = -2.1339

P = 0.0329

Die Ho word dus verwerp : Mv=Mn.

Daar is dus 'n statisties beduidende verskil in die maatskaplike funksionering van proefpersone in die eksperimentele groep na blootstelling aan die PSVP.

## 5.3 HSMF: KONTROLE GROEP: VOOR- EN NA-METINGS:

PGP-tellings wat behaal is deur individuele proefpersone in die kontrole groep, tydens voor- en nameting op die HSMF, verskyn in tabel 7.7. Resultate word daarna bespreek waarop die berekeninge vir die Wilcoxon toets vir afgepaarde gegewens volg.

Tabel 7.7. HSMF: Voormeting en nameting: Kontrole groep.

| PROEFPERSONE NOMMER | VOORMETING | NAMETING | VERSKIL |
|---|---|---|---|
| Een | 80 | 66 | -14 |
| Twee | 35 | 40 | +5 |
| Drie | 58 | 54 | -4 |
| Vier | 52 | 49 | -3 |
| Vyf | 49 | 52 | +3 |
| Ses | 59 | 48 | -11 |
| Sewe | 63 | 60 | -3 |
| Agt | 79 | 66 | -13 |
| Nege | 96 | 96 | 0 |
| Tien | 62 | 50 | -12 |
| Elf | 59 | 64 | +5 |
| Twaalf | 61 | 58 | -3 |
| **TOTAAL:** | **753** | **703** | **-50** |
| **GEMIDDELD:** | **62.75** | **58.58** | **4.17** |

Volgens die resultate van hierdie tabel het die maatskaplike funksionering van 25% van die proefpersone wat nie aan die onafhanklike veranderlike blootgestel was nie, verbeter, 8% se funksionering het konstant gebly en 67% se funksionering het verswak.

Die gemiddelde punt wat behaal is deur die kontrole groep het met 4.17 verswak tydens die na-metingsfase.

## 5.4 DIE WILCOXON TOETS VIR AFGEPAARDE GEGEWENS OP DIE HSMF: KONTROLE GROEP:

Data, soos verskyn het in tabel 7. is met behulp van 'n rekenaar verwerk om die gemiddelde omvang te bereken, en resultate van hierdie berekeninge verskyn in tabel 7.7.

**Tabel 7.8 Gemiddelde omvang op die HSMF van die kontrole groep:**

| | Gemiddelde Omvang | Gevalle |
|---|---|---|
| **Nameting** | 5.17 | 3 - |
| **Voormeting** | 6.31 | 8 + |
| | **Totaal** | 1 Gelykop |
| | | 12 |

Z = 1.559

P = 0.1197

Dit wil sê : $H_0$ word aanvaar : Mv=Mn

Volgens die Wilcoxon toets is daar dus geen verbetering in die maatskaplike funksionering van proefpersone in die kontrole groep nie. Die maatskaplike funksionering van proefpersone in die kontrole groep het inteendeel verswak.

## 5.5 DIE HUDSON SKAAL VIR GESINSVERHOUDINGE: EKSPERIMENTELE GROEP: VOOR- EN NA-METINGS:

Die tellings wat die proefpersone in die eksperimentele groep op die Hudson-skaal tydens voor- en nameting behaal het, verskyn in tabel 7.9. Die resultate word daarna bespreek, waarop die berekeninge van die Wilcoxon toets volg.

**Tabel 7.9 Hudson-skaal: Eksperimentele groep: Voor- en nametings:**

| PROEFPERSONE NOMMER | VOORMETING: TELLINGS BEHAAL: | NAMETING: TELLINGS BEHAAL: | VERSKIL |
|---|---|---|---|
| Een | 55 | 35 | -20 |
| Twee | 55 | 37 | -13 |
| Drie | 52 | 48 | -4 |
| Vier | 50 | 52 | +2 |
| Vyf | 50 | 45 | -5 |
| Ses | 25 | 28 | +3 |
| Sewe | 72 | 53 | -19 |
| Agt | 46 | 30 | -16 |
| Nege | 35 | 23 | -12 |
| Tien | 84 | 83 | +1 |
| Elf | 31 | 25 | -6 |
| Twaalf | 47 | 37 | -10 |
| **TOTAAL:** | 602 | 496 | -106 |
| **GEMIDDELD:** | 50.2 | 41.3 | 8.9 |

Daar is 'n verbetering in tien van die twaalf proefpersone se tellings tydens die nametingsfase. Individuele verskille wissel tussen een en negentien. Twee van die proefpersone se tellings het verswak met onderskeidelik twee en drie punte.

Volgens tabel 7.9 is dit proefpersone nommer vier en ses wie se tellings gestyg het en derhalwe 'n swakker telling behaal het. Proefpersoon vier se telling tydens die voormeting is vyftig en tydens die nameting twee-en-vyftig. Beide tellings is aanduidend dat intervensie nodig is. In hierdie twee proefpersone se gevalle, mag 'n ander vorm van intervensie nodig wees, soos gesinsterapie. In 'n gevangenisopset, is die gevangene afgesny van belangrike ander. Die gevangene kan die ervaring besonder traumaties beleef, veral as hegte gesinsbande bestaan het voor gevangenesetting, en mag die afwesigheid van voldoende fisiese kontak hierdie verskynsel te weeg bring. Hoe langer tydperk in die gevangenis, hoe meer intens kan die afwesigheid van die gesin deur die gevangene beleef word.

Proefpersoon nommer ses se telling het gestyg van vyf-en-twintig tot agt-en-twintig. Beide tellings resorteer onder die kliniese afsnypunt van dertig. Verdere intervensie blyk nie nodig te wees nie. Die proefpersoon het waarskynlik sy gesinsverhoudinge as bevredigend ervaar, reeds voor blootstelling aan die onafhanklike veranderlike. Die keuring en insluiting van so 'n proefpersoon by 'n PSVP blyk onnodig te wees en reflekteer op die ongeskikte asseserings- en keuringsprosedures van maatskaplike werkers in 'n gevangenis. Verdere navorsing sal egter nodig wees om so 'n stelling te kan staaf, aangesien die proefpersoon moontlik behoeftes ervaar op ander lewensterreine wat moontlik op die HSMF gereflekteer kan word.

Tabel 7.9 toon ook dat vyf-en-sewentig van die proefpersone se tellings met meer as vyf punte gedaal het. Dit is aanduidend dat hul belewnis van hul gesinslewe verbeter het. Gesien in die lig daarvan dat proefpersoon nommer ses, wie se telling gestyg het, maar steeds onder die klinies afsnypunt resorteer, blyk die PSVP veral op verhoudingsvlak positiewe veranderinge teweeg te bring. Hieruit word afgelei dat die eksperimentele groep meer bevredigende gesinsverhoudinge ervaar na blootstelling aan die PSVP.

Laasgenoemde word ondersteun deurdat slegs agt persent van die proefpersone tydens voormeting, 'n telling van laer as dertig behaal, maar tydens nameting behaal drie-en-dertig persent van die proefpersone in die eksperimentele groep, 'n telling laer as dertig.

## 5.6 DIE WILCOXON TOETS VIR AFGEPAARDE GEGEWENS OP DIE HUDSON-SKAAL: EKSPERIMENTELE GROEP:

Data, soos verskyn in tabel 7.9 is met behulp van 'n rekenaar verwerk om die gemiddelde omvang te bepaal, en resultate van die berekeninge verskyn in tabel 7.10. Berekeninge om die Wilcoxon-toets toe te pas, volg daarna.

**Tabel 7.10: Hudson-skaal: Gemiddelde omvang: Eksperimentele groep:**

| | Gemiddelde rang | Gevalle |
|---|---|---|
| **Nameting:** | 2.5 | 2 -range |
| **Voormeting** | 7.3 | 10 +range |
| | **Totaal** | 12 |

Z= -2.6672

Tweekantige P= .0076

Dus: $H_0$ word verwerp: $M_V=M_N$

Daar is dus 'n statisties beduidende verskil in die proefpersone van die eksperimentele groep se bevrediging ten opsigte van gesinsverhoudinge na blootstelling aan die PSVP.

## 5.7 DIE WILCOXON TOETS VIR AFGEPAARDE GEGEWENS OP DIE HUDSON-SKAAL: KONTROLE GROEP:

Die Wilcoxon toets is ook uitgevoer op die kontrole goep, volgens tellings wat behaal is op die Hudson-skaal. Gegewens in tabel 7.11 is benut om die gemiddelde omvang met behulp van die rekenaar te bepaal, en die resultate hiervan verskyn in tabel 7.12. Die berekeninge vir die uitvoering van die Wilcoxon toets volg daarna.

**Tabel 7.11: Hudson-skaal: Voor- en nameting: Kontrole groep.**

| PROEFPERSONE | VOORMETING | NAMETING | VERSKIL |
|---|---|---|---|
| Een | 78 | 78 | 0 |
| Twee | 61 | 69 | +8 |
| Drie | 62 | 62 | 0 |
| Vier | 57 | 53 | -4 |
| Vyf | 58 | 58 | 0 |
| Ses | 44 | 43 | -1 |
| Sewe | 42 | 41 | -1 |
| Agt | 39 | 45 | +6 |
| Nege | 44 | 42 | -2 |
| Tien | 68 | 68 | 0 |
| Elf | 49 | 53 | +4 |
| Twaalf | 44 | 52 | +6 |
| **TOTAAL:** | **646** | **664** | **+18** |
| **GEMIDDELD:** | **58.8** | **55.3** | **3.5** |

Volgens tabel 7.11 is daar 'n verskil van agtien punte tussen die twee metings van die kontrole groep. Tevredenheid met betrekking tot gesinsverhoudinge is dus swakker in totaliteit by die kontrole groep tydens nameting, na slegs ses weke.

**Tabel 7.12: Hudson-skaal: Gemiddelde omvang: Kontrole groep.**

| | Gemiddelde rang | Gevalle |
|---|---|---|
| Nameting | 6.38 | 4 -range |
| Voormeting | 2.63 | 4 +range |
| | | 4 Gelykop |
| | Totaal | 12 |

Z= -1.0502

Tweekantige P=.2936

$H_0$ word nie verwerp nie: $M_V = M_N$

Dit blyk dus dat daar nie 'n statisties beduidende verskil is in die proefpersone in die kontrole groep se ervaring van hul gesinsverhoudinge nie.

Die hipotese dat blote gevangenisstaf 'n negatiewe invloed op die totale rehabilitasieproses, het, word versterk deur hierdie resultate, aangesien die rol van belangrike ander in die lewe van die mens van uiterste belang is. "Die sin van die lewe lê of in liefde tot 'n ander persoon, of in oorgawe tot 'n saak" (Frankl, 1979: 31)

**6. HSMF: Verspreiding van response: Eksperimentele groep tydens voor- en nameting.**

In tabel 7.13 verskyn die verspreiding van response, volgens die PGP-tellings wat proefpersone in die eksperimentele groep behaal het, tydens voor- en nameting.

TABEL 7.13: HSMF: Verspreiding van response: Eksperimentele groep. Voor- en na-metings.

| KATEGO-RIE NOMMER | PUNTETEL-LING VER-SPREIDING | VOORMETING | | NAMETING | | VERSKIL: AANTAL PROEFPER-SONE |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | AANTAL PROEFPERSONE | % | AANTAL PROEFEPRSONE | % | |
| I | 0 EN ≤36 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| II | >36 ≤ 60 | 2 | 16 | 1 | 8 | -1 |
| III | >60 ≤ 72 | 5 | 45 | 3 | 25 | -2 |
| IV | >72 ≤ 79 | 3 | 25 | 3 | 25 | 0 |
| V | >79 - 100 | 2 | 16 | 5 | 45 | +3 |
| TOTALE | 0 > 100 | 12 | 100 | 12 | 100 | 0 |

Hierdie tabel toon die verspreiding van tellings behaal deur individuele groeplede in die eksperimentele groep tydens voormeting en nameting. In kolom een, verskyn die vyf kategorienommers van die HSMF. Kolom twee beskryf die afsnypunte van die kategorieë.

Volgens die HSMF is dit aanduidend van die vlak van funksionering van die proefpersone voor en na inskakeling by die PSVP. Hierdie vlakke is belangrik, aangesien dit kan gebeur dat 'n proefpersoon se PGP-telling verbeter, maar dat die vlak van funksionering van die individu nie noodwendig verbeter nie. Bloom & Fisher (1982:399) verwys hierna as praktiese beuidendheid.

Volgens hierdie resultate wat behaal is, is daar 'n verbetering ook in die vlak van funksionering van sekere proefpersone in die

eksperimentele groep. Die laaste kategorie (V:>79 tot 100) dui op optimale vlakke van lewensatisfaksie. Na inskakeling by die PSVP val 45,5% van die proefpersone in hierdie kategorie. Tydens die voormeting het slegs 16% van die proefpersone in hierdie kategorie geresorteer.

Binne 'n gevangenisopset kan dit weereens aanduidend wees van ware vryheid aan die een kant of institusionalisering aan die ander kant. Daar kan van die veronderstelling uitgegaan word dat die intervensie wel 'n verskil gemaak het in die proefpersone se belewenis van hulself en hul omgewing, aangesien die HSMF gebaseer is op 'n persoon se eie belewenis van sy totale maatskaplike funksionering. In 'n gevangenisopset behoort die persoon sy lyding en straf dus te aanvaar en as 'n groeigeleentheid te sien, aangesien hy sy bestaan as sinvol evalueer. Minder aanpassingsprobleme behoort dus voor te kom. Resultate kan dus as positief of negatief beskou word.

Die moontlikheid dat institusionalisering plaasgevind het, word verskraal deurdat die nameting slegs ses weke na afloop van die PSVP gedoen is. Institusionalisering vind oor langer tydperke plaas. Volgens die resultate van die sirkeldiagramme, het die helfte van die proefpersone reeds vorige veroordelings, wat moontlik ook vorige gevangenisstraf impliseer. Die effek van institusionalisering moet dus nie uitgesluit word, by die verklaring van hierdie verkynsel nie.

Die voorafgaande kategorie (IV: >72 $\leq$ 79) impliseer dat persone in hierdie kategorie selfstandig kan funksioneer. Die aantal proefpersone in hierdie kategorie het konstant gebly, naamlik 25%. Hierdie resultaat kan ook as 'n verbetering geinterpreteer word wanneer dit gesien word in verhouding tot die res van die tabel : In die eerste kategorie (I) en die tweede kategorie (II) is daar 'n afname in die aantal proefpersone tydens die nameting. In die derde kategorie (III) is daar ook 'n afname, maar omdat die vierde (IV) kategorie konstant gebly het en die laaste kategorie (V) 'n toename

toon in die aantal proefpersone tydens die nameting, word die afleiding gemaak dat daar wel verbetering is in die vlak van funksionering van proefpersone in die eksperimentele groep.

Tabel 7.8 toon aan dat die PGP van twee proefpersone, naamlik proefpersone vier en sewe verswak het. Beide tellings van die twee proefpersone is egter nog onderskeidelik in dieselfde twee kategorieë. Hieruit kan afgelei word dat die vlak van funksionering van van die proefpersone in die eksperimentele groep, nie verswak het na blootstelling aan die intervensie nie. Volgens tabel 2.3.2 het die vlak van funksionering van drie van die proefpersone verbeter. Dit is proefpersone twee, drie en vyf. Dus het 25% van die persone se vlak van funksionering verbeter. Hieruit volg dat 75% van die proefpersone se vlak van funksionering konstant gebly het, hoewel daar 'n verbetering in 75% van die proefpersone se PGP is.

Die gedrag van die kliëntesisteem het dus wel verander in die gewenste rigting, maar dit is nog nie binne die aanvaarbare norme van selfstandige maatskaplike funksionering nie.

**7. HSMF: VERSPREIDING VAN RESPONSE: KONTROLE GROEP:**

In tabel 7.14 verskyn verspreiding van response volgens die PGP wat individuele proefpersone in die kontrole groep behaal het tydens die voor- en die nametings.

**Tabel 7.14. HSMF: Verspreiding van response: Kontrole groep. Voor- en nametings.**

| KATEGORIE NOMMER | PUNTETELLING VERSPREIDING | VOORMETING | NAMETING | VERSKIL : AANTAL PROEFPERSONE |
|---|---|---|---|---|

| | | AANTAL PROEF-PER-SONE | PER-SEN-TASIE | AANTAL PROEF-PER-SONE | PER-SEN-TASIE | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| I | 0 en ≤36 | 1 | 8 | 0 | 0 | -1 |
| II | > 36 ≤ 60 | 5 | 42 | 8 | 75 | +3 |
| III | >60 ≤ 72 | 3 | 25 | 3 | 25 | 0 |
| IV | >72 ≤79 | 1 | 8 | 0 | 0 | -1 |
| V | >79 tot 100 | 2 | 16 | 1 | 8 | -1 |
| **TOTALE :** | **0 tot 100** | **12** | **100** | **12** | **100** | **0** |

In die eerste kategorie is daar 'n verbetering deurdat daar geen proefpersone tydens die nameting in hierdie kategorie resorteer nie. Geen proefpersone het dus intensiewe hulp of ondersteuning nodig tydens die nameting nie. Volgens tabel 2.3.3 is dit proefpersoon nommer twee wat se vlak van funksionering verbeter het van kategorie nommer I tot kategorie nommer II. Hierdie proefpersone kan dus buite inrigtingsverband funksioneer met die hulp van opgeleide terapeute en heelwat ondersteuning van familie en vriende.

Kategorie II toon 'n toename in aantal proefpersone tydens die nameting. Hiervolgens kon 42% van die proefpersone voor die tyd buite inrigtingsverband, maar met die hulp van vaardige terapeute en heelwat ondersteuning van familie en vriende, funksioneer. Tydens die nameting, van 75% van die proefpersone in hierdie kategorie. Tabel 2.3.3 toon aan dat die proefpersone nommer twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, tien en twaalf is. Proefpersone nommer drie, vier, ses, sewe, tien en twaalf se maatskaplike funksionering het dus verswak volgens die PGP. Slegs drie proefpersone se vlak van funksionering het verswak in hierdie kategorie, naamlik proefpersoon nommer sewe, tien en twaalf.

Die aantal proefpersone in kategorie III het konstant gebly. Tabel 2.3.3 toon dat proefpersone nommer een, agt en twaalf in hierdie kategorie resorteer en dat al drie proefpersone se PGP sowel as hul vlak van funksionering verswak het.

In kategorie IV het proefpersoon nommer agt se PGP sowel as vlak van funksionering verswak. Slegs 8% van die proefpersone in die kontrole groep kan tydens die nameting selfstandig funksioneer, maar het nog nie optimale lewensatisfaksie bereik nie.

Kategorie V toon dat daar twee proefpersone tydens die voormeting optimale lewensatisfaksie bereik het. Tydens die nameting was daar slegs een proefpersoon in hierdie kategorie. Tabel 7.13 toon dat proefpersoon nommer nege se PGP sowel as vlak van funksionering konstant gebly het.

Hieruit blyk dit dat proefpersone nommer een, sewe, agt, tien en twaalf se vlak van funksionering verswak het. 45% van die proefpersone in die kontrole groep se vlak van funksionering het dus verswak. Proefpersone nommer twee en elf, dus 16%, se vlak van funksionering het verbeter. Proefpersone nommer drie, vier, vyf, ses en nege se vlak van funksionering het konstant gebly. 45% van die proefpersone se vlak van funksionering het onveranderd gebly.

## 8. RESULTATE VAN HIERDIE STUDIE VOLGENS WAARDES VIR SENTRALE NEIGINGS:

In hierdie studie is die gemiddelde en mediaan van die twee stelle data benut om die sentrale neigings te illustreer. Lyngrafieke om die resultate duideliker te beskryf, word ook ingesluit in hierdie afdeling.

### 8.1 DIE MEDIAAN: HSMF: EKSPERIMENTELE- EN KONTROLE GROEPE:

Die berekening is met behulp van 'n rekenaar gedoen om die mediaan te bepaal. Die resultate verskyn in tabel 7.15. Dit is die PGP


tellings van proefpersone in die eksperimentele en kontrole-groepe tydens voor- en nameting wat benut is.

**Tabel 7.15: HSMF: Mediaan van beide steekproewe:**

| Steekproef | Voormeting | Nameting | Verskil |
|---|---|---|---|
| Eksperimentele groep | 70 | 76.5 | +6.5 |
| Kontrole groep | 60 | 56 | -4 |
| Totaal | 130 | 132.5 | 2.5 |

Tabel 7.15 toon die mediaan volgens rekenaarverwerkings wat behaal is deur beide steekproewe. 'n Grafiese voorstelling, Figuur 8, volg om hierdie neigings duidelik uit te lig.

**Figuur 8: HSMF: Mediaan van beide steekproewe.**




'n Duidelike opwaartse beweging kom voor by die eksperimentele

groep, teenoor 'n duidelike afwaartse beweging by die kontrole groep.

**8.2 HSMF: GEMIDDELDES VAN BEIDE STEEKPROEWE:**


Die gemiddelde van beide steekproewe is met behulp van 'n rekenaar verwerk. Dit is die PGP tellings van alle proefpersone wat hier benut is. Die gemiddeldes, soos bereken, van die twee steekproewe, verskyn in tabel 7.16.

**Tabel 7.16: HSMF: Gemiddeldes van beide steekproewe.**

| **Steekproef** | **Voormeting** | **Nameting** | **Verskil** |
|---|---|---|---|
| Eksperimentele groep | 71.083 | 77.833 | +6.75 |
| Kontrole groep | 62.75 | 58.583 | -4.167 |
| **Totaal** | **133.833** | **136.416** | **2.583** |

Bogenoemde resultate in tabel 7.16, word in grafiek vorm voorgestel, naamlik figuur 9, wat volg.

**Figuur 9: HSMF: Gemiddeldes van beide steekproewe.**




Ook volgens die gemiddeldes toon die eksperimentele groep 'n duidelike opwaartse neiging op die HSMF teenoor 'n duidelike afwaartse neiging vir die kontrole groep.

## 8.3 DIE MEDIAAN: HUDSON-SKAAL: EKSPERIMENTELE- EN KONTROLE GROEPE:


Tabel 7.17 toon die mediaan-tellings wat behaal is deur proefpersone in die eksperimentele- en kontrole groep tydens voormeting op die Hudson-skaal. Mediaan-tellings is met behulp van die rekenaar verwerk.

**Tabel 7.17: Hudson-skaal: Mediaan van beide steekproewe:**

| Steekproef | Voormeting | Nameting | Verskil |
|---|---|---|---|
| Eksperimentele groep | 50 | 37 | -13 |
| Kontrole groep | 53 | 53 | 0 |
| Totaal | 103 | 90 | -13 |

Volgens tabel 7.17 is daar 'n dalende neiging op die Hudson-skaal by die eksperimentele groep vanaf die voormeting tot die nameting. Die mediaan van die kontrole groep het konstant gebly. Die waardes word weergegee in grafiekvorm as Figuur 10.

**Figuur 10: Hudson-skaal: Mediaan van beide steekproewe:**




Die grafiek in figuur 10 toon 'n skerp afwaartse neiging vir die eksperimentele groep teenoor 'n konstante lyn vir die kontrole groep.

## 8.4 GEMIDDELDES: HUDSON-SKAAL: EKSPERIMENTELE- EN KONROLE GROEPE.


Tabel 7.18 toon die gemiddeldes van die eksperimentele- en kontrole groep op die Hudson-skaal. Gemiddelde tellings is met behulp van 'n rekenaar bepaal.

**Tabel 7.18 Hudson-skaal: Gemiddeldes van beide steekproewe.**

| Steekproef | Voormeting | Nameting | Verskil |
|---|---|---|---|
| Eksperimentele groep | 50.167 | 41.333 | 8.834 |
| Kontrole groep | 53.833 | 55.333 | -1.5 |
| **Totaal** | **-3.66** | **-14** | |

Figuur 11 is die grafiese voorstelling wat volg van die resultate in tabel 7.18.

**Figuur 11: Hudson-skaal: Gemiddeldes van beide steekproewe:**




Volgens die grafiek in figuur 11, is daar 'n skerp daling in die eksperimentele groep, teenoor 'n effense styging by die kontrole groep.

Ook die metings van sentrale neigings bevestig dat die onafhanklike veranderlike, naamlik die PSVP wel 'n effek in die gewenste rigting gehad het op proefpersone in die eksperimentele groep.

## 9. OPSOMMEND:

Die resultate van die empiriese studie, het in hierdie hoofstuk verskyn in. Grafieke en sirkeldiagramme is hoofsaaklik benut om resultate te verhelder en duidelik uiteen te sit.

Resultate is gevolg deur die navorser se interpretering/ verklaring en of waarneming daarvan.

All resultate, in tabelvorm, grafiekvorm, statistiese toetsings, vergelykende resultate asook metings volgens sentrale neigings, bevestig dat die onafhanklike veranderlike, die persoonlike en sosiale vaardigheidsprogram, die gewenste effek gehad het. Die eksperimentele groep toon veranderinge in die gewenste rigting op beide metingskale.

Die laaste hoofstuk, wat volg, bevat die navorser se gevolgtrekkinge en aanbevelinge ten opsigte van hierdie studie se resultate.

# HOOFSTUK VII

## GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

### 1. INLEIDING:

Die navorsingsproses en resultate wat behaal is, is in die vorige hoofstuk bespreek. Die gevolgtrekkings word gemaak op grond van genoemde resultate. Aanbevelings met betrekking tot die PSVP en die toepassing daarvan, verskyn ook in hierdie hoofstuk.

### 2. GEVOLGTREKKINGS:

#### 1.1 Doelstelling :

Die doelstelling van hierdie studie, was om die effektiwiteit van die Persoonlike- en sosiale vaardigheidsprogram te evalueer.

Volgens die resultate wat behaal is, word die PSVP wél effektief deur maatskaplike werkers in 'n gevangenis toegepas. Die HSMF toon aan dat daar 'n verbetering is in die maatskaplike funksionering van proefpersone in die eksperimentele groep. Volgens tabel 7.6 is daar 'n afname in die totale punte behaal van die proefpersone in die kontrole groep. Die kontrole groep behaal 50 punte minder tydens die nameting teenoor die eksperimentele groep, wat 81 punte meer behaal het. (Tabel 7.5)

Die Hudson-skaal vir gesinsverhoudinge toon groter verskille as die HSMF. Tabel 7.8 toon dat die eksperimentele groep -106 punte tydens die na-metingsfase behaal, teenoor die kontrole groep in tabel 7.10 wat 18 punte meer behaal het. Proefpersone in die kontrole groep het dus'n meer negatiewe belewnis van hul gesinsverhoudinge sonder intervensie.

Hieruit word afgelei dat proefpersone in die eksperimentele groep se bevrediging met betrekking tot hul gesinsverhoudinge merkwaardig verbeter het. Hul ervaar meer bevrediging uit hul gesinslewe, ten spyte daarvan dat die proefpersone in 'n gevangenis verkeer, met al die negatiewe elemente daaraan verbonde. Moontlik bestaan daar verwagtinge by hierdie proefpersone, na inskakeling by die PSVP, ten opsigte van 'n beter toekoms of verbeterde gesinslewe.

Volgens die HSMF kan gesinslewe verwys na huidige gesin of gesin van herkoms. In hierdie eksperiment, was 49% van alle proefpersone geskei, 23% in 'n saamwoonverhouding betrokke gewees voor gevangenesetting en slegs 9% nog nooit getroud nie. Geen defnitiewe gevolgtrekkinge kan gemaak word nie, maar in verdere navorsing sou die gevangenes se belewenissese van hul huidige gesin en gesin van herkoms, insiggewend wees.

Aangesien die PSVP ten doel het om die individu sekere vaardighede aan te leer, word tot die gevolgtrekking gekom dat veral op verhoudingsvlak in verhoudinge met betekenisvolle ander, die proefpersone in die eksperimentele groep sekere vaardighede aangeleer het wat hul in staat stel om beter verhoudinge met hul gesinslede te handhaaf. Die feit dat die belangrike ander van gevangenes nie by hierdie studie betrek is nie, versterk die afleiding.

Selfontwikkeling is ook 'n doelstelling van die PSVP. Die gevangenisopset en gevangenisgemeenskap het 'n eie kultuur. Hulpeloosheid en hopeloosheid vorm deel hiervan, wat die

gevangene meer vatbaar maak vir negatiewe gevangenisbeïnvloeding. Deur middel van blootstelling aan die PSVP, soos blyk uit die resultate, is 'n ander wêreld daar buite geskep wat die gevangene weer hoop gee. Kruger (1979:28) stateer dat "......the world we live in is Mitwelt, a world which we share with others." Dasein daarteenoor verwys na "......openstandingness towards the world......" (Kruger, 1979:26). Die fenemonoloog sien die wêreld as 'n sisteem, 'n kosmiese totaliteit van betekenisse.

Frankl (Meyer et al, 1988:446) sluit aan hierby. Volgens Frankl het 'n mens altyd 'n vryheid om te kies: "........everything can be taken from man but one thing: The last of human freedoms - to choose one's attitude in any given set of circumstances, to choose one's own way." (Meyer et al, 1988:447). Dit wil dus voorkom asof hierdie groep gevangenes ook op 'n derde bestaansvlak, naamlik die geestelike dimensie, wilsvryheid en verantwoordelikheid aanvaar het.

Die grafiese voorstellinge van die sentrale waarde, grafiek, toon 'n duidelike tendens van styging op die HSMF en daling opdie Hudson-skaal vir gesinsverhoudinge van proefpersone in die eksperimentele groep. Grafiese voorstellings van die gemiddelde en mediaan, toon 'n duidelike afwaartse neiging van proefpersone in die kontrole groep.

Hierdie agteruitgaan van proefpersone in die kontrole groep kan moontlik toegeskryf word aan die gevangenisopset en unieke gevangenisgemeenskap wat voorkom. Die invloede hiervan het waarskynlik 'n meer destruktiewe invloed op proefpersone in die kontrole groep gehad, terwyl proefpersone in die eksperimentele groep se belewenis van hul gesinsverhoudinge verbeter het, in ag geneem dat beide groepe konstant oor dieselfde tydperk in dieselfde fisiese omgewing verkeer het. Die proefpersone in die eksperimentele groep teenoor die kontrole groep het waarskynlik sekere vaardighede

aangeleer om die gevangenisopset te hanteer en nie deel te word van die negatiewe kultuur nie.

Die proefpersone in die kontrole groep se blootstelling aan die eksperiment, deur die voltooing van die vraelyste tydens voor- en nameting, kon ook bygedra het tot hul belewenis van hul gesinsverhoudinge. Proefpersone in die kontrole groep, kon moontlik begin eksploreer het hieroor of ook introspektief hierdie aspek van hul lewens ondersoek het.

Die PSVP het dan die effek verder om gevangenes te help om die gevangenisopset te hanteer, teenoor proefpersone wat nie aan die intervensie blootgestel was nie. Die vraag of 'n gevangenis enigsins mense rehabiliteer, kom weer na vore. Indien proefpersone in die kontrole groep se maatskaplike funksionering en verhoudinge met hul gesinne binne 'n tydperk van drie maande agteruitgegaan het, blyk blote gevangenisstraf, sonder enige intervensie, sinneloos te wees. Die afleiding word gemaak dat gevangenisstraf inteendeel de-rehabiliteer.

Die instandhouding en verbetering van gesinsverhoudinge of verhoudinge met belangrike ander van gevangenes, is een van die grootste en belangrikste temas vir maatskaplike werk in Korrektiewe Dienste. Die resultaat van proefpersone in die kontrole groep ten opsigte van die Hudson-skaal, bevestig bogenoemde afleiding naamlik dat gevangenisstraf op sigself min rehabilitasiewaarde het.

Verdere navorsing in die verband is egter nodig om te bepaal wat presies die effek van die voor- en na-meting op die proefpersone in die kontrole groep was.

## 1.2 Hipoteses :

### 1.2.1 Hipotese 1:

Indien die gesinsverhoudingtelling van die eksperimentele groep op die Hudson-skaal verlaag en die tellings van die kontrole groep konstant bly of verhoog, dan is die PSVP effektief; en

**1.2.2 Hipotese 2:**

Indien die positiewe gemiddelde punt van die eksperimentele groep volgens die Heimler-skaal vir maatskaplike funksionering verhoog en die tellings van die kontrole groep konstant bly of verlaag, dan is die PSVP effektief.

Die resultate wat met die afsonderlike skale behaal is, bevestig dat die PSVP wél effektief toegepas word. Op beide skale is daar 'n verbetering in individuele prestasie behaal deur die lede in die eksperimentele groep teenoor lede in die kontrole groep. Dienooreenkomstig is die groepsprestasie van die eksperimentele groep beter as dié van die kontrole groep op beide skale.

Die twee metingskale wat benut is, toon verskillende resultate ten opsigte van die effektiwiteit van die PSVP. Die resultate wat tydens die nameting op die Hudson-skaal vir gesinsverhoudinge behaal is, toon 'n groter verskil as die resultate wat op die HSMF behaal is.

Hoewel daar 'n verskil in die maatskaplike funksionering, en dus lewensatisfaksie, van die proefpersone in die eksperimentele groep is, is daar weinig verskil in hul vlak van funksionering. Drie proefpersone, dus 25% van die eksperimentele groep se vlak van funksionering het dus verbeter. Hieruit word afgelei dat 25% van die proefpersone in die eksperimentele groep beduidend meer lewensatisfaksie en minder frustrasie ervaar.

Twee proefpersone in die kontrole groep, dus 16%, se vlak van funksionering het verbeter sonder blootstelling aan die PSVP. As in ag geneem word dat 45% van die proefpersone se vlak van funksionering in die kontrole groep verswak het teenoor 0% in die eksperimentele groep, wil dit voorkom asof die PSVP wél effektief is in dié sin dat agteruitgang nie by die proefpersone in die eksperimentele groep voorgekom het ten opsigte van vlak van maatskaplike funksionering nie. Hierdie afleiding word versterk deurdat 75% van die proefpersone in die eksperimentele groep konstant gebly het, teenoor 45% van die proefpersone in die kontrole groep.

Die Hudson-skaal vir gesinsverhoudinge dui aan dat daar 'n beduidende verbetering is in die gesinsverhoudinge van die lede in die eksperimentele groep teenoor dié in die kontrole groep tydens die nameting. Volgens die Hudson-skaal vir gesinsverhoudinge is daar in 75% van die proefpersone se tellings in die eksperimentele groep tydens die nameting 'n kliniese beduidende verskil in die gewenste rigting.

Die proefpersone in die kontrole groep se resultate verskil tot 'n groot mate van bogenoemde. Volgens tabel 7.10 is daar 'n totale styging van 18 punte van die kontrole groep. Die eksperimentele groep behaal 106 punte minder. Dit is 'n verskil van 88 punte. Die kontrole groep se tevredenheid met betrekking tot gesinsverhoudinge het dus verswak, terwyl daar 'n baie groot verbetering by die eksperimentele groep voorkom.

Die hipoteses in hierdie studie is dus bevestig. Blootstelling aan die onafhanklike veranderlike het die positiewe gemiddelde punt op die HSMF en die gesinsverhoudingtelling op die Hudson-skaal van proefpersone in die kontrole groep verhoog.

## 3. Aanbevelinge :

3.1 Slegs die HSMF en Hudson-skaal vir gesinsverhoudinge is in hierdie navorsing benut. Daar is verskeie ander skale as deel van die Hudson-pakket wat benut kan word om veranderinge te meet na implementering van die PSVP. Die skaal vir huweliksbevrediging, die skaal vir houdings van ouers, die skaal vir die houding van 'n kind teenoor die vader, die skale vir verhoudings met broer of suster behoort ook sinvol te wees om te meet of gevangenes ook hul vaardighede in dié verband verbeter het, wat tot beter verhoudinge en dus maatskaplike funksionering kan lei.

3.2 In hierdie navorsing is slegs die PGP en vlak van funksionering as tellings van die HSMF benut vir interpretasie en verwerking. In meer volledige navorsingstudies kan die ander tellings van die HSMF ook benut word. Veral die vyf hoof lewensareas se tellings sal nuttige inligting kan voorsien om te bepaal op watter lewensarea die PSVP die grootste verskil maak. Die doelstellinge van die PSVP behoort dan ook duideliker gedefiniëer te kan word.

Gevangenes beleef baie frustrasie in 'n gevangenisopset en sal frustrasievlakke ook bruikbare inligting verskaf om te bepaal of die PSVP daartoe bydrae dat gevangenes minder frustrasie ervaar.

3.3 Beide die HSMF en die Hudson-skaal vir gesinsverhoudinge kan vir programevaluering deur maatskaplike werkers benut word om insette en intervensies te evalueer. Daar word aanbeveel dat ten minste hierdie twee skale, as standaardprosedure vir enige maatskaplike werk program deur maatskaplike werkers in die Departement van Korrektiewe Dienste ingesluit word.

3.4 Die huidige afwesigheid van enige vorm van programevaluering en die gepaardgaande afwesigheid van enige beleidsformulering

ten opsigte van programevaluering, word as 'n groot tekortkoming beskou in die lewering van maatskaplike werk programme en -intervensies in die Departement Korrektiewe Dienste. Die belangrikheid van programevaluering in maatskaplike werk het dus nog nie pos gevat in die Departement van Korrektiewe Dienste nie, terwyl misdaad hoogty voer en klem geplaas word op dienslewering. Die indruk word verkry dat maatskaplike dienslewering in die Departement Korrektiewe Dienste 'n paar dekades verloor het in terme van programevaluering.

'n Aanbeveling sou dus wees dat die B-Order ten opsigte van maatskaplike dienslewering ook programevaluering insluit.

Daar word derhalwe aanbeveel dat die kontrolering deur Bestuur, eerder fokus op die evaluering van programme as op interne diensvlakstandaarde, wat bloot fokus op produksie.

Formele inspeksies fokus ook op vasgestelde diensvlak-standaarde en die uitvoering van beleidsaspekte. Daar is egter op die stadium geen kontrole, beheer of enige ander vorm van evaluering oor die standaarde van maatskaplike werk intervensie en of maatskaplike werk programme enigsins 'n verskil maak aan die kliënsisteem nie. 'n Verskuiwing van klem vanaf kwantitatiewe maatskaplike werk dienste na kwalitatiewe maatskaplike werk dienste word baie sterk aanbeveel. Op hierdie wyse kan uitvoer gegee word aan die doelstellings van programevaluering en van die maatskaplike werk professie in die geheel.

3.5 Die PSVP blyk meer as 'n sosiale vaardigheidsprogram te wees en wat presies bedoel word met die benaming van die PSVP kan steeds nie bepaal word nie. Dit wil voorkom asof daar ook elemente van persoonlikheidsgroei en ander lewensvaardighede voorkom soos effektiewe geldbestuur. Vanuit die literatuur en bestaande navorsing, is dit nie altyd maklik om te bepaal

wat met sosiale vaardigheidsopleiding of persoonlike opleiding bedoel word nie.

'n Aanbeveling sou dan wees dat die PSVP geherevalueer word op 'n teoretiese basis en dat die navorsers presies vasstel wat die doelstellings van hierdie, en ook ander programme in die Departement van Korrektiewe Dienste is. Die feit dat die vlak van funksionering van proefpersone in die eksperimentele groep nie merkwaardig verander het nie, maar dat die eksprimentele groep se tellings op die Hudson-skaal veel groter verskille toon, kan aanduidend wees dat die PSVP eerder fokus op verhoudingsvaardighede, as op die totale maatskaplike funksionering van die individu.

Hierdie bevindinge is tot 'n mate kontra-indikatief, aangesien die huidige PSVP ook as 'n lewensvaardigheids-program beskryf kan word, maar die grootste veranderinge by proefpersone is gevind in hul verhoudings met belangrike andere.

Die hipotese wat hier gestel word, is dat daar nie huidiglik 'n program is in die Departement Korrektiewe dienste wat die totale maatskaplike funksionering van die gevangene aanspreek nie.

Die ontwikkeling van so 'n program sou uit die aard van die saak multi-dissiplinêr wees. Daar word aanbeveel dat n multi-dissiplinpêre sambreelprogram ontwerp word waaronder die huidige PSVP sou inpas. Op die wyse sal daar ook uitvoering gegeee word aan die algemene doel van maatskaplike werk.

3.6 Die multi-dissiplinêre spanbenadering word aanbeveel in die implementering van die PSVP waar dissipline personeel asook ander professionele persone, deel word van die aanbieding van hierdie program. Aspekte soos effektiewe geldbestuur en

konstruktiewe vryetydsbesteking kan waarskynlik beter deur opvoedkundige personeel, wat minder terapeuties ingestel is, aangebied word. Indien sielkundiges deel word van die aanbieding van die program, kan sielkundige toetse ook benut word vir programevaluering. Dissipline personeel kan benut word om terugvoer aan die groep en terapeute te verskaf, met betrekking tot die gevangenes se sosiale vaardighede in die gevangenis self.

3.7 'n Total herbesinning van rehabilitasie van wetsoortreders en die huidige effektiwiteit van korrektiewe dienste om die gemeenskap te beskerm teen misdaad deur die rehabilitasie van oortreders word bevraagteken deur die navorser. Die konflik tussen die straf- en rehabilitasie benadering, bestaan reeds sedert die sestigerjae. Vanuit eie ervaring, kan hierdie konflik ook die DKD bevestig word. "n Eenvormige doelstelling behoort nagestreef te word.

Terwyl rehabilitasieprogramme vir wetsoortreders reeds vir ongeveer drie dekades bevraagteken word internasionaal, wend die Departement van Korrektiewe Dienste huidiglik geen poging aan om selfs net die effek van programme te bepaal nie.

3.8 Volgens voormeting op beide skale, is daar proefpersone wat se maatskaplike funksionering, sowel as belewenis van gesinsverhoudinge, bevredigend was, en intervensie nie nodig was nie. Die asseseringsproses en keuringsproses vir die insluiting van gevangenes in 'n maatskaplike werk program deur die maatskaplike werkers kan dus bevraagteken word.

Soos verduidelik in hoofstuk 2, is daar nie 'n werklik wetenskaplik, gefundeerde asseseringsproses of keuringsproses vir bogenoemde stap nie. Die motivering van gevangenes om in te skakel by maatskaplike werk program, soos bespreek in Hoofstuk 2, is nie altyd gebaseer op werklike

nood nie. 'n Multi-dissipinêre spanbenadering word ook nie gevolg nie. Al hierdie faktore kan bydra om te verklaar hoe gevangenes wat nie werklik intervensie nodig het nie, ingeskakel is by die PSVP.

3.9 Daar word aanbeveel dat 'n multi-dissiplinêre asseseringsinstrument ontwikkel word in die Departement van Korrektiewe Dienste om werklike behoeftes van gevangenes te bepaal. Ten opsigte van maatskaplike werk dienslewering word aanbeveel dat ten minste die HSMF intussen benut word as eerstevlak-asseseringsinstrument. Die Hudson-skaal vir gesinsverhoudinge asook die res van die Hudson-pakket kan ook as nuttige asseseringsinstrumente benut word.

3.10 In die lig van die positiewe resultate wat behaal is met 'n relatief klein groep blanke manlike gevangenes, kan hierdie program op 'n landswye basis by gevangenisse aangebied word vir blanke manlike gevangenes. Hierdie navorsing behoort uitgebrei te word om sodoende dieselfde diens aan vroulike gevangenes, sowel as gevangenes van ander rassegroepe te lewer. Die PSVP kan ook aan toesiggevalle aangebied word ten einde die effektiwiteit met hierdie teikengroep te bepaal.

3.11 In verdere navorsing kan gepoog word om die belangrike ander van gevangenes te betrek om ook hul ervaring van die impak van die diens wat gelewer word, te bepaal. Beide die skale wat benut is in hierdie navorsing is gebaseer op die deelnemer se eie ervaring en siening. Sommige tellings is dan ook besonder hoog.

3.12 Daar is twee proefpersone in die eksperimentele groep wat 'n punt van 100 behaal het op die Heimler-skaal tydens die nameting. Hierdie telling is onrealisties hoog, veral vir persone wat in 'n inrigting soos 'n gevangenis aangehou word.

Dit kan aanduidend wees van institusionalisering of aanvaarding van die gevangenis-subkultuur.

Die feit dat die Hudson-skaal vir gesinsverhoudinge ook 'n merkbare verbetering toon by lede van die eksperimentele groep, impliseer dat gesinsverhoudinge verbeter het terwyl die vader van die gesin fisies uit die gesin verwyder is. Wanneer hy weer in die gesin sy rol moet vervul as vader en eggenoot, verg dit weer 'n aanpassing vir al die lede van die gesin. Gesinsverhoudinge kan dan weer verswak.

3.13 Vanuit hierdie navorsingsresultate kan egter nie bepaal word watter vaardighede presies deur watter proefpersone aangeleer is nie. Die vaardighede aangeleer kan verwys na "mature coping" om aan te pas in 'n gevangenis, wat nie noodwendig aanvaarbare vaardighede in die vrye gemeenskap is nie. Die ontwikkeling van self-beoordelingskale wat deur die maatskplike werker in samewerking met die kliënt saamgestel word, word aanbeveel.

Hierdie self-beoordelingskale kan ook benut word om meer effektiewe keuringsprosedures daar te stel, wanneer die maatskaplike werker moet besluit watter gevangenes om in te skakel by die PSVP. Dit kan dus dien as 'n behoefte-asseserings instrument sowel as 'n evalueringsinstrument.

3.14 Aangesien hierdie navorsing nie kon bepaal watter vaardighede aangeleer is nie, is die resultate van individuele proefpersone in die eksperimentele groep, in alle waarskynlikheid, nie voldoende om voorspellinge te waag met betrekking tot toekomstige misdaadgedrag nie. Laasgenoemde is 'n belangrike taak in die regstelsel vir die professionele persoon, soos 'n maatskaplike werker.

Die ontwikkeling van 'n risiko-asseseringsinstrument nadat 'n gevangene die PSVP voltooi het, sou sinvol wees.

3.15 Ten einde te bepaal of die PSVP wél 'n invloed op misdadige gedrag het, is longitudinale studies nodig. Hierdie navorsing moet uitgevoer word op reeds vrygelate gevangenes wat by die PSVP betrek was. Gevangenes kan ook geïdentifiseer word wat tans by hierdie program betrek word vir verdere navorsing na hul vrylating.

3.16 Die ontwikkeling en implementering van spesfiek gedragsterapeutiese programme of modelle in die Departement van Korrektiewe Dienste word aanbeveel. Daar word tot die gevolgtrekking gekom, dat maatskaplike werkers in DKD, en moontlik ook aner professionele persone, nie op hoogte is met navorsingsbevindinge ten opsigte van wat werk en wat nie werk met betrekking tot die rehabilitasie van oortreders.
Daar wod egter hierby gevoeg, dat so 'n benadering gebaseer moet wees op wetenskaplike navorsing in Suid-Afika. Die aanbeveling is dus nie dat, soos literatuur aandui dat die kognitiewe benadering in westerse lande die mees effektiefste is, noodwendig die mees effektiefste in Suid-Afrikaanse gevangenisse gaan toepaslik wees nie.

3.17 Sosiale vaardighede, blyk volgens die literatuur 'n belangrike rol te speel by misdaadveroorsakende gedrag. Dit is die missie van die Departement van Korrektiewe Dienste om gevangenes te rehabiliteer. Die aanbieding van die PSVP behoort dus deur middel van beleidsvoorskrifte alle gevangenes dieselfde geleentheid tot rehabilitasie te bied.

# BRONNELYS


Babbie, E. 1995. The practice of social research. New York: Wadsworth Publishing Company.

Babbie, E. 2001. The practice of social research. New York: Wadsworth Publishing Company.

Bellack, A.S. & Hersen, M. 1979. Research and practice in social skills training. New York: Plenum Press.

Bergh, L. 1994. Persoonlike onderhoud. 29 Julie 1994, Pretoria.

Binsted, D. 1986. Development in interpersonal skills training. New York: Gower Publishing Company.

Bloom,M. & Fischer,J. 1988. Evaluating Practice: Guidelines for the accountable professional. New Jersey: Allyn & Bacon.

Bloom, M., Fischer,J. & G.Orme. 1999. Evaluating Practice: Guidelines for the accountable professional. New Jersey: Allyn & Bacon.

Bowker, L.H. 1980. Prison Victimization. New York: Elsevier.

Carney, L.P.1974. Introduction to Correctional Science. New York: Mc Graw Hill.

Carolyn,P. 1985. Social skills and problem solving: A study with adolescent offenders. New York: University microfilms International.

Chavaria, F.R. 1997. Probation and cognitive skills. Federal Probation, 61(June):57-60.

Cheetham, J. 1992. Evaluating social work effectiveness. Buckingham: Open Press.

Clemmer, C., Coetzee, W.S.J. & Pieterse, J.S. 1988. Programbenadering in die SA Gevangenisdiens. Nexus, 1988(Maart):7-11.

Cohen, L. & Holiday, M. 1982. Statistics for Social Scientists. London: Harper & Row Publishers.

Cox, W.M. 1987. Treatment and prevention of alcohol problems. A resource manual. New York: Academic Press Inc.

Cramer, D. 1998. Introduction for social research: Step by step calculations and computer techniques using the SSPS for Windows. New York: Routledge.

Cronje, J. 1988. Programbestuur -'n totale benadering. Welsynsfokus, 23(1):4-11.

Cunliffe, T. 1992. Arresting youth crime: a review of social skills training with young offenders. Adolescence, 27(108): 891-900.

De Vos, A.S. 1990. 'n Kursus in programevaluering deur Prof mark Lipsey. The social work practicioner, (2)Sept.:3-11.

Departement van Korrektiewe dienste, 1991. Die nuwe Departement van Korrektiewe Dienste. NEXUS, 1991(Maart): 7-9 Pretoria: Promedia.

Departement van Korrektiewe Dienste, 1997. Prosedurehandleiding vir Maatskaplike werkers. Pretoria.

Eitzen, D.S. 1975. The effects of behaviour modification on the attitude of delinquents. Behaviour research and therapy, 13: 295-299.

Exley, A.S. 1992. Life skills training in after-care facilities: a descriptive study. MA Thesis, Randse Afrikaanse Universiteit, Johannesburg.

Frankl, V. 1979. Sê ja vir die lewe. Kaapstad: Tafelberg uitgewers.

Gendreau, P., Andrews D.A., Zinger, I., & R.D. Hoye. 1990. Does correctional treatment work? A clinically relevant and psychologically informed meta-analysis, Criminology, 28(3):369-404.

Graves B, Openshaw D., Ascione K & Frank R. 1992. Adolescent sex offenders and social skills training. International journal of offender therapy and comparative criminology, 36(2):369-408

Grinnell, R.M., 1988. Social Work Research and Evaluation. Illinois: F.E. Peacock Publishers, Inc.

Grinnell, R.M., 1993. Social Work Research and Evaluation. Illinois: F.E. Peacock Publishers, Inc.

Healey, J.F. 1990. Statistics, a tool for social research. California: Wadsworth Publishing Company.

Henderson, M. & Hollis, C. 1983. A critical review of social skills training with young offenders. Criminal justice and behaviour, 10: 316-317.

Hepworth, D.H. & Larsen, J.A. 1993. Direct Social Work Practice. California: Brookscole Publishing Company.

Hollin, C.R. 2001. Offender assessment and treatment. New York: John Wiley & Sons.

Huysamen, G.K. 1992. Metodologie vir die sosiale gedragswetenskappe. Halfweghuis: Southern Boekuitgewers.

Johnson, R. & Toch, H. 1982. The pains of imprisonment. Beverly Hills: John Wiley and sons.

Johnston, N. et al, 1970. The sociology of punishment and corrections. New York: John Wiley and sons.

Langley, M.J. 1983. Assessment and treatment of interpersonal skill deficits. MA verhandeling, UNISA, Pretoria.

Leger, R.G. & Stratton J.R. 1977. The sociology of corrections. New York: John Wiley and sons.

Leiber M.J. & Mawhorr T.L. 1995. Evaluating the use of social skills training and employment with delinquent youth. Journal of criminal justice, 23(2):127-141

Lotter, M.J. & Schurink, W.J. 1984. Gevangenisbendes: 'n Ondersoek met spesiale verwysing na nommerbendes onder Kleurling-gevangenes. Pretoria: R.G.N. navorsing.

Marx, R.J. 1994. Persoonlike onderhoud. 14 Augustus 1994, Pretoria.

Marzillier, J.S., Lambert, C. & Newell,C. 1981. Social skills training with a sex offender. The psychological record, 31:277-283.

Mathieson, T. 1990. Prison on trial. London: SAGE Publications.

Moote, G.T., Smith, N.J. & Wodarski,J.S. 1999. Social skills training with youth in school settings: A review: Research in social work practice, 9(4):427-465.

Mouton, J. 1996. Understanding Social Research. Pretoria: J.L van Schaik Academic.

Mulder, J.C. 1998. Statistiese tegnieke in die opvoedkunde. Pretoria: HAUM

Naude, A. 1992. The social functioning of the alcoholic. MA(SW) Geestesgesondheid)-verhandeling, UNISA, Pretoria.

Neser, J.J. 1989. Penitensiêre penologie. Johannesburg: Lexicon uitgewers.

Novello, M.J.H. 1989. Programevaluering in Maatskaplike Werk. M.A.verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, Johannesburg,

Posavac, E.J. & Carey, R.G. 1980. Program evaluation: Methods and case studies. New York: Prentice Hall.

Reed, M.K. 1994. Social skills training to reduce depression in adolescents. Adolescence, 29(114):293-302

Reid, S.T. 1981. The correctional system - an introduction. New York: Rhinehart & Winston.

Reker, G.T. & Meissner, J. 1977. Life skills in a Canadian penitentiary: an experimental evaluation. Canadian Journal of criminology and corrections, 19(3):134-146.

Revere, V.L. 1982. Applied psychology for criminal justice professionals. U.S.A.: Library of congress cataloging in publication data.

Sacco, V. & L.W. Kennedy, L.W. 1994. The criminal event: an introduction to criminology. Canada: Nelson.

Sarantakos, S. 1998. Social research. London: Macmillan press ltd.

Segal Z.V. & W.L. Marshall, W.L. 1985. Heterosexual social skills in a population of rapists and child molesters. Journal of consulting and clinical psychology, 53(1):55-63.

Senna J,& Siegel Z.V. 1993. Introduction to criminology. U.S.A.: SAGE publications, LTD.

Shadish W. R., Cook, T.D. & Leviton, E.L.C. 1991. Foundations of program evaluation. U.S.A.: SAGE publications, LTD.

Silver, I. 1981. Criminology - an introduction. New York, Harper.

Suid-Afrika. 1959. Wet Op Gevangenisse, no.58. Pretoria: Staatsdrukker. Wet 8 van 1959, Staatsdrukkery

Sykes, G.M. 1994. Criminological theories. U.S.A.: Prentice Hall.

Taylor, G.R. 1994. Curriculum strategies for teaching social skills to the disabled: dealing with inappropriate behaviours. New York: Springfield III: C.C. Thomas.

Valliant P.M. & D.H. Antonowicz, D.H. 1992. Rapists, Incest offenders, and Child molesters in Treatment: Cognitive and Social Skills Training. International journal of offender Therapy and comparative criminology, 36(3):27-33.

Van Zyl, M.A. 1987. Hulpverlening aan kliënte van verskeie instansies deur vierde jaar maatskaplike werk studente. Welsynsfokus, Junie. 22(1):40-48

Van Zyl, M.A. 1988. Die benutting van meetinstrumente in die evaluering van maatskaplike program. Welsynsfokus, 23(1):37-41.

Van Zyl, M.A., 1989. 'n Tipologie van metodes en tegnieke in maatskaplikeprogram-evaluering. Die maatskaplike werk-navorser-praktisyn, 2(4): 17-21.

Van Zyl, M.A. 1993. Program evaluation and the Heimler scale of social functioning (HSSF). Die maatskaplike werker navorser-praktisyn, Desember 6(3): 23-29

Van Aswegen, V. 1993. Persoonlike onderhoud. 14 Julie 1994, Pretoria.

Weinbach, R.W. & Grinnell, R.M. 1995. Statistics for Social Workers. New York: White Plains.

Wilcocks, L. 1988. Evaluation of preventive programmes. Welsynsfokus, 23(1):9-11

Williams, F.P & Mc Shane, M.D. 1994. Criminological theory. Upper Saddle River: Prentice Hall.

Yegidis, B.W. & Weinbach, R.W. 1999. Research methods for social workers. Boston: Allyn and Bacon.

Youngman, M.B. 1979. Analysing social and education research. New York: McGraw HillBook Co.

# BYLAE A

## Fase 1 :

Die doel van fase 1 is om kennis oor die self in te win en die algemene oriëntering ten opsigte van persoonlike- en sosiale vaardighede. Fase 1 word as volg onderverdeel :

**Tabel 1.1**

| DOEL | PROGRAMAKTIWITEIT | INHOUD/FOKUSPUNT |
|---|---|---|
| Kennismaking en oriëntering ten opsigte van sielkundige, maatskaplike werker, opvoedkundige, godsdienstige program | 1. Bekendstelling<br>2. Bespreek totale behandelingsprogram<br>3. Verwagtinge ten opsigte van die program<br>4. Kontraksluiting | 1. Stel terapeut bekend/stel groeplede bekend<br>2. Doel van die program/praktiese reëlings, struktuur/bondige oriëntering deur elke terapeut<br>3. Spel verwagtinge uit<br>4. Bespreek en voltooi 'n kontrak |

**Sessie 2 van die PSVP :**

| DOEL | PROGRAMAKTIWITEIT | INHOUD/FOKUSPUNT |
|---|---|---|
| Assesering | 1. HSMF (Bylae B)<br>2. Hudson skaal vir gesinsverhoudinge (Bylae C)<br>3. Elke groeplid teken 'n prent waar hyself voorkom | 1. Voltooi die skaal<br>2. Voltooi die skaal<br>3. Bespreek die prent. Konsentreer op verdere belangstelling. Versterk wedersydse vertroue. |

**Sessie 3 en 4 van die PSVP :**

| DOEL | PROGRAMAKTIWITEIT | INHOUD/FOKUSPUNT |
|---|---|---|
| Voorligting | 1. Gemeenskapsweerbaarheid<br>2. Rekreasie/vryetydsbesteding | 1. Wat is weerbaarheid? Gee voorbeelde.<br>2. Hoe bestee ek my tyd? Beklemtoon die noodsaaklikheid van vryetydsbesteding. |

| DOEL | PROGRAMAKTIWITEIT | INHOUD/FOKUSPUNT |
|---|---|---|
| | 3. Persoonlike higiëne<br><br>4. Waardes en norme van die gemeenskap | Bylae O.<br>3. Voor- en nadele. Effek op die selfbeeld.<br>4. Wat is die waardes en norme? Wat sê die wet, standaarde, reëls en sanksies? |

Taak : Sryf die eienskappe van 'n volwasse persoon neer.

**Sessie 5 van die PSVP :**

| DOEL | PROGRAMAKTIWITEIT | INHOUD/FOKUSPUNT |
|---|---|---|
| Volwassenheid | 1. Analiseer die konsep volwassenheid<br><br>2. Evalueer elke persoon aan die fasette van volwassenheid | 1. Identifiseer 10 aspekte wat 'n volwasse persoon behoort te doen. Bylae P. Dinkskrum.<br>2. Elke persoon evalueer homself prestasiegewys op al 10 aspekte. Swak en sterk punte word uitgewys. |

**Sessie 6 van die PSVP :**

| DOEL | PROGRAMAKTIWITEIT | INHOUD/FOKUSPUNT |
|---|---|---|
| Selfbeeld | 1. Temperamentsbepaling<br><br>2. Bespreek die konsep selfbeeld | 1. Vul 'n vraelys in (a). Merk die punte. Dui aan op temperamentsertifikaat.<br>2. Bylae Q. Praktiese aktiwiteit. Oorsprong van die selfbeeld. Gevolge van beeld van myself. Wyses om my selfbeeld te verander. |

**Sessie 7 van die PSVP :**

| DOEL | PROGRAMAKTIWITEIT | INHOUD/FOKUSPUNT |
|---|---|---|
| Kontrole in verhoudings | 1. Bespreek die konsep van kontrole in ver- | 1. Sien Bylae R. Aard en voorkoms van |

| DOEL | PROGRAMAKTIWITEIT | INHOUD/FOKUSPUNT |
|---|---|---|
| | houdings<br>2. Rollespel om kontrole te illustreer | kontrole.<br>2. Bylae R. Oefen strategieë om kontrole te behou. |

Taak : Skryf neer hoe jy in die verlede 'n situasie hanteer het waar jy of die ander persoon aggressief reageer het.

**Sessie 8 van die PSVP :**

| DOEL | PROGRAMAKTIWITEIT | INHOUD/FOKUSPUNT |
|---|---|---|
| Selfgelding en die hantering van aggressie | 1. Bespreek die konsep van selfgelding<br>2. Bespreek aggressie | 1. Aard en voorkoms. Bylae S. Wanneer is gedrag suksesvol/selfgeldend/ ondoeltreffend.<br>2. Bylae T. Aard van aggressie. Bespreek taak. Rollespel van selfgeldende gedrag teenoor aggressiewe gedrag. Hersien kontrole in verhoudings. |

## Fase 2 :

Die doel van fase 2 is om ingewinde selfkennis uit te brei, te ontwikkel en om nuwe vaardighede aan te leer rondom kommunikasie en konflik. 'n Verdere doel is die ontwikkeling van probleem oplossende vermoëns.

**Tabel 1.2 : Fase 2 van die PSVP :**

| DOEL | PROGRAMAKTIWITEIT | INHOUD/FOKUSPUNT |
|---|---|---|
| Kommunikasie | 1. Bespreek die konsep<br><br>2. Kommunikasiepatrone | Bylae U. Praktiese aktiwiteits-program. Wat is kommunikasie? Faktore wat dit kan bevorder of verhinder.<br>Watter patrone be-staan in kommunika-sie? Bepaal kommunikasiestyle. Rollespel om kommunikasie style uit |

| DOEL | PROGRAMAKTIWITEIT | INHOUD/FOKUSPUNT |
|---|---|---|
| | | te beeld. |

## Fase 3 :

Die doel van fase 3 is om die persoon te oriënteer tot 'n gesonde lewenstyl en gesonde selfbestuur. Dit is ook die fase waar die persoon homself toets hoe hy sy persoonlikheids-en sosiale vaardighede ontwikkel het.

**Tabel 1.3 : Fase 3 van die PSVP :**

| DOEL | PROGRAMAKTIWITEIT | INHOUD/FOKUSPUNT |
|---|---|---|
| Gesonde selfbestuur | 1. Alternatiewe lewenstyle<br><br>2. Toekomsbeplanning | 1. Laat elkeen sy onmiddellike doelwitte neer-skryf. Bespreek van elk se vermoëns om suk-ses te behaal.<br>2. Bylae Z. Wie moet dit doen. Wat wil jy doen. Hoe wil jy dit doen. Hoekom wil jy dit doen. Wanneer wil jy dit doen. |

<u>TAAK</u> : Stel 'n tabel op van wat ek al in die lewe bereik het, waar is ek nou, wat wil ek doen en hoe oud wil ek word.

| DOEL | PROGRAMAKTIWITEIT | INHOUD/FOKUSPUNT |
|---|---|---|
| Gesonde selfbestuur | 1. Bespreek arbeidsaam-heid.<br><br>2. Persoonlike geldbe-stuur. | 1. Bylae AA. Algemene bespreking. Bespreek werksonderhoud en werksbrief.<br>2. Bylae BB. Motive-ring tot arbeid. Probleme van die verbruiker. Werke by aankope. Inflasie. Koop Suid-Afri-kaans. |

| DOEL | PROGRAMAKTIWITEIT | INHOUD/FOKUSPUNT |
|---|---|---|
| Persoonlikheidsevluering | 1. Bespreek resultate.<br><br>2. Selfbox. | 1. Bespreek elke lid se resultate. Bespreek hoe elke lid se persoonlike- en sosiale vaardighede in die program ontwikkel het.<br>2. Plak prente soos hul nou voel oor hulself. |

| DOEL | PROGRAMAKTIWITEIT | INHOUD/FOKUSPUNT |
|---|---|---|
| Afsluiting en nasorg | 1. Nasorg.<br><br>2. Afsluiting. | 1. Stel reëls vas ten opsigte van nasorg bv. groep kom een keer per maand byeen.<br>2. Afsluiting. Voltooi vraelys. Bylaag K. |

**BYLAE O**

**KONTRUKTIEWE VRYETYDSBESTEDING**

1) TYDINDELING:

- Werk (Arbeid) = 8 ure
- Slaap (Rus) = 8 ure
- Vryetyd (alle ander aspekte moet hier aandag kry, bv. vermaak, kerk, stokperdjies.)

) KWALITEIT VRYETYD:

- Ontspanning = dans, vakansie
- Kreatief = skeppende ekspressie bv. kuns, sang
- Liggaamlik aktief = sport
- Liggaamlik passief = fliek, musiek luister
- Kultiverend = kultuur, kerk, klubs

) OPVOEDING TOT SINVOLLE VRYETYDSBESTEDING

- Tyd is kosbaar. Waak teen "time killing" net om iets te doen om tyd om te kry.
- Bepaal jou belangstelling, vermoëns, vaardighede
- Bepaal koste aspek
- Bepaal die waarde wat dit vir jou inhou
  - ligaamlik, intellektueel
  - geestelik, emosioneel
  - sosiaal
  - ontspanning
  - genot, plesier

) EFFEKTE VAN DOELLOOSHEID

- Ledigheid (Lewe is doelloos, passief)
- Verveling (eksperimenteer met dwelms, seks)
- Eensaamheid (Soek aanvaarding by verkeerde maats)
- Groepdruk (Groep neem jou besluitneming oor)

5) VRYETYD WORD VERKEERD BESTEE

- Passief in plaas van aktief
- Tydverkwistend in plaas van nuttig
- Skadelik in plaas van heilsaam

6) EVALUERING VAN VRYETYD: 10-PUNT SKAAL

- Wat doen ek met my tyd?
- Hoe kosbaar is tyd vir my?
- Is my aktiwiteit vir my iets werd?
- Is dit intellektueel stimulerend - oefen geheue, slimmer, breër kennis?
- Verbeter my sosiale verhoudings?
- Groei ek psigies en emosioneel?
- Is ek liggaamlik op 'n beter vlak?
- Moedig dit spangees aan?
  Moedig dit kompetisie aan?
  Kan ek wen of verloor hanteer?

7) <u>PRAKTIESE EVALUERING</u>

- Gee prakties uitvoerbare voorstelle
- Evalueer op bogenoemde skaal

BYLAE P

VOLWASSENHEID

1. PRAKTIESE AKTIWITEITE OM AAN TE BIED:

- Hou 'n denkskrum en identifiseer 20 eienskappe/kenmerke wat volwassenheid bepaal.

- Kies 10 eienskappe/kenmerke wat volwassenheid bepaal en laat die groepslid homself hieraan beoordeel. Laat die groep dan elke lid beoordeel en vergelyk die gegewens. Bespreek verskille.
  Gebruik persentasies vir die evaluering.

2. RIGLYNE AAN DIE HAND WAARVAN EK MY EIE VOLWASSENHEID KAN TOETS EN EVALUEER:

2.1 Sinvolheid van bestaan

- Is jou lewe en bestaan vir jou sinvol en betekenisvol onder alle omstandighede
- Staan jy nog aan die vrakant van die lewe of aan die antwoordkant

2.2 Selfbeoordeling en selfbegrip:

- Is jy instaat om tot 'n persoonlike en kritiese stelling teenoor jouself te kom
- Die aanwesigheid van 'n realistiese selfbeeld en self-konsep

2.3 Menswaardigheid:

- Is jy bewus van jou eie en ander se waardigheid as mens
- Respekteer jy jouself en ander se sienings en gevoelens
- Geen mens is minder werd as die ander nie

2.4 Selfstandige besluitneming en handeling:

- Kan jy selfstandige en sinvolle besluite neem
- Bly jy trou tot die uiterste konsekwensies van jou keuses en beslissinge

2.5 Verantwoordelikheid:

- Sien jy verantwoordelikheid as grondbeginsel van jou bestaan
- Spreek jou optredes en gedrag van 'n verantwoordelikheid-sin
